

Feeste van die Verbond

Gerrie C Coetzee

Dit is belangrik dat u die eerste boek

- God van die Verbond -

sal lees om die geldigheid van die feeste te verstaan.

Also available in English as:

God of the Covenant

Feasts of the Covenant

As u sekere dele van hierdie boek as leringe wil gebruik of vir mense gee, is u welkom om onveranderde kopieë te maak van daardie dele met die verstaan dat geen deel hiervan verkoop mag word nie.

Dit is beskikbaar vir gebruik in die
Koninkryk van God.

Wees asseblief so gaaf en laat weet ons daarvan.

Die E-Pos adres en Kopiereg kennisgewing moet dit vergesel.

gerrie@padwlewe.ch
padwlewe@yahoo.com

© Kopiereg deur Gerrie C Coetzee

Die 2de druk

Inhoudsopgawe - Feeste van die Verbond

	Onderwerp	Bladsy
1	Belangrike Tye van die Bybel	123
2	Die Wet van Gehoorsaamheid	135
3	Wettiesheid – ‘n Belangrike stuk	143
4	Shabbat	149
5	Pesag of Paasfees	167
6	Pesag van ons Meester	171
7	Fees van Ongesuurde Brood	175
8	Waai van die Eerste Gerf	177
9	Die Liefdesfees	179
10	Shavu’ot - “Die Fees van Weke”	185
11	Yom Teruah - Rosh Hashanah - Blaas van die Shofar	191
12	Kersfees	195
13	Dae van Ontslag / eerbied (Yamim Noraim)	203
14	Yom Kippur - Dag van Toedekking	204
15	Sukkot – “Fees van Tabernakels”	221
16	Erkenning	232
17	Die Haggadah - volgorde van die Pesagmaal	233
18	Die Skrywer	242

Inleiding

In die begin het die enigste Lewende God die hemele, die aarde en alles wat daarop is geskep, insluitend die mens, waarmee Hy 'n verbond gesluit het. Sy verbond, wat altyd dieselfde bly, het Hy eers deur 'n bloudrukplan met fisiese middele en gebruike aan die mens kom duidelik maak en toe die plan kom uitvoer deur Yeshua. Daardie bloudrukplan is steeds die manier hoe ek en jy as kinders van God, Yeshua se voltooide werk kan verstaan. Die verlossing en volheid daarvan word so verdraai en aangepas deur elkeen se begeertes en opinies, dat niemand meer die volheid en waarheid daarvan verstaan nie. Deur weer die bloudrukplan – naamlik God se betrokkenheid met Sy skepping – die vasgestelde feeste en tye soos deur Hom bepaal, te bestudeer, verstaan ons nie net die diepte van die verlossingswerk nie, maar verryk dit ons hele verhouding met die God van die Verbond, deur gehoorsaamheid.

Ons gaan die Woord (Boodskap) van God bestudeer en by Hom leer. As 'n vers nie inpas of saamstem met ons teologie of lering nie – wat moet verander? Die Woord en sy betekenis is al so baie verdraai, omdat ons dit op een of ander manier by die teologie moet laat inpas. NEE. Die Woord is waar en ons teologie, gebruike en lewe moet daarby aanpas. Daar is beslis dinge wat jy gaan lees wat jou gaan laat regop sit. Toets die Woord! Die vraag is: "Is God tevrede met wat Hy sien?" Aanbid en dien ons Hom volgens Sy wil of soos ons wil? Is wat jy glo en leef volgens die Skrif of volgens 'n Kerk?

Moenie dat die Name wat ons gebruik vir jou vreemd wees nie. Die beste voorbeeld is die Naam van Yeshua (of Y'shua) - hier gebruik ek glad nie die Griekse transliterasie nie, aangesien dit betekenisloos is en aanleiding gegee het tot die betekenislose Latynse transliterasie wat die bron van die Engelse en ander verkeerdelike en eweneens betekenislose transliterasies is. Hierdie transliterasies (soos Jesus) sal ons nooit slegpraat of verwerp nie aangesien die persone wat dit gebruik 'n verwysing in hulle gees het na die regte persoon, nl. Yeshua, van Natzeret, die Seun van God. Dit is jou besluit wat jy gebruik sonder om ander te oordeel wat anders besluit. Noudat ons weet, hoekom gebruik ons nie Sy regte Naam nie!

יהוה (YHWH) - YAHUAH - EK IS - Die enigste lewende Skepper-God se persoonlike Naam en korrekte uitspraak. Jy kan dit lees soos wat vir jou gemaklik is. Sy Naam is egter nie "Here" of "God" nie.

Mag die Shekinag Teenwoordigheid van יהוה by jou wees en mag ons Hom sonder skaamte, vrymoediglik dien en eer.

1. Belangrike Tye van die Bybel

Die tye en uitleg van die Bybelse feeste is gebaseer op die Bybel en Bybelse opdragte oor hoe om die tye van God in te deel en te bepaal.

Alle skrifaanhalings is geneem uit “**Die Pad van Waarheid tot die Lewe**” (PWL) vertaling vanuit Aramees in Afrikaans, behalwe as anders gemeld.

Wat is God se opdragte – wanneer moet ons fees hou en waaroor?

Wanneer is “Die dag van die Here” soos die vertalings dit noem?

Is dit wetties om gehoorsaam te wees aan God se opdragte of is dit wetties om my eie tye en feeste vas te stel?

Hierdie is die inleiding, agtergrond en geskiedenis van die veranderinge wat deur mense aan God se tye gemaak is.

Hierdie bevindinge het bewys om selfs belangriker te wees as wat ek ooit kon droom toe ek die tye, feeste en tydsaanwysings van die Bybel begin ondersoek het. Die feeste wat hiermee saamgaan word in groter detail in die volgende hoofstukke hanteer.

Drie belangrike vrae ontstaan:

- 1. Maak dit regtig saak – die presiese tye volgens die Bybelse berekeninge?**
- 2. Dit mag wetties lyk – hoe verantwoord ons dit?**
- 3. Was dit ‘n fout of ‘n baie versigtig uitgewerkte plot om die tye te verander en ‘n tradisie te skep wat nie maklik verbreek kan word nie?**

Met die bogenoemde in gedagte, het die volgende profesie oor wat die vyand sal doen, gelei tot ernstige vrae: - Asseblief lees, bedink en bid oor **Dani'el 7:25**:

“Hy sal kragtige woorde praat teen die Allerhoogste en probeer om die afgesonderdes van die Allerhoogste te vervolg (moeg te maak). **Hy (die vyand) sal van voornemens wees (probeer) om die vasgestelde tye (seisoene) (God se Afgesonderde dae) en wette te verander...**” (Vrye vertaling uit die Hebreeus met hakkies en vet gedruk myne) – Let asseblief daarop dit is **God se vasgestelde tye** – nie mense s’n nie.

Volgens die profesie is dit dus die vyand (Satan) wat God se tye sal probeer verander – as ons nou bepaal wat God se bepaalde tye is en kyk of dit verander het al dan nie, dan kan ons mos bepaal of die vyand God se tye verander het, dan is die enigste volgende vraag vir u en my: "Wie se tye gaan ons volg?" Kan ons ‘n tyd of fees wat deur die vyand vasgestel is, gerus nakom, sonder probleme, of erken ons so sy outoriteit? Dit maak mos nie saak wanneer ons dit vier nie – of maak dit?

Hoeveel Satan-beplande feeste vier u? Moenie geskok wees nie – kyk eers mooi! Ekself moes my sondes erken en bely.

Ek sal probeer om die bogenoemde 3 vrae kortliks te beantwoord en die boek sal dien as bewys en rede. **Asseblief**, hierdie moenie ligtelik opgeneem word nie – bedink elke punt met ‘n oop en leerbare hart en gees - gereed om deur die Gees van God aangeraak te word en toets dit **volgens die Woord alleen** - kan u die vers nie by u teologie inpas nie – verander u teologie!

1. **Ja, dit maak regtig saak!** Meeste van die profesieë oor God se plan van verlossing het hul vervulling op spesifieke tye in die eerste verbond, wat vorentoe gewys het na die vervulling in Die Gesalfde Een en Sy lewe. Wat God doen is ingewees in die tye en profesieë wat Hy gegee het. Dit dien ook as bewys van die geldigheid en waarheid van die profesieë. God was altyd baie spesifiek in Sy opdragte en tye.
2. Miskien is daar ‘n baie **fyn lyn tussen wetties wees en gewone, eenvoudige gehoorsaamheid**. As daar ‘n opdrag is en ek is gehoorsaam daaraan kan dit nie wettiesheid wees nie, maar gehoorsaamheid. As jy sê die opdrag het verander – reg – wys my die bewyse en deur wie dit verander is. Niemand, anders as slegs die Een wat die opdrag gegee het, is waardig om dit te verander nie. Hierdie stuk is nie daarop gerig om Sy kind te belas met wette nie, maar om hom tot gehoorsaamheid te roep, selfs al druis dit teen praktyke en tradisie in. Lees die hoofstuk oor wettiesheid baie versigtig deur, dit is baie belangrik.
3. Dit is die vyand van die waarheid se doel om die volgelingen van Die Gesalfde Een te lei tot ongehoorsaamheid. Daar bestaan nie so iets soos toeval nie – ek sal wys dat ons almal eintlik afgode en heidense gelowe en gebruike dien of gedien het deur **hierdie tradisies wat deur die mens gemaak is**, onder die vyand se invloed. Van die oomblik dat die sogenaamde kerk teen die volk van God, Yisra’el, gedraai het en alles in die kerk se vermoë gedoen is om alles en enige iets wat met Joodse maniere en praktyke te doen het, sonder om te besef dit is God se praktyke, te verander, het die leuen ingekruip onder die voorwendsel van ‘n nuwe Verbond en nuwe wette. Lees asseblief die bogenoemde vers in Daniël weer versigtig deur. As dit geprofeteer is dat dit gedoen sal word – dink jy nie dat dit gedoen is nie? Kyk na waar in die Geskiedenis en jy het die punt bewys. "God van die Verbond" verduidelik dit vir ons in detail.

Miskien is dit een van die dinge wat die ware gelowiges en die misleide, valse kerk van mekaar sal skei.

Laat ons een van die belangrikste datums en tye van die kerk as voorbeeld gebruik waardeur u self kan besluit. Al die ander kerk-, groeps- en of landsfeeste kan dan met dieselfde maatstaf gemeet word.

Onthou, ons vier nie Joodse feeste nie, maar GOD SE FEESTE.

Yeshua se kruisiging, dood en opstanding.

Yeshua het self voorspel wanneer Hy sou sterf en opstaan. Ons sal op bl. 5 op die punt ingaan van die presiese tyd en ouderdom en jaar waarin Hy gesterf het, volgens die profesieë wat Hy presies vervul het. Ons doen dit ook in die hoofstuk oor Pesag. Ons kyk net eers na die opstanding.

"Want **net soos** Yonah drie dae en drie nagte in die maag van die groot vis was,^{Yon 1:17} net só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die middel van die aarde wees." - **Mat 12:40.**

Let op! Die duidelike en definitiewe **3 dae en 3 nagte** asook die '**net só**'!!!

Vraag:

Het Yeshua die 'teken van Yonah' gehou soos wat Hy in **Mat 12:40** gesê het Hy gaan – as 'n **bewys** dat Hy die Seun van die mens - Seun van God is? As Hy nie die teken vervul het, soos Hy gesê het nie, is daar 'n vraag of Hy werklik Die Gesalfde Een is???

Omdat die Goeie Vrydag - Paas Sondag tradisie alleenlik 'n maksimum van twee nagte en een dag in die graf toelaat, **ontken dit dat Yeshua die "teken van Yonah" gehou het** en veroorsaak dit dus twyfel oor Sy betroubaarheid. Het Hy hierdie 'teken' gehou of is Hy 'n bedrieër soos wat die opponente van die Bybelse gelowiges sê. Ek het nou al dikwels die verskoning gehoor dat Grieks en Hebreeus inklussiewe tale is en dat 'n gedeelte van die dag as heel dag tel. Dit is 'n misleidende stelling en is slegs waar in algemene gesprek. Hier is egter 'n spesifieke verwysing na die tyd en 'n uitspel van dag en nag. Selfs al sou die bg. waar wees - wat dit nie is nie – dan moet daar 'n deel van 3 nagte en 'n deel van drie dae wees! Pas nogsteeds nie!!

Onthou ons noem die bogenoemde vir u as bewys dat daar 'n verandering aan die vasgestelde tye en opdragte van God gemaak is. Dit is onmiskenbaar vir die eerlike persoon. As u verder eerlik wil wees....ek lees nie in die Boodskap van God dat ons die kruisiging en opstanding moet vier nie, maar ek sien wel in die opdragte om die feeeste, soos deur God vasgestel, te hou tot in alle geslagte (**Lev 23**), asook Yeshua se opdrag om die vervolmaakmaking van elkeen deur Sy dood (liggaam en bloed) **Luk 22:19,20** en opstanding (aanvaarding van die eerste vrug [uit die dood]) te onthou. Yeshua het nie gesê onthou My kruisiging nie, maar:

“¹⁹ Hy neem die brood en nadat Hy die dankgebed daarvoor gebid het, breek Hy dit, gee dit aan hulle en sê: “Dit is My liggaam, wat vir julle gegee word; **doen dit tot My gedagtenis.**”²⁰ Net so neem Hy ook die beker ná die ete en sê: “**Hierdie beker** is die nuwe verbond^{Yer 31:30-34} in My bloed^{1Eks 24:3-8} wat oor julle uitgegooi word,” Dit is tog duidelik – die matzah en vrug van die druif is waardeur ons dit wat die volmaakte vervulling van die tekens van die Pesagmaal is, moet herdenk – Yeshua se liggaam en Sy bloed; die Nuwe Verbond wat belowe word in **Yer 31:30-34.**

Een van die bepalende tye betrokke by Sy kruisiging is die datum van die Pesag, die dag waarop Hy gekruisig is. Die vraag kan slegs korrek beantwoord word as ons die tyd wanneer dit gebeur het weet. Dit verduidelik die tydspek ook en wys hoe maklik dit werklik is om die waarheid te verstaan. Ons moet die Woord baie versigtig bestudeer – die antwoorde is alles daar.

Mat 28:1 – "na die Shabbatte" - let op "Shabbatte" is in die meervoud. Dit word bevestig in **Markus 16:1**, waar gesê word dat die vroue hul speserye na die Shabbat gekoop het en deur **Lukas 23:54,56** wat sê dat hulle die Shabbat gehou het nadat hulle die speserye voorberei het. Duidelik het twee Shabbatte verbygegaan terwyl Yeshua in die graf was. Een voor hulle die speserye gekoop het en een nadat hulle die speserye voorberei het.

'n Verduideliking is hier nodig:

Al die Bybelse Feeste (7) is deur God as opdrag gegee om gehou te word as Afgesonderde Shabbatte (**Lev 23**). - Pesag was die voorbereidingsdag vir die Week van ongesuurde Brode. Die eerste dag van die 'Fees van Ongesuurde Brode' was en is steeds 'n jaarlikse spesiale Shabbat. Tweedens is dit belangrik om op te let dat die dag begin en eindig met sonsondergang – volgens Genesis en Bybelse gebruik. Yeshua is van die kruis afgehaal: "en die Shabbat was op die punt om te begin"!!!

Volgens die Woord is daar geen twyfel dat Yeshua alreeds teen die oggend van die eerste dag van die week (Sondag) opgestaan het uit die graf nie. **Luk 22:1-13**, wys wanneer Yeshua die Nuwe Verbond ingelyf het: die aand, na sonsondergang, aan die begin van die Pesag dag – die dag van voorbereiding. **Yog 18:39** bevestig dat Yeshua gekruisig is op die Pesag dag. **Yog 19:31** sê hoe die bene van die kriminele gebreek is om hul dood te verhaas sodat hulle nie steeds aan die kruise sou hang tydens die spesiale Shabbat, wat die volgende dag was en dus daardie aand begin het, nie. Yeshua is dus net voor sonder in die graf neergelê.

Volgens die waarheid van Sy woorde moes daar 3 dae en 3 nagte tussen die tyd van Yeshua se dood, net voor sonsondergang en Sy opstanding wees en daar moes 2 Shabbatte in hierdie tyd wees. Tel sommer nou self en bepaal Sy opstanding!!

Die Voorbereidingsdag (Pesag) waarop Yeshua dood is, moes dus op die Woensdag wees. Die volgende dag was die eerste dag van die Week van Ongesuurde Brode, wat 'n spesiale jaarlikse Shabbat was en steeds is. (Daarna word ook verwys in **Yog 19:31, Lev 23:4-8**.) Dit was die koms van hierdie dag wat die Joodse leiers daartoe gedryf het om te vra dat die veroordeeldes se bene gebreek word sodat hulle sou sterf voor die Week van Ongesuurde Brode amptelik begin. Die Bybelse verslag wys duidelik dat Yeshua in die middel van die middag op die Dag van Voorbereiding gesterf het. (Presies die tyd wat die Pesaglam tempel toe geneem word!) Yeshua se liggaam is selfs in 'n graf (die hart van die aarde) geplaas net toe dié spesiale Shabbat begin het met skemer.

Die dringendheid betrokke was van so aard dat Sy liggaam in die graf geplaas is, sonder dat dit ordentlik gebalsem is. So was dit dat die drie nagte en drie dae in die hart van die aarde teen skemer, die einde van die Dag van Voorbereiding, begin het. Daardie nag en die volgende dag (Donderdag – die eerste dag en spesiale Shabbat van die Week van Ongesuurde Brode) was die eerste nag en dag wat Yeshua in die graf was. Die volgende aand en dag was die tweede dag van die Week van ongesuurde brode. Gewone werk was toegelaat op daardie dag. Dit was die dag waarop die volgelingen van Yeshua uitgegaan het om die speserye en kruie te koop wat benodig was om Yeshua ordentlik te balsem. Hulle moes toe die kruie en speserye voorberei voordat hulle Hom kon balsem. Teen die tyd dat hulle klaar was, was die dag ook amper verby en moes die balseming weer uitgestel word. Die tweede nag en tweede dag is nou verby (Vrydag.)

Maar die nuwe “dag” wat met sonder begin het was die normale weeklikse Shabbat, dus moes die volgelingen van Die Gesalfde Een weereens uitstel onderwyl dit die Shabbat is. Dit was nou die derde nag en die derde dag (Shabbat.) Dit word in **Mark 16:1** bevestig, wat vir ons vertel dat die vrouens hul speserye na die Shabbat verby was, gekoop het en ook deur **Lukas 23:56** wat vir ons vertel dat hulle die Shabbat gehou het nadat hulle die speserye voorberei het.

Die drie nagte en drie dae is vervul teen skemer aan die einde van hierdie weeklikse Shabbat. Het Yeshua toe opgestaan of het Hy gewag en teen sonsopkoms die volgende oggend opgestaan soos algemeen geleer word? Inderdaad vertel Yoganon ons dit: **terwyl die graf nog in donkerte was** het Miryam van Magdala gesien die steen is weggerol... **Yog 20:1 en 2. Mat 28:1 korrek vertaal sê:** “Tydens die aand van die Shabbat, toe die eerste dag van die week aanbreek, kom Miryam van Migdala en die ander Miryam om na die graf te kyk.” Toe was daar ‘n aardbewing... ens.

Yeshua was uit die graf lank voor die vrouens voor sonsopkoms, daar aangekom het. Dit is verseker dat Hy na sonder van die vorige aand uit die dood opgewek is en so die teken van Yonah presies vervul het.

Inderdaad - Hy is Die Gesalfde Een – Seun van God – die belofde Mashiach - wat die sonde van die wêreld op Hom neem!!!

Die vraag ontstaan of die Pesag op ‘n Woensdag was tydens die Kruisiging. Goeie vraag! Volgens alle geloofwaardige en vertrouenswaardige berekeninge is Yeshua of 3 of 6 jaar voor die jaartelling begin het, gebore. Yeshua het 3 en ‘n halwe jaar (1260 dae soos die 3 en ‘n half jaar soms in profesie verteenwoordig word) van bediening gehad en vervul so die profesieë. Hierdie tydperk vervul die tyd wat Daniël sê moet verby gaan (die middel van die week) voor Die Gesalfde Een afgesny is, (**Dan 9:26 & 27**).

Watter jare is moontlik?

Yeshua se bediening het begin toe Hy 30 geword het.

Die maontlike jare se Pesag datums is bereken.

Jaar	Bybelse berekening (Moderne datums vir beter begrip gebruik)
28	Woensdag, 28 April
29	Maandag, 18 April
30	Vrydag, 7 April
31	Woensdag, 25 April
32	Maandag, 14 April
33	Shabbat (Sat), 1 May
34	Donderdag, 22 April

Indien Yeshua in of 3 of 6 voor die jaartelling begin is, gebore is, is die Pesag korrek op 'n Woensdag, in die jare 28 of 31 na die jaartelling begin is! Wat 'n wonderlike God dien ons nie!!

Omdat hierdie Pesag op 'n Woensdag was, bevestig dit dat Yeshua wel die teken van Yonah presies gehou het, nes Hy gesê het Hy sal. Hulle wat geleer is dat Yeshua op 'n Vrydag gekruisig is, moet oplet dat vanuit die berekening van die bediening van Yoganan die dooper in die 15de jaar van Tiberius, die jaar 31 n.C. die vroegste maontlike jaar van die kruisiging kon wees. Dit beteken dat die inligting in die Bybel eintlik die maontlikheid van 'n Vrydag kruisiging in die jaar 30 n.C. ontken. Nog minder is die 33 n.C. Vrydag datum gegee deur die Rabiniese berekening 'n werklike maontlikheid, want die kalender sisteem is eers 600 jaar later gemaak. **Die Vrydag kruisiging doktrine is 'n valsheid deur die korrupte, misleide en valse kerk ingestel** en ontken dat Yeshua die teken van Yonah vervul het. Yeshua, Die Gesalfde Een, het inderdaad hierdie bewys dat Hy die Seun van God is, vervul.

Die Rooms Katolieke metode om Pesag, nee, 'Easter' te bereken vir die kerk, is nie gemaak voor die derde eeu na Die Gesalfde Een nie en was spesifiek so bereken dat dit nooit sou val op die regte Pesag datum wat deur die Jode gebruik is nie.

Ek sê of neem hierdie ontdekkings nie ligtelik op nie – ek is egter oortuig dat ons nie kan – ons mag nie – aanhou om 'n sisteem te volg wat so ontwerp is om te probeer bewys dat Yeshua nie Die Gesalfde Een is nie. Ek beroep my op die kinders van God om Sy Gesalfde Een se dood en opstanding te hou, volgens Sy opdrag en om die wêreld te wys dat ons Hom wel erken – Yeshua – as die Seun van die Mens – Seun van God wat Hy is. Die tye?? Dit is so maklik om uit te werk, soos wat ons u sal wys in die volgende stuk. So lank as wat ons ophou om God se beginsels, gegee déur die Joodse volk aan al die nasies, te ignoreer en op te hou om te probeer om onself van die Jode af te sny en onself as beter as hulle te beskou. Deur hulle het God self besluit om Sy wil, wet, tye en metodes aan die wêreld te openbaar. As jy dit misken kan jy nie Sy wil ontdek nie. Miskien is dit nie hoe jy dit sou gedoen het nie, maar God het jou nie geraadpleeg nie.

Wees nou eerlik. As hierdie, die belangrikste datum in die kerk se kalender, verander is – en ek kan sien dit is – wie het dit verander? Soms is dit goed om weer voor te begin lees aan die hoofstuk! Elke fees sal afsonderlik bespreek word.

Datums en tye

Die instruksies van God is vol wonderlike, geestelike beginsels wat geleer word deur daaglikse ervarings. In Sy oneindige wysheid het die Skepper-God geweet dat die swak mens heel waarskynlik baie van hierdie belangrike geestelike beginsels, wat die lering van die Woord vryelik aan hom gebied het, sou vergeet. (Leringe wat so ontwerp is om hom in sy daaglikse wandel met die Skepper te sien en te help.) Dit is hoekom HaKadosh, die Afgesonderde Een, die kalender versigtig ontwerp het om die mens te herinner aan Sy plek in die Geskiedenis en om hom aan te por om altyd nader te wil kom in sy verhouding met sy Hemelse Vader. Wel, selfs die hemele en die aarde self sou dien as getuie om hom te herinner aan sy spesiale plek in die hart van God (**Yir 31:35-37**). Omdat Yisra'el primêr 'n landbou land was en in 'n groot mate steeds is, is daar geen beter manier vir die Afgesonderde Een om Sy kinders te leer oor Sy Afgesonderde natuur as deur die jaarlikse oestye nie.

Die Bybel berei 'n reeks unieke Afgesonderde dae voor, wat die **weeklikse** Shabbat insluit (**Eks 20:8-11**) en die **jaarlikse** spesiale Shabbate soos in die fees van Pesag, Ongesuurde Brode en die Waai van die Eerste Gerf, fees van die Eerste Vrugte (Uitstorting van die Gees van Afsondering), fees van die Blaas van die Shofar, dag van Versoening (Toedekking) en die Loofhuttefees (Sukkot) (**Lev 23**).

Gen 1:14. God sê dat Hy die ligte in die hemel gemaak het "om te onderskei tussen die dag en die nag en laat hulle wees vir tekens en seisoene, vir dae en jare." Die Hebreuse woord vir "seisoene" is "moade" en beteken letterlik "afgespreekte tye." **Lev 23:4:** Dieselfde woord, "moade," word hier gebruik om te verwys na die tyd van God se jaarlikse Shabbate, God se vasgestelde tye.

Psalm 104:19 herinner ons ook dat die maan gebruik word om God se "afgespreekte tye" vas te stel.

Eksodus 12 sê dat die maand van die Pesag, die eerste maand van die jaar is.

Eksodus 13:4 noem die maand 'Aviv', 'n Hebreuse woord wat beteken "groen aar" wat verwys na die rypwordende are van die winter gars (barley). Dit is in April of vroeg Mei, in Aramees word dit Nisan genoem.

Lev 23:10-14 wys dat die maand van Aviv altyd ooreenstem met die begin van die jaar se oes in Yisra'el. Inderdaad, volgens **vers 14** mag hulle nie begin eet aan die nuwe seisoen se oes tot die Gerf nie op die eerste dag van die week (Sondag) tydens die Week van Ongesuurde Brode, gewaai (geoffer) is nie – die Waaioffer.

Dus kan ons sien dat hierdie kalender gebaseer is op beide 'n jaarlikse sonsiklus – wat beheer word deur die rypwordende winter garsoeste – en 'n maandelikse siklus wat deur die maan bepaal word. Die belangrikheid van die "belangriker lig"

en die “minder belangrike lig” wat die Afgespreekte Tye van God daar stel, is nou vasgestel. God het Sy kalender opgestel.

Luk 22:1 tot 13, verwys na Yeshua se instelling van Sy Laaste Pesagmaal, die aand waarop die Pesag = Dag van voorbereiding, begin het. **Yog 18:39** bevestig dat Yeshua op die Pesagdag gekruisig is. **Yog 19:31** sê vir ons hoe die bene van die kriminele gebreek is sodat hulle nie nog steeds sal ly aan die kruise op die spesiale Shabbat, wat die volgende dag was, nie.

Om die tyd van elke maand te bepaal vereis die observasie van ‘n eenvoudige astronomiese geleentheid wat duidelik die begin van die maand aandui, (dit het absoluut niks te doen met astrologie of aanbidding van die hemele nie, beide dinge wat God spesifiek verbied) die verskyning van die nuwemaan.

Kyk na **Deut. 4:19, Yes. 47:13**.

Die geleentheid, wat die begin van elke maand aandui, is die visuele observasie van die sekel van die Nuwe Maan wanneer dit die eerste keer gesien kan word met die blote oog. Gewoonlik word dit net vir ‘n kort tydjie, net na sonsonder, gesien as die lug redelik donker word. Die oomblik as die Nuwemaan gesien word, dui dit die begin van die eerste dag van die nuwe maand aan. Dit verduidelik ook die Joodse gewoonte om die dae van skemer tot skemer te tel, (**Levitikus 23:32**), soos God dit reeds in **Gen 1:5** ingestel het: “Dit was aand en dit was oggend, die eerste dag.”

Omdat die sien van die Nuwemaan essensieel was vir die hele kalender het dit gou ‘n belangrike seremonie geword. (Kyk na **Num 10:10, I Kron 23:31 en Ps 81:3**.) Die voorval wat in **1 Samuel 20** neergeskryf is, wys dat tydens Dawid se lewe die Nuwemaan steeds deur observasie bepaal is.

Onsekerheid oor watter aand die Nuwemaan gesien sou word, het gelei tot die gewoonte om op opeenvolgende aande twee Nuwemaanfeeste te beplan. Daardeer is seker gemaak dat alles gereed is op die eintlike aand wat die Nuwemaan gesien word. Indien hulle kalender gebaseer was op berekening sou die eerste dag van die nuwe maand vooruit bereken wees en slegs een fees sou beplan word. Vers 27, letterlik vertaal sê: “Dit het gebeur op die tweede dag van die nuwemaan, dat Dawid se plek leeg was. Sha’ul sê vir Y’honatan, sy seun: “Waarom het die seun van Yishai nie na die maaltyd gekom nie, nie gister of vandag nie?””

Die Bybelse kalender gebruik slegs volledige maan-maande wat begin en eindig as die Nuwe Maan gesien word. Aangesien die gemiddelde lengte van die maand siklus omtrent 29.53 dae (29 dae, 12 ure, 44 minute en 3 sekondes om presies te wees) en die son (tropiese) jaar 365.24 dae is, vind ons dat die son jaar eintlik bestaan uit 12.37 maan-maande. Die Bybelse maan-son kalender tel ‘n ekstra maand, omtrent elke derde jaar, by om die kalender volgens die seisoene te sinkroniseer.

NB Omdat die dae en jare bepaal word deur die son en maan, maak skrikkeljare, maande of sekondes nie saak nie – God se bepaalde tye is van sonsonder tot sonsonder en van oestyd tot oestyd. Dus sal Shabbat altyd dieselfde wees en verander nie. Sommige beweer hulle hou nie Shabbat nie, want die dae het in elk geval verander, dit is nie waar nie, want die sewende dag het altyd die sewende dag gebly.

Deur gebruik te maak van die ryphheid van die winter garsoes as aanduier van watter Nuwemaan ook Nuwejaarsdag sal wees, (die eerste dag van die eerste maand (Aviv)) word die kalender stewig vasgemaak in die sonsiklus wat verantwoordelik is vir die ryfwording van die oes. Die garsoes in Yisra'el neem amper 2 maande om te voltooi, beginnend in April naby Yerigo en eers vroeg Mei in die bergagtige dele naby Yerushalayim. Seisoen veranderinge kan die oes vervroeg of vertraag met miskien 'n week. Al wat nodig is, is om te beraam of daar iewers in Yisra'el graan betyds ryf sal wees vir die Waai van die gerfoffer, wat gedoen word op die Eerste Dag (Sondag) tydens die Week van Ongesuurde Brode. Let op dat God die eet van die nuwe oes voor die waai van die gerfoffer, verbied! Hy verbied nie die oes van die graan nie, dus kan boere in warmer dele hulle oes inbring voor die waai van die gerfoffer tydens jare wanneer Aviv eers laat in die Lente begin. **(Lev 23:14)**

Dit is hoe die reëls van die Bybelse kalender is. Eenvoudige, direkte observasies kan alle datums bevestig. Yerushalayim is gekies as die fokuspunt van waar observasies van die Nuwemaan gedoen moet word vir Yisra'el, want dit is waar God gekies het om Sy tempel te bou en dit is die geestelike hoofstad van Yisra'el. Die tye in ander lande kan nie daarvolgens bepaal word nie, want dan word dag, nag - ens. Die Islamitiese kalender is streng op die maan gebaseer met elke jaar slegs 12 maanmaande lank, wat tot gevolg het dat hulle kalender jaar met omtrent 11 – 12 dae per jaar terug beweeg.

Die “Christendom” het groot veranderinge ondergaan vanaf die Apostels (Afgevaardigdes) se tyd. Tydens die lewens van die Apostels was die Bybelse Shabbat en die jaarlikse Afgesonderde Dae ook die “Christen” Afgesonderde Dae. Vandag is die belangrikste feeste Paasfees en Kersfees. Sondagdienste (deur die Nuwe Testamentiese Kerk gehou op Saterdag-aand) het die sewende dag Shabbat vervang (wat ook deur hulle gehou is). Ortodokse kerke het nog ander afgesonderde dae bygevoeg, wat veronderstel is om eer te bring aan 'n verskeidenheid van afgesonderdes en die afgevaardigdes. Die inbring van hierdie onbybelse ‘Afgesonderde dae’ is teëgestaan deur die God-gehoorsame Christene. Baie gelowiges het hul werk, huise en burgerlike regte verloor omdat hulle geweier het om God se Afgesonderde dae te vervang met die mensgemaakte afgesonderde dae. Sommige is selfs doodgemaak. Vandag is almal en alles so vol kompromie dit maak nie regtig saak nie – behalwe vir hulle wat omgee oor die waarheid. Selfs 'n vinnige kykie na vandag se ‘Christen’ afgesonderde dae wys op hulle korrupte oorspronge. Twee sal kortliks hier bespreek word as bewys.

Kersfees

(Kyk asseblief na die meer volledige lering in 'n latere hoofstuk)

Kersdag is geneem van die heidense ‘Dag van die onoorwinlike Son’, wat die kortste dag in die winter (noordelike halfgrond) aangedui het. Dit is die dag waarop gemeen is dat die son weer sy krag begin herwin – gedeeltelik as gevolg van die gebede en eerbetoning van die sonaanbidders. Kersfees is gevolglik deur die Rooms Katolieke aanvaar (alhoewel in ‘n effens veranderde vorm) om die heidense sonaanbidders onder hul beheer te kry.

Dit vier nie Die Gesalfde Een se geboorte nie, want Hy is in die Herfs (noordelike halfgrond) gebore. Heel moontlik in die jaar 3 of 6 voor die jaartelling begin het. Dit is o.a. bewys deur die feit dat die herders steeds buite in die veld met hul skape was tydens Sy geboorte. (**Luk 2:8**) Goeie Bybel woordeboeke verduidelik dat die herfsreën in Oktober begin en dan gaan die skaapwagters terug na hul huise vir beskerming teen die koue winter nagte. Geen skaapwagter sou buite slaap tydens Desember nie, want die temperature is dikwels onder vriespunt of baie koud.

Verder is daar absoluut GEEN skrif wat voorstel dat God wil hê dat ons die geboorte van Die Gesalfde Een as ‘n jaarlikse geleentheid moet vier nie, selfs al weet ons wanneer Hy gebore is!!!!

Bedink die volgende:

Is dit van God of van die mens? Is dit verander volgens **Dan 7:25** of is dit net ek?

Paasfees

(Kyk asseblief na die volledige lering in ‘n latere hoofstuk.)

Paasfees word deur baie mense as die belangrikste fees van die Christendom beskou. Oor die laaste 1700 jaar is die tradisies wat rondom Paasfees draai so ingegraveer dat dit feitlik glad nie bevraagteken word nie. Tog, Paasfees bring verskeie baie lastige vrae na vore: Hoekom word voor die hand liggende heidense bygelowe soos die paaseier, paashaas, paasbolle en Paschal kerse toegelaat om deel te wees van so ‘n ernstige geleentheid en dit terwyl God Sy volgelingen uitdruklik verbied om die weë van die heidene te volg? (Kyk bl. 11) Hoekom is die hoof geleentheid van die Christen kalender vernoem na ‘n heidense Anglo-Saxon godin van Lente, Eastre? Selfs die naam Eastre is slegs ‘n verandering van “Ishtar”, wat die Babiloniese koningin van die hemel was. Die ‘godin’ word gewoonlik in die Hebreeuse geskrifte as “Ashtaroth” aangedui. Die Paasfees se Sondag-sonsopkomsdienste het eintlik hul oorsprong in sonaanbidding en is gehou voor die Kruisiging (**Yeg 8:5-18**). Die Skrif vertel ons dat Yeshua reeds voor sonsopkoms opgestaan het uit die dood.

(**Yog 20:1**) Hoe kon Yeshua die teken van 3 nagte en 3 dae gehou het as Hy op “Goeie” Vrydag dood is en Sondagoggend opgestaan het?

Oordink dit:

Is dit van God of die mens? Is dit verander volgens **Dan 7:25**?

GOD SE UITSPRAAK

In kontras met die kompromie wat die ortodokse en moderne kerke met die heidendom aangegaan het, sê God dat ons die heidendom moet vermy:

Deut 12:30-32

- 30 let op, dat jy nie in die strik val om hulle te volg, nadat hulle voor jou uit vernietig is nie en dat jy nie na hulle gode vra en sê: ‘Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien, dat ek dit ook so kan doen?’ nie.
- 31 Jy mag dít nie doen aan יהוה, jou God, nie, want alles wat vir יהוה verwerplik is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen, want hulle het selfs hulle seuns en hulle dogters in die vuur verbrand vir hulle gode.
- 32 **Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie.**

Wat het ons gedoen???

God het vir ons Sy eie Afgesonderde Dae gegee, wat Hy ons beveel om as ‘n ewige instelling te hou. God se Afgesonderde Dae wys ons Sy skeppings-krag en gee ons buitelyne van Sy reddingsplan. Dit gee ons ook ‘n kykie in Sy beheer van vorige, hedendaagse en toekomstige aangeleenthede wanneer dit gekombineer word met die Bybelse kronologie en profesieë. Deur hierdie dinge te verstaan gee dit ons ‘n versekering van die betroubaarheid van God se beloftes. Dit openbaar ook die identiteit van die “Dier” van Openbaring en bring sy merk aan die lig. God het die aanbidding van mensgemaakte voorwerpe, selfs voorwerpe wat veronderstel is om Hom, Yeshua, die engele of Sy afgesonderdes te verteenwoordig, verbied.
(Yes. 40:12-26, Deut. 4:15-19, Kol. 2:18, Hand 10:25-26)

Wat het ons gedoen???

Weet asseblief, dat Yeshua hierdie jaarlikse Afgesonderde Dae gehou het soos bewys in **Yog 7:1-39**. Die apostel Sha’ul (Paulus) het ook na die dood van Yeshua hierdie Afgesonderde Dae gehou. **(Hand 18:18-21- Kyk in die KJV en PWL, Hand 20:6 & 16, I Kor 16:8.) Z'kh 14:16-19** sê hierdie Dae moet gehou word in die millinium van Vrede. **Kol 2:16 & 17** waarsku ons: ¹⁶“Daarom, laat niemand julle pla oor eet of oor drink of oor die uitsondering van ‘n fees of ‘n Nuwemaanfees (Rosh-Hodesh) of Shabbatte nie,¹⁷ omdat dit ‘n skaduwee is van die dinge wat sou kom, maar die liggaam behoort aan Die Gesalfde Een.” Dit is, **slegs gehoorsame diensknegte van Die Gesalfde Een kan jou vertel hoe om God se Afgesonderde Dae te hou**. Moenie bedrieg word uit jou erfposisie uit deur God se opdragte te verwerp en korrupte doktrines te volg nie. **(Vs 18)**

Wat het ons gedoen???

Dani'el 7:25 "Hy sal kragtige woorde praat teen die Allerhoogste en probeer om die afgesonderdes van die Allerhoogste te vervolg (moeg te maak). **Hy (die vyand) sal van voornemens wees (probeer) om die vooraf bepaalde tye (seisoene) (God se Afgesonderde dae) en wette te verander . (Vrylik vertaal)...."**

TYD OM TE BESLUIT

Mat 15:8-9 :“Hierdie mense eer My met hulle lippe, maar hulle verstand, wil en emosie is baie ver van My af. ⁹ Hulle aanbidding tot My is doelloos, **terwyl hulle leringe leer van die wette van mense**’ . ^{Yes 29:13}

Wat sal jy hou? God se Afgesonderde Dae of die valse afgesonderde dae wat die merk van die vals kerk en haar dogters is?

Die Woord sê: ⁴ Ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: **“Gaan uit haar uit, My volk** sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie,⁵ want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep.” **(Open18:4,5)**

Die oorsprong van die Shabbat sisteem is uiteengesit in **Gen 1:1 tot 2:3**. Dit is gebaseer op niks minder as die skepping van die hele heelal en elke lewende organisme daarin nie. God het die Shabbat as so belangrik geag dat Hy dit deel van Sy Tien Gebooie gemaak het, so geplaas dat dit ‘n brug vorm tussen aanbidding van Hom en diens teenoor ons medemens:

Eks 20:8-11 ⁸ Onthou die Shabbatdag, om dit afgesonderd te hou.⁹ Ses dae moet jy werk en al jou besigheid doen,¹⁰ maar die sewende dag is ‘n Shabbat van יְהוָה, jou God; dan mag jy géén besigheid doen nie; nie jy of jou seun of jou dogter, of jou slaaf of jou slavin, of jou vee of jou besoeker wat by jou bly nie,¹¹ want in ses dae het יְהוָה die hemele en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus, daarom het יְהוָה **die Shabbatdag geseën en dit afgesonder.**”

Ek praat nie alleen van die dag waarop gelowiges bymekaar kom om te aanbid nie – dit mag hulle enige tyd en enige dag doen – **MAAR watter dag sit JY eenkant vir Hom en doen jy nie jou gewone werk nie????**

Miskien moet ek nie nou meer sê nie, want soos ek gesê het, is dit ons begeerte dat Sy mense afgesonderd en vry is en nie gebind is **deur mensgemaakte wette nie**.

Hoe moet ons gehoorsaamheid wees teenoor God se onveranderbare wette?

Mag ons vra? – Wie is wetties - hulle wat die wette van God volg of hulle wat die reëls van mense gehoorsaam? Om gehoorsaam te wees aan God is nie wetties nie en ook nie ‘onder die wet’ nie, maar Liefde.

Yeshua het gesê: - As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit!!

Yog 14:15

2. Die Wet van Gehoorsaamheid

Ek haal die gedeeltes vir bespreking uit “Die Pad van Waarheid tot die Lewe” (PWL-vertaling) aan, waardeur u dadelik sal opmerk dat sommige redes tot ongehoorsaamheid reeds wegval net omdat hierdie korrek uit die oorspronklike vertaal is – neem die Hebreuse en Aramese oorspronklikes en gaan kyk self.

Hierdie is nie ‘n volledige lering oor gehoorsaamheid of oor die wet nie, maar die antwoord op baie kinders van God se vrae oor die noodsaaklikheid om vandag die feeste en ander opdragte van God uit te voer al dan nie – in die Nuwe Verbond. Daar is ook ander gedeeltes, maar die gedeeltes wat gewoonlik aangehaal word as “bewyse” dat ons nie nodig het om die feeste te hou nie, of enige deel van die wet nie, word bespreek. (Daar is 'n volledige DVD reeks hieroor beskikbaar op versoek.)

Die volgende is die mees aangehaalde vers om sg. te bewys dat die Bybelse, Godgegewe feeste weggeval het en die persoon wat dit doen wetties is en teruggeval het deur self sy verlossing te probeer bewerk.

Gal 4:7-11 “Daarom is julle nie slawe nie, maar kinders en as julle kinders is, dan ook erfename van God deur Yeshua, Die Gesalfde Een,⁸ maar toe julle God nie geken het nie, het julle dit gedien wat van nature geen god is nie,⁹ maar nou dat julle God ken en spesifiek, omdat julle deur God geken is, draai julle weer terug na die siek en swak beginsels om, weer van voor af, aan hulle onderworpe te wees.¹⁰ Julle hou dae, maande, vasgestelde tye en jare.¹¹ Ek is bang dat ek miskien doelloos aan julle gewerk het.”

‘n Antwoord op die vraag van **Gal 4:7-11** – en die feeste spesifiek.

Sha’ul (Paulus) skryf vir nie-Jode, (Galasiërs), wat uit ‘n nie-Joodse godsdiens kom en nie-gode (afgode) gedien het wat in **vers 9** as “die siek en swak beginsels” beskryf word – dit is niks anders as demone nie. Hulle draai nou terug, of gaan aan, om hierdie nie-gode se feeste te vier en volgens Sha’ul (Paulus) stel hulle hulself in gevaar om weer deur hulle verslaaf te word.

As u beweer dat hierdie verwys na die Bybelse feeste moet ek u waarsku dat u dit wat God as goed gegee het vir Sy volk, met Sy redes, as demonies, d.i. as van nie-gode af, beskou en nie God se natuur dra nie, (**vs 8 en 9**). Ek dink u sal met my saamstem – dit praat nie van daardie feeste nie. Hy praat nie hier van Bybelse feeste nie en praat ook nie met Jode nie! ‘n Bewys daarvan is nie slegs in die konteks en die gehoor waarvoor hy skryf nie, maar ook dat hy sy eie lering en praktyke sou weerspreek, want ons weet dat Sha’ul self groot pogings aangewend het om as ‘n gelowige die Bybelse feeste te hou (**Hand 20:16-; 1 Kor 16:8-**) en dat die gemeenskap van gelowiges in Yeshua in Yerushalayim dit definitief gedoen het na Yeshua se dood en opstanding.

- **Let op:** Hierdie, glo ek, is ‘n tydige waarskuwing vir almal wat aanhou om die feeste van nie-gode te vier – selfs na “Christen” name soos “Kersfees” en “Paasfees” daaraan toegeedig is.

Dit is eintlik al wat te sê is – behalwe dat as ons volledig wil wees, ons moet byvoeg, dat die hou van Bybelse feeste en enige ander praktyke nie op ‘n wettiese wyse gedoen moet word nie. Dit sal dit waardeloos maak; dit is duidelik in **Gal 3:10**. ‘n Nie-Jood wat dink dat hy God se goedkeuring kry deur sy godsdienstige seremonies ooreenkomstig die van die Jood te maak verkrag / skend die boodskap van Galasiërs deur homself onder die wettiesheid te plaas. Daar is baie sektes / kultusse op die rand van Christendom wat sulke wettiese leringe koester om Jode uit nie-Jode te maak, maar nie-Joodse volgelinge van Yeshua wat kies om ‘n kulturele identifikasie met Jode by te voeg by die geestelike identifikasie wat hulle reeds gemaak het deur vertroue in Die Gesalfde Een – Yeshua, wat ook ‘n Jood was, of ‘n volgelinge wat die mooiheid en betekenisvolheid van die Bybelse rituele geniet, is volgens **Rom 14 ; 1 Kor 8 ; 10 en Kol 2**, vry om dit en enige ander gebruik te hou, maar as nie-Jode hierdie Joodse feesdae, nie uit vreugde in deelname van wat God vir die Joodse mense gegee het nie, ook nie uit geestelike identifikasie met hulle nie, maar uit vrees ingebring deur wette wat hulle oortuig het dat indien hulle dit nie doen nie God hulle nie gaan aanvaar nie, of omdat hulle ‘n nuwe wet op hulleself geplaas het, hou, gehoorsaam hulle nie die Torah (leringe van God) nie, maar plaas hulle hulself onder wettiesheid en wettiesheid is ‘n ander vorm van daardie swak en misrabele demoniese geeste van die elemente, nie beter as die afgode wat agtergelaat is nie.

As gevolg van die bogenoemde glo ek ook dat die gedeelte net so wel vir Jode geskryf kon wees om hulle te waarsku om nie die feeste wetties te volg nie, daarom dus, so ook vir ons – as ons nie die vervulling deur Yeshua verstaan nie – dan is ons besig met dooie, afgestorwe rituele in plaas van om die volheid van Yeshua daardeur te vier soos wat God se wil is. Ons moet die feeste vier om die daade van Yeshua te vier en die oorwinning wat Hy reeds vir ons verwerf het. Dan alleen het dit volle waarde en betekenis.

Jy is nie beter as ander indien jy dit doen nie; ook nie slegter as jy dit nie doen nie. Jy mis dalk net iets wonderliks wat ek nie graag wil hê jy moet mis nie: die beloning vir gehoorsaamheid. Jy is vry om die feeste in te sluit as deel van jou ervaring van Yeshua en Sy verlossing wat reeds gedoen is, nie as voorwaarde van verlossing nie en nie noodwendig met sekere gebruike wat jy gekies het nie – moet asseblief nie oordeel nie en lees weer **Rom 14 ; 1 Kor 8 ; 10 ; Kol 2**. Dit voeg niks by wat jy reeds ontvang het nie – dit sal wel jou verstaan van wat jy ontvang het en van die diepte van Sy liefde en watter ander redes God ook vir jou wys, vergroot. Persoonlik is dit ‘n wonderlike leringsinstrument om mense die diepte van hulle verhouding met Yeshua, ons Verlosser, beter te laat verstaan en ervaar.

Yeshua het nie snaaks gedink om elke jaar Pesag te vier (soos al die ander feeste) en dan die opdrag aan Sy studentevolgelinge oor te gee nie - **Luk 22:19** “dit is My

liggaam, wat vir julle gegee word; doen dit ter herinnering aan My” = Doen wat? Net brood? Enige plek? Enige tyd? – wees eerlik, dit is nie wat die vers sê nie. Dit is ‘n spesifieke opdrag vir Pesag. Ons verkeerde idees oor Wet en Verbond laat ons verkeerde keuses maak. Nie ‘n “opdrag anders gaan jy vernietig word nie,” maar “dit is My wil!”

Vs 20 “Hy het dieselfde gedoen met die beker na die maal, en gesê: **'HIERDIE beker** is die Nuwe Verbond, bekragtig deur My bloed, wat vir julle uitgestort word'." Weereens baie spesifiek – **HIERDIE** - nie enige, maar hierdie, die derde beker van die Pesagseder net na die maaltyd.

Met ander woorde, as iets deur God beveel word, doen dit! Jy het nie ‘n keuse nie. As dit ‘n keuse is – laat elkeen toe om self te besluit wat hy by sy ervaring wil bysit. Maak egter seker dat jy weet of dit ‘n opdrag is of nie. Wanneer ons die feeste elkeen afsonderlik hanteer – sal jy verstaan wat opdrag is en wat nie. Laat God se Boodskap praat.

Wanneer die feeste gevier word, met die bogenoemde waarskuwings inaggeneem, is dit beide mooi en diep / ryk in betekenis en kan dit nooit wetties genoem word soos dit is nie.

Net kortliks:

Dit is geskryf aan nie-Jode.

Vs 8 en 9 verwys na "was slawe van" en "draai weer terug na" – wat verwys na hulle vorige feeste as heidene – wat nie God se natuur wys nie.

Ek stem saam, moenie heidense feeste volg nie, al het hulle sg. ‘Christelike’ name gekry! Moet ook nie sê hierdie verwys na God se Bybelse feeste nie.

Die volgende vers word gewoonlik aangehaal om te bewys dat die wet "Ou Verbond" is en weggeval het.

Die Afrikaanse Ou Vertaling 1933, hersien 1953 lui as volg.

Rom 10:4 “Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.”

Hier is een van die gevalle waar ‘n verkeerde vertaling die gevolg het dat baie verkeerde leerstellings daaruit voortkom.

Kom ons kyk na “**Die Pad van Waarheid tot die Lewe**” (PWL-vertaling):

Rom 10:4 “**want die wet het ten doel Die Gesalfde Een** tot onpartydigheid en opregtheid vir elkeen wat vertrou,”

Uit die PWL sal u vra: "Nou wat is die probleem in die vers met die wet?" Jy kan dit tereg vra, want dit is duidelik dat net die doel van die wet daardeur uitgestip word. **Wow!** Is jy seker dit is die regte vers? Hier is ‘n ernstige verduideliking nodig!! Lees eers weer die vers hierbo. Ek glo dat u self sal oortuig deur die waarheid te lees.

Kom ons kyk na die vertalingsverskille en besluit self:

Die woorde wat verander het:

‘Christus,’ soos dit in die ander vertalings gebruik word, is ‘n transliterasie van die Grieks en het op sigself geen betekenis nie. Dit word deur baie mense verkeerdelik as ‘n naam of van vir die Verlosser gebruik. Dit is meer as ‘n naam, dit is die vervulling van ‘n belofte, die Hoop – of versekerde verwagting - wat waar geword het. **Die Gesalfde Een van God** wat gekom het. Die weergawe van die Hebreeus ‘Mashiag’.

‘Geregtigheid’ is ‘n regs term en het die gevolg dat die persoon onskuldig is volgens die wet. Ek het verkies om dit in die meeste gevalle te vertaal met die resultaat nl. **Om onskuldig te wees** of onskuldiges. Vanuit die betekenis is dit van pas en meer korrek om dit in sy ander verbuigings as **onpartydig en opreg** te vertaal = reg volgens die wet = onskuldig.

‘Glo’ – passiewe geloof teenoor **Vertroue** = aktiewe geloof – die woord glo en geloof in ‘n passiewe vorm word baie weinig gebruik in die Nuwe Verbond. Geloof is om te weet - vertroue is om te doen. Dit word hiervolgens in sy korrekte betekenis vertaal wat die waarheid insluit: vertroue in die waarheid. Dit is ook ‘n beter weergawe van die Hebreeuse (emmunah) begrip uit die **Tanakh wat nooit ‘n passiewe geloof verkondig nie**, asook van die Nuwe Verbond waar God net so ‘n “doen geloof” vra = Vertroue.

Wet – Die woord word meestal gebruik in verwysing na die “Torah” of geskrewe wet van God soos opgeteken in die Tanakh. Torah beteken egter ook meer volledig ‘leringe of instruksies’. Dit word ook gebruik as gesamentlike woord vir die eerste 5 boeke van die Tanakh. Dit word verder gebruik in sy betekenis naamlik die opdragte van God en in skaars gevalle as die ganse Tanakh. In elke geval moet daar dus bepaal word waarna verwys word. Hier maak dit glad nie saak nie, want dit is waar in elke betekenis!

Die plek van die woord in die sin is egter anders en het te doen daarmee of dit as objektief aktief of subjektief aktief gesien word.

Die einde – Hier is die kern van die verkeerde vertaling wat ‘n ganse verkeerde teologie in stand hou. Hier word nie bedoel dat die wet tot einde gekom het nie – die wet is ewig vanaf God gegee; wat deur Sha’ul self gehou is: **1 Kor 9:21** “al is ek nie sonder die wet van God nie”, – **Rom 10:5** bevestig dit “want Moshe beskryf die onpartydigheid en opregtheid wat uit die wet is: “Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.”^{Lev 18:5} – dit verwys na ewige lewe. Dit is nie die wet wat moes verander nie, maar die manier waarop **vertrou word** in plaas van om die wet net as daad te doen. **Rom 10:8** 'Daarteenoor, wat sê dit? 'Naby jou is dit wat gesê is, in jou mond en in jou verstand.'^{Deut 30:11-14} Dit is die woorde van vertroue wat ons verkondig."

Sha’ul gebruik dan nou die woorde uit die wet om te wys wat hy sê, so dit is vir my onverklaarbaar hoe iemand kan sê dat hy die wet tot niet verklaar. Die woord hier beteken die einddoel of ook die einde. Hier is dit duidelik deur die omliggende verse dat Sha’ul die doel van die wet uitwys en nie sy einde nie.

Sha'ul praat nie oor die wet se einde hier nie, maar oor die nie-gelowige Jode se verkeerde opvatting oor die wet. Sonder vertroue word die wet nie nagekom nie. Die wet self verkondig dat onpartydigheid en opregtheid slegs kom deur vertroue en dit is die hooftema in **Rom 9:30 - 10:20**. Volgens 'Arndt & Gingrich's - A Greek-English Lexicon of the New Testament,' verskyn telos 42 keer in die Nuwe Verbond en moet slegs 5 keer as einde of end vertaal word en hierdie is nie een daarvan nie. Die Aramees, מכה beteken ook volledig maak, einddoel bereik. As ons ons teologie volgens die Boodskap van God aanpas dan is dit duidelik – die Wet het nie verval nie, maar is volledig gemaak deur Yeshua. Kyk self hoe dit volledige betekenis kry in **Mat 5:21** en verder.

Daar is 'n algemene miskonsepsie by mense dat as die wet ter sprake kom in 'n gesprek, dit mense is wat iets wil byvoeg by hulle verlossing wat reeds volkome bereik is, (**Gal 5:1-5**). Dit kan nie en ek besef dit – daar is egter mense soos ek wat die volle Boodskap van God aanvaar as waar en dus ook verse wat Hyself gegee het as opdragte. Ek gehoorsaam nie om iets te verkry nie, maar omdat ek Hom liefhet. Wil u nie met 'n oop gemoed die volgende verse bestudeer nie. Laat die Boodskap self praat. Maak seker u gebruik 'n korrekte vertaling en vra iemand of kyk self na die oorspronklike tale. Dit is hy wat gehoorsaam is wat Hom liefhet, **Yog 14:15**.

Bestudeer afwagting in die Gees: (Onthou dit is oorspronklik in Aramees geskryf.) **Markos 7:9 ; Hand 21:24 ; Rom 2:26 ; Rom 7:12-16 ; I Kor 8:8,9 ; I Tim 1:8 Ya'akov 2 ; Ya'akov 4:11 ; 1 Yog 2 ; 1 Yog 3:23-24 ; 1 Yog 5:2-5**

Rom 8:1-4

"Daarom is daar geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie,² want die wet van die Gees van lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood,³ want omdat die wet swak was, deur die sieklikeid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel⁴ sodat die opregtheid en onpartydigheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees,"

Weereens dink ek die antwoord is reeds voor die hand liggend vanuit die korrekte vertaling. Kyk verder na vs 7: "omdat die gedagtes van die vlees vyandskap teen God is, want dit is nie gehoorsaam aan die wet van God nie, want dit is ook nie moontlik nie."

Dit is die vlees en konsentrasie op die vlees wat nie gehoorsaam aan die wet van God kan wees nie. Yeshua het gekom sodat ons 'n nuwe gees, naamlik die Gees van God, kan ontvang, wat ons ingesteldheid kan verander. Die wet het die rigting aangegee, slegs die Gees van God kan 'n mens se ingesteldheid verander om dit op Sy manier – d.i. deur vertroue – te doen.

Vs 2 het nodig dat ons verklaar wat beteken “wet van die Gees” en “wet van die sonde”. In **Hfst 7**, asook in die verse na hierdie, is die konteks duidelik. Dit gaan oor die verkeerde en regte manier, wat Yeshua vir ons kom wys het, om die wet te doen. “Wet van die Gees” is dan die wet van God deur die Tanakh gegee, op God se manier gedoen, deur die Gees van God, wat deur Yeshua na ons gekom het. “Wet van die sonde” is dan niks anders as die wet van God, wat deur die Tanakh gegee is, wat op ‘n fisiese metode nagekom word en wat my stimuleer tot sonde (**7:5-14**), skuld (**7:15-24**) en wat veroordeling bring.

Vs 3 verwys daarna dat Yeshua as sondoffer gestuur is.

Kol 2:15-23

¹⁵ Deur Sy liggaam af te lê het Hy die heersers en outoriteite gestroop en hulle in die openbaar beskaam deur Sy wesenlike self.

¹⁶ Laat niemand julle daarom pla oor eet of oor drink of oor die uitsondering van ‘n fees of ‘n Nuwemaanfees (Rosh-Hodesh) of Shabbatte nie,

¹⁷ omdat dit ‘n skaduwee is van die dinge wat sou kom, maar die liggaam behoort aan Die Gesalfde Een.

¹⁸ Laat niemand julle oordeel in nederigheid van gedagte nie, deur julle ondergeskik te stel aan die aanbidding van die engele waardeur hy dinge aflei wat hy nie sien nie en sonder oorsaak trots is deur sy gesindheid van die menslike natuur

¹⁹ en nie vashou aan die Hoof, uit Wie die hele liggaam deur die gewrigte en ledemate ondersteun en saamgebind word en groei met God se groei nie,

²⁰ want as julle saam met Die Gesalfde Een die beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom leef julle nog asof julle in die wêreld geoordeel word:

²¹ moenie raak nie, moenie proe nie, moenie vashou nie?

²² Dit is alles dinge wat vernietig moet word en die opdragte en leringe van mense
is ^{Yes 29:13}

²³ en van buite lyk of hulle die woorde van wysheid het, in die skyn van nederigheid en aanbidding van God en sonder die spaar van die liggaam; nie in dinge van eer nie, maar in die behoeftes van die liggaam.

Rom 14:5-6

⁵ Daar is een wat onderskei tussen dae en daar is een wat alle dae oordeel. Laat elkeen in sy eie denke seker wees.

⁶ Wie ook al watter dag hoog ag, ag dit hoog vir sy Meester en hy wat die dag nie hoog ag nie, ag dit nie hoog nie, vir sy Meester; wie eet, eet tot eer van sy Meester en dank God en wie nie eet nie, hy eet nie, tot eer van sy Meester en dank God,

Ek hanteer die twee gedeeltes saam, want dit gaan oor dieselfde beginsel. ‘n Gewone teksuitleg uit die teks self sal vir ons die antwoorde gee uit die korrekte vertaling. **Kol 2:16 en Rom 14:6** is die stelling verse en daarom dan ook die rede vir die stelling van mense: ‘Dit sê dat ek nie die feeste of Shabbat hoef te hou nie.’ Lees weer mooi, met ‘n oop gees en u sal sien dit is glad nie wat daar staan nie, maar ons is geleer om dit so te sien. In die eerste plek gaan dit oor die oordeel van ander oor **hoe** hulle dit doen en **of** hulle dit doen. Hoekom oordeel **jy** hulle dan wat dit doen? Vra maar net! **Rom 14:10** “ Jy, waarom oordeel jy jou broer? Of selfs jy, waarom verag jy jou broer? Want ons sal almal voor die regterstoel van Die Gesalfde Een staan.”

Tweedens gaan dit oor die rede en oor watter feeste en sg. Shabbatte mense hou. Kyk na **Kol 2:20 en 22**. Dit is die kern vir die verstaan waarvan hy praat: “Dit is alles dinge wat vergaan; dinge en gebruike volgens die **wette en leringe van mense**,”

Yes 29:13. = leringe, wette, tradisie en dae wat deur mense ingestel is, nie deur God nie.

Dit gaan daaroor dat mense klem lê en konsentreer op metodes en by-gebruike wat as wette verkondig word – mensewette – wat nie God se wette is nie. **Rom 14:13** “Laat ons mekaar dus nie meer oordeel nie, maar besluit liever dit: om nie vir die broer ‘n struikelblok of ‘n strik in die pad te sit nie.”^{Lev 19:14}

Kol 2:16 is reeds so geskryf dat dit die een oordeel wat jou oordeel as jy dit wel doen – kyk mooi. Met ander woorde, doen waarvan jy oortuig is en doen dit met oortuiging en vertroue en moenie skaam wees oor wat jy glo reg is nie anders is dit nie met vertroue nie en dan is dit sonde. **Rom 14:22-23** “²² Jy wat vertroue in jou gees het, hou dit voor God. Gelukkig is hy wat homself nie oordeel in wat hy besluit het nie,²³ want wie ook al twyfel en eet, is veroordeel, omdat dit nie uit vertroue is nie en alles wat nie uit vertroue is nie, is sonde.”

Sha’ul (Paulus) het self die feeste gehou en praat nie teen homself nie – kyk:

1 Kor 5:8 “As gevolg hiervan, laat ons dan die fees hou, nie met die ou suurdeeg of met suurdeeg wat in boosheid of bitterheid is nie, maar met die ongesuurdeheid van reinheid en afgesonderdheid.”

1 Kor 7:18 “Was iemand besny toe hy geroep is, moet hy nie terugkeer na onbesnedenheid nie. Was iemand onbesny toe hy geroep is, moet hy hom nie laat besny nie.¹⁹ Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die uitvoer van die opdragte van God.”

Dit gaan met ander woorde oor dinge, dae en gebruike wat nie direk deur God beveel word nie. Sy bevele vind ons slegs in die Boodskap van God en nie die leringe en opinies van mense nie. Daar is baie sulke dinge, wonderlike dinge, mooi klinkende dinge, voordelige dinge, wat nie beveel word in die Boodskap van God nie, maar as wette deur mense verkondig word. Ek gaan so paar daarvan noem en vra dat jy dit met die Boodskap van God alleen toets. Die spesifieke feeste en Shabbat word afsonderlik hanteer in die leringe. Die groot probleem is hoogmoed en die altyd teenwoordige begeerte om beter te wees as ander.

Volg Yeshua – wees soos HY: **1 Yog 2:6** "Hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het." – dit is genoeg.

Hierdie dinge is nie noodwendig sonde of verkeerd vir jou om dit te doen nie – al wat ek sê is – moenie dit as norm gebruik **of as wet leer** of verwag ander moet dit doen nie:

- Maak jou oë toe as jy bid! – **Mar 6:41** “Hy neem toe die vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel en dank.” Soos wat Yeshua gedoen het, is dit die enigste manier waarop mense in die Tanakh gebid het – behalwe as die persoon op die grond neerval voor God in aanbidding.
- Jy moet in Hebreeus bid en praat by die feeste of tydens Shabbat of lering.
- Jy moet in die Yarden gedoop word.
- Joodse en Yisra’el artikels op te hef en as spesiaals te eer.
- Die huidige Tempel en Yerushalayim mure en plekke as afgesonderd te beskou. Liewe vriend – die Tempel is in 70 na Yeshua platgevee sodat geen 2 stene op mekaar gebly het nie en Yerushalayim in 135 na Yeshua. Dink daarvoor asb.
- Mense wat dink dit is meer afgesonderd om Talit te dra by byeenkomste. Let daarop dat die Talit = gebedsserp, glad nie in die Torah genoem word nie en ook nie in die ganse Tanakh nie!! Dit is die vervanging van die bo-kleed ná Bavel. Let ook op dat dit nie vir 'n man tot eer van Vader is om sy hoof te bedek in aanbidding nie, 1 Kor 11:4-.
- Die vier van feeste wat nie opdragte is nie – soos Purim en Ganukkah en 9de Av.
- Wat ookal verkondig word as wet wat jy nog nie as opdrag in die Boodschap van God gevind het nie, is bes moontlik nie een van Sy opdragte nie. – Toets alles voor jy iets verkondig.

God se opdragte is duidelik – ons mag nie ons eie opinie bysit of 'n ander betekenis daaraan heg nie. Ons mag dit ook nie bevraagteken nie. Ons moet dit net doen. Wat is Sy opdragte en redes vir die feeste – het jy al ooit gaan uitvind?

Yeshua het gesê: - “As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit!!”
Yog 14:15

Sh'ma = hoor, luisterDOEN

Let asseblief versigtig op die volgende BAIE BELANGRIKE verkorte leer oor wettiesheid.

3. Wettiesheid – ‘n Belangrike stuk

Wat is wettiesheid:

1. - Dit is: om te dink dat ek enige iets kan byvoeg by die volkome verlossing van Yeshua deur die doen van wette.
2. - Dit is: gehoorsaamheid aan die letter van die wet sonder om die waarheid daarvan te aanvaar of te vertrou.
3. - Dit is: die geloof in die wet sonder om dit te doen - sonder vertrou.
4. - Dit is: om ‘n wet vanuit my eie oortuigings te skeep en dit dan op ander toe te pas as wet.
5. - Dit is: ‘n nuwe wet van wetloosheid – “Die wet het verbygegaan!”

Al hierdie is teen en breek die Torah – **geskrewe wet** (leringe of instruksies) van God. **Of die wet nou geskryf is op papier, ‘n boekrol of op (die hart) = verstand, wil en emosie – in my Gees – dit is steeds die wet van God.**

Lees weer die vorige sin en besin, dink, bid daarvoor.

Terwyl jy weer daarvoor besin wil ek net ‘n duidelike onderskeid tref – dit praat van die Wet van God – nie van die wet van mense, Rabbi’s, Interpretasies, Genootskappe, Teologieë, Tradisies of Opinies nie. Slegs en alleen die wet wat God self vir ons gegee het – DIT IS WET VAN GOD.

Hierbo is 5 stellings oor wat wettiesheid is – met ander woorde – maniere wat nie die regte manier is om met die wet om te gaan nie. Baie van ons het ‘n sekere deel van hierdie metodes iewers in ons leringe en teologie. Dit is wat God van ons vra om van ontslae te raak. Kom ons kyk na die 5 stellings:

1. Om te dink dat ek enige iets kan byvoeg by die volkome verlossing van Yeshua deur die doen van wette.

Rom 6:10 “want die dood waarmee Hy vir die sonde dood is, was eens en vir altyd, maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God.”

Rom 6:8 “As ons dan saam met Die Gesalfde Een dood is, vertrou ons dat ons ook saam met Hom sal lewe,”

As ek die twee verse saamvat – kyk of my denke sin maak: Hy het eenmalig finaal gesterf – Hy het dit klaar gedoen, daar is niks meer oor om te doen nie - ons is saam met Die Gesalfde Een dood – ons het dus ook niks meer te doen aan die betaling van ons sonde nie, want Hy het dit namens ons gedoen – die lewe wat Hy nou leef (nadat Hy vir ons sonde gesterf het) leef Hy vir God – ek moet leef soos Yeshua – die lewe wat ek dus nou leef, leef ek vir God – ek gehoorsaam met ander woorde God se opdragte, want dan leef ek vir God – my sonde is reeds betaal – ek leef in gehoorsaamheid deur Sy wette, opdragte en reëls na te kom.

Neem tyd en bestudeer en bedink dit mooi.

Nou is daar mos geen stryd tussen die twee nie – ek probeer nie weer betaal vir my sonde nie, maar ek is gehoorsaam aan Hom, want ek het Hom lief. (Kyk na die verse aan die einde van die vorige hoofstuk “Die Wet van Gehoorsamheid.”)

U moet dit die heel tyd in gedagte hou – jy mag niks doen om God te probeer help met jou verlossing of om daarvoor te betaal nie.

Gal 2:16 “weet dat die mens nie onskuldig verklaar word vanuit die doen van die geskrewe wet nie, maar deur vertroue in Yeshua, Die Gesalfde Een. Ons het ook in Die Gesalfde Een, Yeshua, vertrou sodat ons onskuldig verklaar kon word vanuit vertroue in Die Gesalfde Een en nie vanuit die doen van die geskrewe wet nie, omdat deur die doen van die geskrewe wet geen mens onskuldig verklaar sal word nie,” ^{Ps 143:2}

Gal 5:4-6 “As jy onskuldig verklaar wil word deur die wet, is jy afgesny van Die Gesalfde Een. Julle het weggeval van die onverdiende guns af, ⁵ want ons, deur die seëning van die Gees, wat deur vertroue is, bly in die aktiewe verwagting tot onpartydigheid en opregtheid, ⁶ want in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua, is nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige iets, maar vertroue wat deur liefde volmaak gemaak is.”

1 Kefa 2:24 “Hy het al ons sondes ^{Yes 53:4,12} in Sy liggaam op die kruishout ^{Deut 21:22,23} opgelig en as ons dood is aan sondes, sal ons in Sy onpartydigheid en opregtheid lewe. Deur Sy wonde is julle gesond gemaak,” ^{Yes 53:5}

Daar is ‘n resultaat op hierdie volkome verlossing en ‘n teken van die wedergebore Gees wat nou in gehoorsamheid kan lewe. Mense doen dinge omdat hulle God liefhet en wil gehoorsaam, nie omdat hulle noodwendig wil betaal vir wat hulle ontvang het nie. Ek glo dit is ondankbaarheid teenoor God se verlossing om nie dan volkome gehoorsaam te wees aan Sy opdragte nie. **Is jy gehoorsaam?**

2. Gehoorsamheid aan die letter van die wet sonder om die waarheid daarvan te aanvaar of te vertrou.

‘n Mens kan elke enkele wet gehoorsaam (behalwe, deur veronderstelling, die wet van vertroue), maar as hierdie dinge gedoen word sonder die hartsoortuigende vertroue in die enigste God wat daar is, die God wat Sy Seun gestuur het, Yeshua, om die versoening / boete vir sonde te wees, is dit betekenisloos.

Gal 3:1,2: “O, dwase oneffektiewe Galatiërs, wie het julle betower uit julle vertroue in Yeshua, Die Gesalfde Een, wat voor julle oë as die gekruisigde uitgebeeld is. ² Ek wil alleen dit van julle weet: het julle die Gees ontvang vanaf die doen van die geskrewe wet of vanaf die vertroue in wat julle gehoor het?”

Volgens Torah, is al hierdie uitwaartse “gehoorsamheid” haatlik voor God en die persoon wat dit doen, die werkheilige, “leef onder ‘n vloek,” want hy “doen nie alles wat in die boekrol van die Torah geskryf staan” nie (**Gal 3:10**). Hy “doen” nie die vertroue wat alle doen en late moet motiveer nie: “Meer nog, sonder vertroue is dit onmoontlik om Hom tevrede te stel, want hy wat na God toe gaan, moet vertrou dat

Hy Is en ‘n Beloner is van dié wat Hom soek.” (**Hebr 11:6**). Die tweede deel van **Rom 14:23** “...alles wat nie uit vertroue is nie, is sonde.” Dit lei tot **Gal 3:13** “Die Gesalfde Een het ons losgekoop vanuit die vloek wat staan in die wet^{Deut 27-28} deur vir ons ‘n vloek te word, want daar is geskryf: “Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang.” (**Deut 21:22-23**) - **ons is vrygekoop van die vloek van die wet** – nie die wet self nie. Die wet is op papier (klip) gegee en as onmiddellike strafbare opdragte, totdat dit deur Yeshua, Die Gesalfde Een, op die hart geskryf kon word – in die Gees van die mens. Die godsdiens van “doen dit, want God sê so” word ‘n verhouding van “wil dit doen om Sy ontwil.” Die manier waarop ons na die wet kyk verander – nie die wet nie. Die manier waarop ons op die wet reageer verander – nie die wet nie. Vrees vir straf is vervang met liefde. “Moet” word “wil”. “Ek steel nie, want ek sal dan die wet verbreek” word “Ek steel nie, want ek is te lief vir die persoon om sy goed te wil vat.” Dit is volledig gemaak in betekenis en waarde deur Yeshua.

3. Die geloof in die wet sonder om dit te doen - sonder vertroue.

Ya’akov 1:22 “Wees ‘n doener van die boodskap en nie net ‘n hoorder wat jouself mislei nie,²³ want as iemand ‘n hoorder van die boodskap is en nie ‘n doener nie, is hy soos ‘n man wat sy gesig in ‘n spieël sien,²⁴ want hy sien homself en gaan weg en vergeet hoe hy gelyk het,²⁵ maar elkeen wat diep insien in die volmaakte wet van vryheid en daarin volhard, omdat hy nie ‘n vergeetagtige hoorder is nie, maar ‘n doener van die daede, sal geseënd wees in wat hy doen.”

Ya’akov 2:8 “As julle die geskrewe wet van God hierin **uitvoer** soos dit geskryf is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself,^{Lev 19:18} dan doen julle goed.”

Ya’akov 2:14 “Wat is die voordeel, my broers, as iemand sê dat hy die ‘geloof’ het, maar hy het nie die daede nie? Kan sy ‘geloof’ hom red?”

Ya’akov 2:17 “Net so is ook die ‘geloof’, as dit geen daede het nie, in sigself dood,¹⁸ want iemand sê vir jou: Jy en ek het ‘geloof’; ek het werke.^{Efe 2:8-10} Wys my jou ‘geloof’ sonder daede en ek sal jou my vertroue deur my daede wys.”

Ek dink nie enige een van ons kan met die gedeeltes argumenteer nie so ek volstaan daarmee – sonder die doen (van werke) is die ‘geloof’ net dooie woorde en leeg.

Hoe kan mense jou woorde glo as jy Sy wet oortree?

4. Om ‘n wet vanuit my eie oortuigings te skep en dit dan op ander toe te pas.

Dit is vir my ‘n uitgemaakte saak – as die Lewende Skepper-God dit gesê het, is dit **DIE WET VAN GOD**. Dit is die wet wat ek moet nakom. Mense se opinies en aanlassings is nie God se wette nie. Al is hy Rabbi of Pous!

1 Kefa 4:1,2 “As Die Gesalfde Een daarom in julle plek na die liggaam gely het, het julle ook dieselfde gesindheid verkry: dat elkeen wat aan sy vleeslike liggaam gesterf het, opgehou het met alle sonde,² om gedurende die tyd wat hy in die vlees is, nie meer volgens menslike begeertes te leef nie, maar volgens die wil van God,”

Kol 2:8 “Wees versigtig dat niemand julle beroof deur filosofieë en leë misleiding nie; volgens die leringe van mense en volgens die beginsels van die wêreld en nie volgens Die Gesalfde Een nie,”

Mark 7:6-9 “⁶Hy antwoord en sê vir hulle: “Yesha’yahu het reg gefrofeteer oor julle, toneelspelers van ‘n vals karakter, soos geskrywe is: ‘Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle gedagtes en wil is ver van My af ⁷ en verniet vereer hulle My deur leringe te leer wat opdragte van mense is, ⁸ want julle verwerp die opdragte van God, maar behou die tradisies van mense: die seremoniële was van potte en bekere en baie ander dinge, dit doen julle.” ⁹ Hy sê vir hulle: “Julle verwerp wel die opdragte van God om sodoende julle tradisies te bevestig.”

Dit is duidelik – leerstellings van groepe en mense, oorleweringe of tradisies, niks is DIE WET VAN GOD, as Hyself dit nie beveel het nie.

5. ‘n Nuwe wet van wetloosheid – “Die wet het verbygegaan!”

Rom 10:4 se volledige antwoord in die vorige gedeelte oor “Gehoorsaamheid aan die wet” sal onweerlegbaar wys dat die wet nie weggeval het nie. Hier is meer:

Die woord wat ek baie hoor is: “‘n Sekere deel van die wet is geldig – die tien gebooie is nog geldig, maar die seremoniële wette het weggeval.” As dit so was, is dit interessant dat die mense wat so sê ook nie eens die 4 de gebod van die tien gebooie nakom nie, asof hy ook verval / verander is – nou watter wette is dan nog geldig?

Ek vra dat jy klaar lees voordat jy afleidings maak oor wat ons sê:

Die wet is ‘n eenheid – dit is alles een – as ek dus een breek, breek ek almal – ek breek die Wet – nie ‘n deel daarvan nie.

Ya’akov 2:10-11 “Wie ook al die hele geskrewe wet gehoorsaam, maar in een ding struikel, word deur die hele wet skuldig bevind, ^{Lev 4:2 11} want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreuk pleeg nie, het ook gesê: Jy mag nie moord pleeg nie. As jy nie egbreuk pleeg nie, maar moord pleeg, het jy ‘n oortreder van die geskrewe wet geword.”

Lev 4:2 “Praat met die kinders van Yisra’el en sê: ‘As iemand onwetend sondig teen een van die opdragte wat יהוה beveel het nie gedoen mag word nie en enige een van hulle oortree;”

Dus val of alles weg of niks. Die offer wette kon nie wegval en die morele wette is steeds dieselfde nie. Dit is die sleutel tot die verstaan van ons verhouding tot die Wet. Indien ek nog steeds een van die 10 opdragte moet gehoorsaam, moet ek al die wette gehoorsaam. Indien ek een van hulle nie hoef te doen nie – hoef ek geen wet te doen nie, dan kan ek verklaar dat die wet (‘n sekere wet) nie meer vir my geldig is nie. As ek sê dat al die wette verval het, mag ek, met ander woorde, enige iets doen. Besluit met ander woorde: mag ek steel – moord pleeg – hoereer – ander gode dien – God se eie Naam gebruik soos ek wil – enige dag as Shabbat vier?

Daar is iets fout met hierdie gedagtegang.

Asseblief stop hier en dink oor wat ons sê!

As die Bybel reg is, DIT GLO EK ABSOLUUT, dan het ons geen ander afleiding as dat alles nog geldig is nie. STOP – lees eers klaar.

Ek moet nog steeds offers bring!/? Ja – maar ek hét dit gebring en bring dit steeds deur die aanvaarding en opneem van die offer van Yeshua - eens en vir altyd!!

Rom 6:4-11 “⁴Ons is saam met Hom begrawe in die doop tot die dood sodat net soos Die Gesalfde Een uit die dood uit opgestaan het deur die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader, ons ook net so in ‘n nuwe lewe kan leef,⁵ want as ons een geword het met Hom deur dieselfde dood as Hy, sal ons ook een wees met Hom in dieselfde opstanding as Hy.⁶ Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer ‘n slaaf van die sonde sal wees nie,⁷ want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry.⁸ As ons daarom saam met Die Gesalfde Een dood is, laat ons vertrou dat ons saam met Die Gesalfde Een sal lewe,⁹ omdat ons weet dat Die Gesalfde Een opgestaan het uit die dood en nie weer sal sterf nie en die dood geen outoriteit oor Hom het nie.¹⁰ Hy wat dood is vir die sonde, het een maal gesterf en omdat Hy leef, leef Hy vir God.¹¹ Net so moet julle ook julleself beskou as dood vir die sonde en dat julle leef vir God in eenheid met ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een.”

So ook die vredesoffer – Hy is die Prins van Vrede (**Yes 9:6**). Ons het eintlik meer plek nodig om soos God oor die wet te dink, maar ek vertrou Sy Gees sal hierdie wonderlike openbaring vir jou oopmaak. Yeshua is die volledige plaasvervangende offer van al 5 die offers. (Ons het ‘n volledige uitleg oor die plek van die wet en die offers in die Nuwe Verbond in 'n DVD reeks gegee).

As ek dan nie aan die wet onderworpe is tot gehoorsaamheid nie – hoekom ry jy nog aan die linkerkant van die pad? Selfde rede – dit is vir jou beswil.

As dit so is, wat is dan die regte manier waarop die wet gesien en hanteer moet word? Wat sê God self?

Ek vra jou om asseblief self na elkeen van die gedeeltes te gaan kyk – dit is God se opinie wat tel.

Mat 5:17-19 “Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te vernietig nie. Ek het nie gekom om te vernietig nie, maar om volledig te maak,¹⁸ want dit is waar wat Ek vir julle sê: ‘Totdat die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie een ‘yud’ of een ‘strepie’ van die wet verbygaan, voordat dit alles klaar gebeur het nie.’¹⁹ Enige een, wat daarom aan een van die minste van hierdie opdragte ongehoorsaam is en ander só leer, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die hemel, maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die hemel,”

Luk 16:17 “maar dit is makliker vir die hemel en die aarde om verby te gaan as dat een strepie van ‘n letter van die wet sou wegval.”

Ya’akov 1:5 “maar as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal vrylik gee sonder om te verwyte en dit sal aan hom gegee word.”**Spr 2:3-6**

Yeshua het gesê: - “As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit!!”
Yog 14:15

Nou kan ons gaan kyk na God se feeste in die Bybel en wat God se wil is. Let op: dit is nie Joodse feeste nie, maar God se aangestelde feeste op vasgestelde tye.

Kom ons kyk nou deur die afsonderlike feeste hoe God gedien wil word en hoe Hy bemoeienis maak met Sy kinders – Die Enigste Ware Skepper-God, יהוה.

4. Shabbat

Dit is belangrik dat u die aparte inleidende deel (3.) van hierdie leringe oor die feeste genoem "Wettiesheid" sal lees indien u enige probleem of vraag het oor die wettiesheid en of geldigheid van enige van die feeste.

Let op: **Dit is FEESTE** – om te geniet met vreugde en dankbaarheid.

Die weeklikse FEES wat God vir die mens gegee het:

Dit is belangrik om te weet: Ek behoort nie aan enige denominasie nie en aanbid in Woord-gehoorsame huisgemeentes, maar erken elke wedergebore, gehoorsame, kind van God uit alle en enige groep as lede van Sy Ware Kerk. Hierdie is 'n studie van die waarheid aangaande die oorsprong en redes vir die dag waarop aanbid word en wat as **“die Here se dag”** (Afrikaanse Ou Vertaling (1933)) beskou word.

Dit is nie hoofsaaklik of alleenlik oor die dag wanneer byeenkomste moet plaasvind ens. nie, **maar oor die dag wat God vir Homself afgesonder het vir Sy doel en voorwaardes.** Daar is geen bevel in die Bybel oor watter dag Sy kinders weekliks **bymekaar** moet kom nie!

‘n Belangrike nota: van die vroegste tye af het die Romeinse Kerk probeer om God toe te eien deur te probeer om die Jode en hulle Bybelse praktyke en wette te verwerp. Selfs Luther wou hulle almal dood hê. Moenie in die strik trap en God se volk of enige van Sy wette verwerp, deur dit mis te verstaan nie. Die wet is ‘n eenheid, verwerp een deel en jy verwerp alles. Sonder die wortels kan die boom ook nie lewe nie. Ons is ingeplant in die wortelstelsel wat God aan Yisra’el gegee het, (**Rom 11**) en Yisra’el is deur God gekies om Sy wil aan al die volke bekend te maak. Die wet is nie Yisra’el s'n nie, maar hulle is as voorbeeld geroep vir alle nasies.

Ons is nie onder beheer van die wet nie, maar onder beheer van die Gees van God wat Sy wette gee en erken.

Enige bespreking oor die Bybelse feeste, of oor die afgesonderde dae, moet begin word met die Shabbat. Dit is nie slegs eerste genoem in die volgorde van **Lev 23** nie, maar is ook eerste in belangrikheid. Dit is so belangrik dat God dit as reg gesien het om dit in die Tien Gebooe in te sluit en sonder dit af as een van Sy “afsprake,” nie net een keer ‘n jaar soos die ander feeste nie, maar een keer ‘n week. Deur na skrif te kyk wat die Shabbat noem sal die sleutels tot hou van hierdie belangrike afspraak met die Vader uitgelig word. Shabbat is nie wetties nie, maar ‘n opdrag tot ‘n fees en tot rus. As dit nie 'n fees is nie, is daar iets fout.

Belangrik om te sien = Shabbat is nie slegs met die gee van die skriftelike wet ingestel nie, maar is alreeds afgesonder by die skepping: **Gen 2:3** “God seën **die sewende dag** en sonder dit af as afgesonderd.”

Ongelukkig is dit so dat die dag wat vir God afgesonder word deur die Kerksisteme verander is en ons moet eers die waarheid gaan vind oor watter dag God se dag is, voordat ons kan kyk wat Sy opdragte daarvoor is. Wat jy ookal glo – kyk asseblief versigtig na die volgende en vra God om die waarheid aan jou te openbaar.

Sondag of Shabbat

Sondagviering word nagespoor tot 111-138 n.C. toe Romeinse anti-Joodse onderdrukking 'n beleid van apartheid van Joodse gewoontes afgedwing het en nie soos deur sommige beweer, as gevolg van die opstanding van Yeshua op die eerste dag van die week, of dat die eerste Kerk op die eerste dag bymekaar gekom het nie. Die Kerk het op Shabbat en Shabbataande na sonder, met ander woorde reeds die eerste dag van die week, (die dag begin en eindig met sonsondergang) bymekaargekom en steeds die Shabbat eerbiedig. Almal is beveel om Sondag te gehoorsaam as respekbetoning aan die songod wat aanbid is; in 321 het Konstantein vereis dat alle onderdane van die Romeinse Ryk Sondag sal hou as “Die dag van die Here” en as ‘n dag van rus. Ek wonder hier, voor ons aangaan, watter ‘Here’ hy van praat? Laat ons kyk wat die Bybel sê watter dag is die **“Dag van die Meester.”**

Yes 58:13-14 “As jy, as gevolg van die Shabbat, jou voet wegdraai daarvan om jou eie plesier **op My afgesonderde dag** te doen en **die Shabbat** ‘n vreugde, die afgesonderde dag van הַשַּׁבָּת eerbaar, noem en dit eer, deur nie jou eie dinge te doen, jou eie plesier te soek en jou eie woorde te praat nie,¹⁴ **dan sal jy vreugde vind in הַשַּׁבָּת** en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou voed met die erfenis van Ya’akov, jou vader, want **die mond van הַשַּׁבָּת het gepraat.**”

Dit is die dag van die Meester – **dít** is die dag wat Hy bepaal het.

Daar is geen beweegrede om Shabbat na Sondag toe te verander nie – GEEN. Weet u dalk van ‘n opdrag in die Bybel wat ek gemis het, wat ons beveel om die opstandingsdag van Yeshua te herdenk en af te sonder as Shabbat?

Die genootskappe beweer dan dat hulle die opstandingsdag van Yeshua vier – met watter opdrag? As u dit wil vier hierom, goed, maar dit kan nie God se Shabbat vervang nie. U sal saamstem dit is ‘n menslike besluit en geen mens kan “Shabbatte” aankondig nie – net God – LEES ASB. VERDER.

Hoekom hou die “Christen” kerk Sondag as ‘n afgesonderde dag sonder opdrag of bevel!! In die lig van die volgende definisies uit woordeboeke, wonder ‘n mens. Lees ernstig asseblief. Hierdie bevindinge het gevolge.

Webster’s Int. Dict., 19 th ed – Sunday ..so called because this day was anciently dedicated to the sun, or its worship.

Schaff-Herza Encyclopedia – Sunday – ‘dies solis’ on the Roman calendar, ‘day of the sun’, the...

John Eadie, D.D., LL.D., A Bible Cyclopedia p561 –” Sunday was a name given by the heathen to the first day of the week, because it was the day on which they worshipped the sun.”

Stop asseblief net hier en kyk weer – wat beteken dit?

Dani'el 7:25 sê: “Hy sal magtige woorde teen die Allerhoogste praat en probeer om die afgesonderdes van die Allerhoogste te vervolg (uit te put.) Hy sal mik om (probeer om) die afgespreekte tye (seisoene) (God se afgesonderde dae en wette) te verander;.....” (vry vertaal uit Hebreeus)

Dani'el het voorspel dat iemand die tye en die feeste, wat deur God vasgestel is, gaan probeer verander – ons erken die ander 2 voorspellings in dieselfde vers – wat van dié een? Volgens my kennis is die wonder van die Skrif daarin dat al die profesieë vervul is of vervul word. Wanneer en wie het die tyd van God se Shabbat verander?

Mag ek aanhaal uit die Roomse Kerk se geskrifte en wat hulle verteenwoordigers sê: (Geneem uit ‘n praatjie van Prof. Walter J. Veith)

The Convert's Catechism of Catholic doctrine - 1957, p50

Q. Which is the Sabbath day?

A. Saturday is the Sabbath day.

Q. Why do we observe Sunday instead of Saturday?

A. We observe Sunday instead of Saturday because the Catholic Church transferred the solemnity from Saturday to Sunday.

Catholic Record Sept 1, 1923

“Sunday is our mark of authority... The Church is above the Bible, and this transference of Sabbath observance is proof of that fact.”

Catholic World, March 1894, p.809

“She took the pagan Sunday and made it the Christian Sunday... and thus the pagan Sunday, dedicated to Balder (Baal), became the sacred Sunday sacred to Jesus.”

Faith of our Fathers – Cardinal Gibbons

“Of course the Catholic Church claims that the change was her act, and the act is a mark of her ecclesiastical power.”

Father Enright, American Sentinel, June 1893

“The Bible says: remember that thou keep holy the Sabbath day. The Catholic Church says: No! By my divine power I abolish the Sabbath day and command you to keep holy the first day of the week. And lo, the entire civilized world bows down in reverent obedience to the command of the holy Catholic Church.”

Chatechismus Romanus 1867 Ch 3

Pope Pius 1566 commanded by council of Trent. “It pleased the church of God that the religious celebration of the Sabbath day should be transferred to the Lords day (Sunday)” – see **Yes 58:13**

Catholic press (Sydney) Aug 25, 1900

‘Sunday is a Catholic institution, and its claims to observance can be defended only on Catholic principles...From the beginning to the end of Scripture there is not a single passage which warrants the transfer of weekly public worship from the last day of the week to the first.’

The Catholic Mirror Sept 23, 1893

‘The Christian Sabbath is therefore to this day the acknowledged offspring of the Catholic Church, as spouse of the Holy Ghost, without a word of remonstrance from the protestant world.’

Albert Smith, Chancellor of the Achdiocese of Baltimore

‘If protestants would follow the Bible, they should worship God on the Sabbath day. In keeping the Sunday they are following a law of the Catholic Church.’

S C Mosna, Storia della Domenica, 1969 pp 366-367

“Not the Creator of the Universe, in Gen 2:1-3, but the Catholic Church can claim the honor of having granted man a pause in his work every seven days.”

The Catholic Mirror Dec 23, 1893

“Reason and common sense demand the acceptance of One or the other of these alternatives: either Protestantism and the keeping holy of Saturday, or Catholicity and the keeping holy of Sunday. Compromise is impossible.”

**Om regverdig te wees laat ons kyk na verklarings van sommige van die
“protestantse” kerke:**

Episcopal:

Manual of Christian Doctrine p127

“Is there any command in the New Testament to change the day of weekly rest from Saturday to Sunday? None.”

Why we keep Sunday p28

“We have made a change from the seventh day to the first day, from Saturday to Sunday, on the authority of the one holy Catholic and apostolic church of Christ.”

Lutheran:

The Augsburg confession

“The observance of the Lord’s day (Sunday) is founded not on any command of God, but on the authority of the church.”

Presbyterian:

N L Rice – The Christian Sabbath p60

“A change of the day to be observed from the last day of the week to the first. There is no record, no express command, authorizing this change.”

Methodist:

H F Rall, Christian Advocate July 2, 1942

“Take the matter of Sunday... there is no passage telling Christians to keep that day, or to transfer the Jewish Sabbath to that day.”

Congregationalist:

Dr. R W Dale – The Ten Commandments pp100-101

“It is quite clear that however rigidly or devoutly we spend Sunday, we are not keeping the Sabbath... There is not a single sentence in the New Testament to suggest that we incur any penalty by violating the supposed sanctity of Sunday.”

Anglican:

Rev Lionel Beere, Church and people Sept 1, 1947

“Many people think that Sunday is the Sabbath, but neither in the New Testament nor in the early church, is there anything to suggest that we have any right to transfer the observance of the seventh day of the week to the first. The Sabbath was and is Saturday and not Sunday.”

Baptist:

Dr Edward T Hiscox (author of the Baptist Manual) New York Ministers conf., Nov 13, 1893

“There was and is a commandment to keep holy the Sabbath day, but that Sabbath day was not Sunday... There is no scriptural evidence of the change of the Sabbath institution from the seventh day to the first day of the week.”

Hoe Rooms / heidens is jou godsdiens en die praktyke in jou Kerk? – voor jy antwoord – Wie het; en om watter rede is; die Shabbat na Sondag verskuif?

Laat ons kyk na sommige skrifte uit die Nuwe Verbond oor die eerste dag van die week en wat mense gedoen het.

Mat 28:1, Mar 16:1,2, Luk 24:1– Die 2 Miryams het gekom om die graf te sien en die liggaam te salf – dit sou volgens die wet werk wees wat hulle hier op ‘n Sondag (die eerste dag van die week) wou doen. Hulle het dan juis gewag dat die Shabbat verby is? Maak dit enigsins sin?

Mar 16:9, Yog 20:17– Yeshua het opgestaan en aan ‘n vrou ‘n opdrag gegee om ‘n boodskap te neem vir Sy volgelinge om op 'n ver plek bymekaar te kom op die eerste dag (Sondag) – die bring van 'n boodskap en so ver loop, is werk.

Dit is hier belangrik om te noem dat God elke dag met sonsondergang laat begin het. Die eerste dag van die week begin dus met sonsondergang op Shabbataand.

In **Hand 20:7** en op ander plekke, as gesê word dat hulle op die eerste dag van die week bymekaargekom het, moet ons onthou dat die Joodse (en God se) dag met sonsondergang die vorige dag begin. Hulle het heel moontlik met die afeindiging van die Shabbat, Shabbataand, wanneer Jode tradisioneel bymekaar kom en ‘n ligte maal saam nuttig, ontmoet. Sha’ul het gepraat tot na middernag – omtrent 6 ure. As hier gepraat word van Sondag sou dit beteken dat hy heeldag gepraat het en dan die volgende dag vertrek het! Wow! Meer waarskynlik en in konteks, het hy Sondagoggend vertrek – ‘n gewone werksdag vir Jode. Hy sou nie toegelaat word om so op die Shabbat te reis nie. Ons vergeet gewoonlik dat die eerste dag ‘n normale werksdag was vir alle Jode, insluitende hulle wat Die Gesalfde Een aanvaar het. Hulle kon nie sommer net die dag gebruik as ‘n tyd van byeenkomste nie – hulle moes werk. Die eerste kerk het NIE tydens die daglig van die eerste dag bymekaar gekom nie, maar aan die begin van die eerste dag, dit is aan die einde van die Shabbat = Saterdag na sonsondergang en nie omdat Yeshua op die Sondag opgestaan het nie, maar omdat dit die tyd was wat hulle beskikbaar gehad het om bymekaar te kom, want die volgende dag – Sondag – die eerste dag van die week het hulle gewerk. Indien die kerk homself nie met opset van die Joodse en dus Bybelse praktyke gedistansieer het nie, sou dit nooit hierdie fout gemaak het nie.

Mat 24:20 – verwysing word na 70 en 135 na Yeshua gemaak met ‘n gebed dat die ontvlugting nie op ‘n Shabbat moet wees nie! Yeshua het geweet dat Shabbat in 70 en 135 na Yeshua nog steeds Shabbat sou wees. Die misleidende leuen dat die eerste kerk tydens Sondag bymekaar gekom het, het ons almal van die waarheid van die Woord af laat wegtrek. Ek wil dit verklaar sonder enige verkeerd verstaan: die kind van God tydens die eerste 2 eeue het die Shabbat gehou en gehoorsaam, Sinagoges besoek en daarna, as verlostes, die aand bymekaar gekom, brood gebreek, as herinnering aan Yeshua se liggaam en die vrug van die druif gedrink as herinnering aan Sy bloedverbond en dan saam geëet.

Hand 13:42,44 – Hier is dit absoluut verseker dat Sha’ul vir Jode en nie-Jode op die Shabbat geleer het. Sha’ul en die eerste kerk het Shabbat gehou.

Net die Gees kan ons van waarheid oortuig. Nou gaan ons kyk na die opdragte en doel van die Shabbat.

Wie se dag sonder jy af?

Eks 20:8-11: Let hier op dat dit gespesifiseer word en nie algemeen is nie – jy kan nie kies watter dag Shabbat is nie – nie enige dag is Shabbat nie,
MAAR: DIE SEWENDE DAG.

Shabbat is primêr ‘n dag van rus en geestelike verreiking. Die woord “Shabbat” kom van die basis שבת Shin-Bet-Tau af en beteken om op te hou, te eindig, of om te rus. Dit is die sentrale element van hierdie fees en is een van die dade wat ons moet doen om dit korrek te kan onderhou. In Sy oneindige wysheid, sê God vir ons om tyd te neem om onself te herlaai – fisies, geestelik en emosioneel.

Ons is so besig met ons volgestopte skedules dat dit vir ons moeilik is om hierdie geskenk te aanvaar, deur tyd in te ruim om te rus. God verstaan dit ... dat as ons gelos word, ons net sal aanhou en aanhou tot ons uitgebrand is en dan van geen nut of waarde vir enige een is nie. God, wat ons gemaak het uit die stof van die aarde, weet dat rus nodig is vir ons om op ons kreatiefste, entoesiastiese, gesondste en geestelik betroubaarste hoogtepunt te kan funksioneer. In die vlees is daar altyd “nog een ding om te doen,” maar as ons in die gat van “besig wees” val, val ons in een van Satan se valle.

Vir hulle wat Shabbat onderhou is dit ‘n kosbare geskenk van God, ‘n dag van groot vreugde, gretiglik verwag dwarsdeur die week, ‘n tyd wanneer ons al ons weeksdade se bekommernisse eenkant kan sit en onself aan hoër werksaamhede kan wy en waarlik Sy rus ingaan en beslis nie ‘n swaar wet en verpligting nie. In Joodse literatuur, gedigte en musiek word die Shabbat as ‘n bruid of koningin beskryf, soos in die populêre Shabbat lied 'Lecha Dodi Likrat Kallah' (Kom, my geliefde, om die [Shabbat] bruid te ontmoet).

Daar word gesê: “Meer as wat Yisra’el Shabbat gehou het, het Shabbat Yisra’el onderhou.”

Rus net hier vir ‘n oomblik en deurdink hierdie stelling deeglik.

Mense sê vandag: "Ek het te veel dinge wat belangrik is, ek kan nie bekostig om ‘n hele dag weg te bly nie" – JY KAN NIE BEKOSTIG OM NIE AAN GOD GEHOORSAAM TE WEES NIE.

Shabbat is nie spesifiek ‘n dag van gebed nie. Alhoewel ons wel op Shabbat bid, is gebed nie wat Shabbat onderskei van die res van die week nie. Ons bid elke dag. Om te sê dat Shabbat ‘n dag van gebed is, is niks minder reg as om te sê dat Shabbat ‘n dag van feesvieringe is nie: ons eet elke dag, maar op Shabbat eet ons meer uitspattig en op ‘n meer ontspanne manier. Dieselfde kan gesê word oor gebed op Shabbat, ‘n fees van geestelike genot.

Die Doel van Shabbat

- 'n Dag van rus
- 'n Dag van seëning
- 'n Dag van vrede
- 'n Teken
- 'n Herdenking aan die skepping en die Skepper
- 'n Simbool van afsondering / andersheid
- 'n Afgesonderde dag
- 'n Ewige verbond

Dit is een van God se seëninge vir Sy volk, wat hulle toegelaat het om uit te styg tot bo, in ontelbare velde en dissiplines, ongeag die vervolging. Gehoorsaamheid aan die Bybelse Shabbatwette het ook die Joodse volk (en gehoorsame kinders van God) as 'n onmiddellike uitkenbare eenheid vir God se gebruik behou. (God het dit 'n teken genoem) **Eks 31:13** “Praat jy met die kinders van Yisra’el en sê: ‘Julle moet sekerlik My Shabbatte hou, want **dit is ‘n teken tussen My en julle** regdeur julle geslagte sodat julle kan weet dat Ek יהוה is wat julle afsonder.” Yeshua erken die gawe van die Shabbat as Hy sê: “Die Shabbat is vir die mens gemaak, nie die mens vir die Shabbat nie,” **Mar 2:27**. Ons, as mens het die Shabbat nodig om te rus, nie God nie, en as afsondering tot God om onself weer vol te maak.

Hy het die gebooi opgesom met:

Mat 22:37-40: “Yeshua antwoord hom: ^{Lev 19:18c}“Jy moet יהוה, jou God, liefhê in al jou verstand, wil en emosies en in jou hele gees en in al jou verbeelding en begrip. ³⁸Dit is die eerste en grootste opdrag ³⁹en die tweede is soortgelyk.” ^{Deut 6:5} Jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. ⁴⁰**Aan hierdie twee opdragte hang die hele wet en die profete.”**

Yeshua erken die wet en dat die hele wet oor hierdie twee dinge gaan.

Die eerste drie van die Tien Gebooi handel oor die vertikale verhouding met God. (Jy moet יהוה, jou God, liefhê.) Gehoorsaamheid aan hierdie opdragte wys dat ons Hom liefhet met ons hele wese. Die laaste ses handel oor die horisontale verhouding met ons medemens. (Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.)

Die vierde, die Shabbatwet, is die skanier wat ons liefde vir God en mens saambind. Wanneer ons, ons gewone werksdae van die afgesonderde dag afsonder, verklaar ons ons liefde en dankbaarheid teenoor God. Ons is lief vir ons Hemelse Vader en wil Hom behaag deur ons gehoorsaamheid.

Respektering van Shabbat erken Hom as die Skepper van die heelal: **Gen 2:3**. Deur nie hieraan gehoor te gee nie, is een van die hoof redes waarom Kerkmense begin glo in Evolusie of die boetie daarvan nl. die Gapingsteorie (miljoene jare tussen **Gen 1:1 en 1:2**) en die gevolge daarvan is om die Bybel te verwerp as onfeilbaar, absoluut waar en daarom Hom as Skepper te verwerp.

Die vierde gebod laat ons ook toe om uitdrukking te gee aan ons liefde vir ander, omdat ons ons seuns, dogters, bediendes en vreemdelinge moet toelaat om in ons rus te deel. Ons kan weekliks aan hulle demonstreer dat ons hulle liefhet soos onself. Dus is die Shabbatsrus vir almal. Toe Yeshua verklaar het dat dit vir **die mens** gemaak is, het Hy 'n woord gebruik wat vertaal na 'n geslagsterm vir die mensdom, beide Jood en nie-Jood, dieselfde. (Nou miskien is dit nie geldig vir hulle wat nie mense is nie!) Hierdie idee is duidelik gemaak in Yesha'yahu, **Yes 56:2-7**. Die teken van die vreemdeling wat besluit om die enigste ware Skepper-God te dien, is in die hou van die Shabbat en die vashou aan die verbond. Die verklaring dat Shabbat slegs vir die Jood gegee is, is nie geldig nie. Die opdrag bestaan van voordat Yisra'el as volk bestaan het. Vanaf die skepping – vir alle volke en nasies en skepsele.

'n Ander sleutel element in die hou van Shabbat, geneem uit die vierde gebod, is: “**onthou...**” wat impliseer dat van al tien gebooie hierdie een, die een is wat heelwaarskynlik geïgnoreer en vergeet sal word. Sy unieke voorvoegsel verhinder enige reg om die Shabbat te ignoreer as ons sê dat die ander 9 steeds geldig is. God erken dat dit baie maklik vir die mens sal wees om hierdie gebod te ignoreer, veral in vandag se kultuur, aangesien dit die enigste een is sonder 'n dreigement van siviele straf of skending van reputasie. **Om hierdie rede kan die hou van die Shabbat as ware toets van gehoorsaamheid dien, gemotiveerd alleenlik deur 'n begeerte om God te behaag in alle dinge en nie uit wettiese werke nie.** (Lees asseblief die afsonderlike gedeelte oor Wettiesheid.)

Die belangrike aspekte van die opdrag oor Shabbat

1. Zachor: Om te onderhou

Ons word beveel om Shabbat te hou, maar onderhou beteken baie meer as slegs om nie te vergeet om Shabbat te hou nie. Dit beteken ook om die rede en belangrikheid van Shabbat te onthou, beide as herdenking van die Skepping en as herdenking van ons vryheid uit slawerny van sonde.

In **Eks 20:11**, verduidelik God, “want vir ses dae het יְהוָה die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is **en op die sewende dag**, het Hy gerus, daarom het יְהוָה die Shabbatdag geseën en dit afgesonder.” Deur op die sewende dag te rus en dit af te sonder, onthou en erken ons **dat God die Skepper is** – van die hemel en die aarde en alle lewende wesens. Ons streef ook die goddelike voorbeeld na deur ons te onthou van werk op die sewende dag, soos God gedoen het. As God se skeppingswerk eenkant toe geskuif kan word vir 'n dag van rus, hoe kan ons glo dat ons eie werk te belangrik is om tydelik eenkant toe geskuif te word?

Shabbat is 'n feesdag waarop die Skepper-God aanbid en geëer word.

In **Deut 5:15**, terwyl Moshe die Tien Gebooie herhaal sien hy die tweede ding wat ons moet onderhou op die Shabbat: “Onthou dat jy in Egipteland 'n slaaf was en dat יְהוָה, jou God, jou daarvandaan uitgelei het deur 'n magtige hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het יְהוָה, jou God, jou beveel om die Shabbatdag te hou.”

Wat het die uittog te doen met rus op die sewende dag? Dit gaan alles oor vryheid. Soos wat ek voorheen gesê het, in die ou tyd was ledige tyd net vir sekere klasse; slawe het nie dae af gekry nie; dus, deur op die Shabbat te rus, word ons herinner daaraan dat ons vry is, maar in 'n meer algemene betekenis bevry Shabbat ons van ons weksdag bekommernisse, ons skedules, verpligtinge en tydsgrense. Gedurende die week is ons slawe van ons werk, ons krediteurs, ons behoeftes om vir onself te voorsien; op Shabbat is ons bevry van hierdie bekommernisse. Ons herinner onself aan ons vryheid van sonde se houvas oor ons. Ons vier ons vryheid – nie deur die wet te verwerp nie, maar deur dit te gehoorsaam, uit ons eie vrye wil.

Shabbat is 'n feesdag om die skepping te vier.

Shabbat is 'n feesdag om ons vryheid te vier.

Dit alles is rede om fees te vier!!

2. Shamor: Om te hou

Natuurlik sal geen bespreking van Shabbat volledig wees sonder 'n bespreking van die werk wat verbied word op Shabbat nie. Dit is 'n ander aspek van Shabbat wat op groot skaal misverstaan word deur mense wat dit nie onderhou nie.

Die Torah verbied nie “werk” in die 21ste eeuse Afrikaanse betekenis van die woord nie. Die Torah verbied “melagah” (Mem-Lamed-Alef-Kaf-Heh), wat gewoonlik vertaal word as “werk,” maar wat nie presies dieselfde betekenis het as die Afrikaanse woord nie. Voor jy die Shabbat se beperkings kan begin verstaan moet jy die woord “melagah” verstaan.

Melagah verwys in die algemeen na die soort werk wat kreatief is of wat kontrole of gesag oor jou omgewing uitoefen. Die woord kan verband hou met die woord “melech” (koning: Mem-Lamed-Kaf). Die kern voorbeeld van melagah is die werk om die heelal te skep, wat God gestop het op die sewende dag. **Neem kennis** dat God se werk nie 'n groot fisiese inspanning was nie: Hy het gepraat en dit het gebeur. Dit gaan nie oor die inspanning nie.

Die woord melagah is selde gebruik buite die konteks van Shabbat- en feesbeperkings in die skrif. Die enigste ander herhaalde gebruik van die woord is in die bespreking van die bou van die Tabernakel en sy gebruiksartikels in die wildernis, **Eks 31 en 35-38**. Neem kennis dat die Shabbatbeperkings herhaal word tydens hierdie bespreking (**Eks. 31:13**), dus kan ons aflei dat die werk om die Tabernakel te skep op die Shabbat gestop moes word. (Skeppende werk wat hulle dagtaak was.)

Vanuit dit het die rabbi's (**nie die Woord of God nie**) tot die slotsom gekom, dat die werk wat op Shabbat verbied word, dieselfde is as die werk wat gedoen is, om die Tabernakel te skep. Hulle het 39 kategorieë van verbode dade daargestel, almal is tipes werk wat nodig was om die Tabernakel te bou – met nog honderde gespesifiseerde dade.

Let op – ek lys die werke, wat deur die rabbi's as “wette” opgestel is, as inligting, maar stel dit weer duidelik – ek erken net God se opdragte, want Hy alleen ken ons en weet wat is nodig. Hierdie is 'n voorbeeld van hoe die mens God se wette moeilik maak.

Hierdie is, volgens ons, rabbiniese gevolgtrekkings en nie Torah nie. Dit is nie so in die Woord van God neergestip nie.

- | | |
|--|--|
| 1. Saai | 2. Verdeling van twee garingdrade |
| 3. Ploeg | 4. Vasmaak |
| 5. Oes | 6. Losmaak |
| 7. Bind van gerwe | 8. Werk van twee steke naaldwerk |
| 9. Dors | 10. Skeur |
| 11. Wan | 12. Vang van goed in valle |
| 13. Uitsorteer | 14. Slag |
| 15. Maal | 16. Afslag |
| 17. Sif | 18. Sout van vleis |
| 19. Knie | 20. Velle brei |
| 21. Bak | 22. Skraap van velle |
| 23. Skeer van wol | 24. Opsny van velle |
| 25. Was van wol | 26. Skryf van 2 briewe – hou van rekords |
| 27. Uitslaan van wol | 28. Uitvee van twee briewe |
| 29. Kleur van wol | 30. Bou |
| 31. Spin | 32. Afbreek van ‘n gebou |
| 33. Weef | 34. Blus van ‘n vuur |
| 35. Maak van twee lissies | 36. Maak van ‘n vuur - enige |
| 37. Weef van 2 garingdrade | 38. Slaan met ‘n hamer |
| 39. Die neem van ‘n voorwerp vanaf ‘n privaat plek na die publiek of van ‘n voorwerp in die publieke area. | |

Al hierdie take is verbied, sowel as enige taak wat op dieselfde beginsels opereer of dieselfde doel het. Daarmee saam het die rabbi's dit verbied om in kontak te kom met enige impliment wat vir die bogenoemde take gebruik kan word (byvoorbeeld, jy mag nie aan ‘n hamer of pen raak nie,) ook reis en ander weeksdag take wat sal inmeng met die gees van Shabbat. Die gebruik van elektrisiteit is verbied, want dit dien dieselfde doel as vuur of as sommige van die ander verbode take of omdat dit tegnies as vuur gesien word. So ook die bestuur van ‘n motor – dit veroorsaak konstante vuur in die motor. Dit is presiese voorbeelde van WETTIESHEID en nie wet nie. Dit is ook nie rede vir ‘n fees nie!

Dit sal meer korrek wees om te sê dat dit jou normale werk is, dit wat jou besig hou vir 6 dae van die week, waarna verwys word.

Soos met amper al die opdragte, kan al hierdie Shabbatbeperinge gebreek word, as dit nodig is om ‘n lewe te red of om goed te doen of die Koninkryk te dien.

Yog 7:23; Luk 14:3-5; Luk 13:16; Luk 6:9

NB! -Yeshua was nie teen die Shabbat nie. Hy was teen die wettiese, rabbinies gemaakte wette **wat van die Shabbat 'n las in plaas van 'n vreugde gemaak het**, waar mense meer gerig was op die beperkinge en die ware betekenis, wat God vir die Shabbat het, gemis is.

In die Nuwe Verbond is die Tien Gebooie omskep in tien beloftes wat ons moet vertrou en omvou wanneer die Gees van Afsondering in ons harte praat. Dit kan verstaan word as ons kyk na die Hebreeus. Woorde vir 'n opdrag soos "lo tinaf", "moenie egbreek nie", kan as 'n toekomstige belofte van vertrouwe geïnterpreteer word, "jy **sal** nie egbreuk pleeg nie." Op dieselfde manier as God se wet op ons harte geskryf is, sal ons nie ongehoorsaam wil wees aan hulle nie, want ons nuwe natuur sal ons Hemelse Vader tevrede wil stel.

Dit gee ons nie die vryheid om weg te doen met God se uitdruklike opdragte nie... as gelowiges in Die Gesalfde Een het ons dieselfde behoefte om die duidelike onderskeiding tussen die gewone weksdae en die Shabbat, wat eenkant gesit is vir God, te eer. Nou is dit net dat hierdie opdrag op ons harte geskryf staan in plaas van op die klip tafels. Shabbatsonderhouding is nie wetties nie; ons probeer **nie ons verlossing hierdeur verdien nie**, maar eerder om te wys dat, **omdat ons gered is**, ons nou 'n begeerte het om God tevrede te stel, deur te eer wat Hy daargestel het. Dit is nie wetties om die geskenk van 'n rusdag te aanvaar, wat ons versterk en Sy seëninge dan te ontvang, wat Hy belowe het, nie. Nog minder is dit wetties om Sy opdragte te gehoorsaam – die Nuwe Verbond sê **Yog 14:15** "As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit." **1 Yog 2:4**: "As jy Hom liefhet, sal jy Sy opdragte uitvoer" en ek sien geen bewys dat hierdie opdrag verander het nie, of dat die mens die reg het om dit te verander nie.

Solank dit 'n dag van vreugde en feesviering bly.

3. 'Owth' – Nog 'n doel van Shabbat is dat dit moet dien as 'n teken (merk):

Eks 31:12-17: ¹⁷"Dit is 'n ewige teken tussen My en die kinders van Yisra'el, want in ses dae het יהוה die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en is verfris." Shabbat is afgesonderd; die sewende dag is 'n Shabbat van rus, afgesonderd vir יהוה.

Yeg 20:12,20: "Ek het ook vir hulle My Shabbatte gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat Ek יהוה is wat hulle afsonder, ...Sonder My Shabbatte af en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek יהוה, julle God, is." = God se merk.

Deut 11:18 in jou verstand en wil en in jou optrede bête - vasbind aan jou hand

Eks 13:9 en Deut 6:8 = Laat dit 'n teken wees op jou voorkop **EN** op jou hand. Die teken (merk) van God op die kind van God is die aanvaarding, vertrouwe **EN** doen van die wil van God.

Die merk van die dier in **Open 13:16** - ontvang die merk op die regter hand **OF** die voorkop. Die merk van die dier word gegee **OF** om nie te vertrou en die woorde van God te aanvaar nie, Of om dit nie te doen nie. **God se opdrag is in BEIDE** – die een sonder die ander beteken niks nie. Die vyand hoef net een van hulle weg te neem om sy doel te bereik.

Die Hebreeuse woord vir “teken,” wat ook ‘n “merk” beteken, wys ook op ‘n belofte of bewys van wat belowe is. God het vir ons sekere beloftes gegee en Shabbat is ‘n daadwerklike bewys van Sy verbintenis om Sy beloftes te hou. Dit is ‘n prentjie van eeue oue ooreenkomste tussen ‘n koning en sy minderes. Die koning sal sy eie teken in die middel van die ooreenkoms ingegraveer hê as waarborg dat hy sy kant van die ooreenkoms sal hou. God het reeds jare terug met Avraham en sy nageslagte ooreenkomste gemaak. Nou, in Eksodus, in die middel van ‘n wettige dokument, herinner God Sy mense dat Hy van plan is om hulle God te bly en hulle geroep het om afgesonder te wees van die nasies. Dit is Sy handeling, Sy voornemens en doel. ‘n Teken of merk soos hierdie moet 3 kwaliteite hê: Titel, Naam en Sfeer van outoriteit, **Eks 20:8-11**.

Titel: Skepper-God;

Naam: יהוה Yahuah

Sfeer: Hemel, aarde, see en alles in hulle.

Dit is God se ‘merk’ – stempel en teken. **Die vraag is wie se merk dra jy?**

Lev 26 bring die onderhouding van die Shabbat in verband met die seëninge, wat kom deur gehoorsaamheid, sowel as die vloeke deur ongehoorsaamheid:

Lev 26:2-4 “Julle moet My Shabbatte hou en My Afgesonderde plek respekteer. Ek is יהוה.³ As julle volgens My reëls loop en My opdragte beskerm en dit doen,⁴ sal Ek julle reën gee in sy seisoen en die land sal sy opbrengs gee en die bome van die veld sal hulle vrugte gee.”

Lev 26:27-28 “Na al hierdie, as julle My nie gehoorsaam nie, maar julle teen My versit,²⁸ sal Ek My in woede teen julle versit en Ek, ja Ek, sal julle sewevoudig dissiplineer vir julle sondes.”

Hy praat deur Yesha’yahu en beloop vreugde en noem ook die Shabbat ‘n genot: **Yes 58:13-14** "As jy, as gevolg van die Shabbat, jou voet wegdraai daarvan om jou eie plesier op My afgesonderde dag te doen en die Shabbat ‘n vreugde, die afgesonderde dag van יהוה, eerbaar noem en dit eer, deur nie jou eie dinge te doen, jou eie plesier te soek en jou eie woorde te praat nie,¹⁴ dan sal jy vreugde vind in יהוה en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou voed met die erfenis van Ya’akov, jou vader, want die mond van יהוה het gepraat.””

Vir alle gelowiges is Shabbat ‘n weerspieëling van hoe God ons geseën het:

Dit moet vir ons ‘n vreugde en genot wees en nie ‘n las waar ons voel ons is ontsê van dinge nie.

Hy konnekteer dit ook met Sy verlossing:

Deut. 5:15 “Onthou dat julle slawe in Egipte was en dat יהוה, julle Magtige God, julle daar uitgebring het met ‘n kragtige hand en ‘n uitgestrekte arm; daarom het יהוה, julle Magtige God, **julle bevel gegee om die Shabbatdag te onderhou.**”

Net soos die nasie van Yisra’el verlos is uit die kettings van Egipte, waar hulle geen rus gehad het nie, is ons ook as gelowiges verlos van die kettings van die sonde.

Lev 26:13 - Yeshua het ons vrygemaak van die slawerny ... Hy is Meester van die Shabbat en dit is deur Hom dat ons ons rus vind, **Mat 12:8.**

Shabbat is ‘n weerspieëling van ons lewe as gelowiges in Die Gesalfde Een:

Heb 4:9-10 - “Daar bly dus ‘n hou van Shabbat oor vir die mense van God,¹⁰ want wie in Sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke net soos God van Syne.”

Net soos die verlore Yisra’eliete wou teruggaan na Egipte, so trek ons vleeslike, wat konstant begeer om “te doen,” ons om die Shabbatsrus eenkant toe te skuif in ruil vir die wêreldse optrede. Ons is geroep om in vertroue te lewe, wat insluit om God te vertrou, dat ses dae se werk elke week genoeg is om te bereik wat gedoen moet word. Ons het ‘n weeklikse herinnering daaraan nodig. Ons kom bymekaar op dié dag om Hom te dank vir die rus, van die wêreld en sy sonde, wat Hy vir ons gegee het.

Die vroeë gelowiges in Yeshua het dit verstaan en aangehou om die Shabbat te eer, **Luk 23:56.**

Om Hom op Shabbat te aanbid word ons verstand, wil en emosie en gees van ‘n week van wêreldse gejaagdheid verfris en hernu.

Hoe eer ons God se opdrag deur die Shabbat afgesonderd te hou? Is ons vry om ons eie betekenis aan ‘afgesonder’ te heg?

Die profete het gesê dat die hou van die Shabbat ‘n aanduiding was van die geestelike toestand van die Yisra’eliete, **Yeg 20:13; Yer. 17:27 - miskien is dit nog so!**

Sommige het te ver gegaan in hul interpretasies. Die Essenes, byvoorbeeld, het so ver gegaan as om sekere badkamer funksies te verbied op die Shabbat. ‘n Ander voorbeeld in moderne tye is die verbod op die druk van die knoppie om die hysbak te laat beweeg – dus in baie hotelle in Yisra’el hardloop hysbakke op Shabbat outomaties op en af en stop by elke vloer. Ander mensgemaakte beperkings het ‘n groter las as seën op die hou van die Shabbat geplaas en die seën van vreugde en genot is verlore. Om na die ander uiterste toe te gaan in die naam van vryheid, kan ewenwel onproduktief wees. “Rus” beteken nie noodwendig net om jou geliefkoosde sport of vermaaklikheid te geniet nie. Onthou die woorde van **Yes 58:13** “*nie jou eie pad gaan en nie doen soos jy wil op My Afgesonderde dag, Shabbat, nie.*”

Wanneer ons stoei met wat reg en afgesonderd is teenoor wat nie is nie, het ons nodig om die Afgesonderde Gees te vra om ons te wys hoe om gebalanseerd te bly.

Werklike nood in gesondheid en welstand hef die beperkings, wat sou veroorsaak dat ons nie ‘n vinger sou verroer om ander te help nie, op. Dit word duidelik geïllustreer toe Yeshua op die Shabbat gesond gemaak het, **Mar 3:4; Mat 12:12.**

Wat doen ek en my huis persoonlik?

Ek sê met opset nie wat jy mag en nie mag doen op 'n Shabbat nie. Jy moet vrede hê oor wat jy toegelaat word, al dan nie. Ek en my huis bring die dag deur, deur bymekaar te kom om te aanbid, (gewoonlik reeds die Vrydagaand - d.i. die begin van Shabbat) die Woord te deel en die vrug van die druif en matza te deel om Hom te onthou soos wat Hy ons beveel het; kom saam met ander bymekaar om Hom te aanbid; ontspan en rus. Ons onthou ons van ons gewone werk – in doen en gedagte – **Deut 5:14** en ons koop nie op Shabbat nie (dan laat jy tog iemand anders werk), **Neg 10:31; 13:15-22**. Buiten dit het ons geen ander oortuigings behalwe die waarskuwing van **Yesha'yahu: 58:13** “om jou eie pad te gaan en nie te doen soos wat jy wil nie.” Ons eet feestelik op Shabbat, maar doen die voorbereiding die vorige dag. Dit is geen las nie – dit is iets om na uit te sien en te geniet. As Shabbat 'n las en belemmering is, is daar iets in die manier waarop ons daarvoor dink of hoe ons dit beoefen, wat verkeerd is.

Ons kry baie vrae oor, “Mag ek..... op Shabbat?” Laat die Gees jou lei – geniet die dag saam met jou gesin en doen dinge saam en konsentreer en gesels oor Hom.

Ons argumenteer nie oor Shabbat nie – ons konsentreer nie op Shabbat nie, maar op die Skepper-God van die Shabbat.

Ons het die verskil in rus en volledigheid in ons eie lewens ervaar en hoef dit daarom nie te probeer bewys nie – ons het dit as vrug ervaar. Wat van jou!

Shabbat is ook nie die enigste Wet van God wat deur die vroeë Roomse Kerk verander is en daardeur heidense praktyke en afgode in die kerk ingebring het nie. Bestudeer saam met ons verder die ander.

Lees asb. Levitikus 23:1-5: Let op die meervoud hier wat dit duidelik maak dat die Shabbat en die ander feeste op gelyke voet is en almal op dieselfde manier tot God afgesonderd is. Jy kan nie een erken en nie die ander nie. Dit bly God se vasgestelde tye. As jy Shabbat erken, erken jy ook die ander vasgestelde tye, anders is ons besig met mensgemaakte wette - Lees weer Lev 23 - dit word alles saam as een genoem.

Yog 14:15 “As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit.”

Shabbat huis (familie)-bymeekaarkoms vir die gelowiges in Yeshua

Hierdie is nie 'n voorskrif nie!!

Ek gee hierdie vir u, omdat dit 'n wonderlike geleentheid is om mekaar te seën in die huis. Ons huise val uitmekaar, omdat hierdie wonderlike gebruik om mekaar te seën nooit meer gedoen word nie. Dit word gewoonlik aan die begin van Shabbat gedoen. Ons kies watter gebruikte ons wil nakom, want hierdie is nie 'n opdrag nie.

Verander doelbewus die gees in jou huis.

Die vader begin deur die lees van 'n gedeelte soos:

Yog 14:6-7 “Yeshua antwoord hom: “Ek Is יהוה”, die Pad, die Waarheid en die Lewe; niemand gaan na My Vader toe nie, behalwe deur My.⁷ As julle My geken het, sou julle My Vader ook geken het. Van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien.”

Hadelekat Nierot (Aanstreek van die ligte / kerse - **opsioneel**). Ons doen dit persoonlik nie, want dit is 'n Joodse gebruik en nie 'n opdrag nie!

Moeder of dogter steek die kerse aan en bid:

Barug atah Adonai Eloheinu meleg ha olam, asher kidshanu b'mitzvotav, v'tzivanu l'hiyot or 'goyim, v'natan lanu Yeshua Meshikenu, ha or l'olan. Amein.

Geseënd is U, יהוה, ons God, Heerser van die heelal, wat ons afgesonder het deur U opdragte en ons beveel het om 'n lig vir die nasies te wees en aan ons Yeshua, ons Gesalfde Een gegee het, wat die Lig van die wêreld is. Dit is waar.

Moeder se Gebed: (Voorbeeld)

O God van U volk Yisra'el, U is afgesonderd en U het die Shabbat afgesonder en U volk geroep om U eie te wees. U het U op ons beroep om U Shabbat te eer met lig, met vreugde en met vrede. U het ons U Shabbatsrus gegee as 'n teken dat ons U volk is, daarom steek ons hierdie ligte aan; twee ligte vir liefde vir U Shabbat en vir liefde vir U volk.

Almagtige Vader, ek vra dat U my en al my geliefdes 'n kans gun om waarlik in te gaan in U rus op hierdie Shabbatdag. Laat U Afgesonderde Gees lig gee aan ons huis en lewens. Vader, ek vra dat U U Teenwoordigheid bekend maak in ons huis en dat U ons kinders seën met 'n kennis van U. Mag hulle altyd deur U onverdiende guns in die lewenswyse van U Woord, U lig, loop. Mag U vir altyd hulle en my God wees, O יהוה, my Skepper en Verlosser. **Dit is waar.**

Familielid lees 'n skrifgedeelte van keuse.

Hamotzi (Seën van die Brood) Vader lees:

Yog 6:35 “Yeshua sê vir hulle: “Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger wees nie en wie in My vertrou, sal nooit dors wees nie”

Barug atah יהוה, Eloheinu Meleg ha olam, hamotzi legem min ha arets, legem gaim b'Yeshua. Amein.

Geseënd is U, יהוה, ons God, Heerser van die heelal, wat ons seën met brood, die Brood van die Lewe in Yeshua. Dit is waar.

Kiddush (Reiningsgebed) Vader lees:

Yog 7:37-38 “Op die laaste groot dag (Hoshana Rabbah) van die fees, het Yeshua gestaan en uitgeroep: “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! ³⁸Hy wat in My vertrou, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.” **Yes 12:3; Yes 44:3; 55:1; 58:11.**

Barug atah יהוה, Eloheinu meleg ha olam, borei p’ri ha agaphen. Amein.
Geseënd is U, O יהוה, ons God, Heerser van die heelal, wat aan ons die vrug van die wingerd gegee het. Dit is waar.

Op hierdie punt – met die matza (ongesuurde brood) en druiwesap - herdenk ons die liggaam en verbond van Yeshua soos Hy ons beveel het wanneer ons bymekaar is.

Seëninge oor die kinders:

Oor die seun(s) bid die Vader: (Voorbeeld)

Y’simgah יהוה k’Ephrayeem, v’gee M’nasheh.

Mag יהוה jou ‘n simbool van seën maak soos Hy gedoen het met Efrayim en M’nashah.

Oor die dogter(s) bid die Moeder: (Voorbeeld)

Y’simeg יהוה k’Sarah, Rivka, Ragel, v’Leah.

Mag יהוה jou ‘n simbool van seën maak soos Hy gedoen het met Sarah, Rivkah, Ragel en Leah.

’n Kind sê Ef 6:1-3 (of soortgelyke vers) op

“Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in eenheid met die Meester, want dit is reg. ² “Ag jou vader en jou moeder waardevol;” dit is die eerste opdrag met ‘n belofte: ^{Deut 5:16} ³“sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.” **Eks 20:12**

Eishet Gayil (Vrou van moed):

Man lees **Spr 31:10-31**, of ‘n skriftuurlike seën van keuse vir sy vrou.

Die man kan ook sy eie seën uitspreek.

Asher Ha’esh (Geseënd is die Man):

Vrou lees **Psalm 1** of ‘n skriftuurlike seën van keuse vir haar man.

Die vrou kan ook haar eie seën oor die man uitspreek.

Wanneer die kinders ouer word kan hulle ook 'n woord oor die ouers spreek.

Sing of lees die Sh'ma:

Sh'ma Yisra'el, יהוה Eloheinu, יהוה Egad. Barug shem, k'vod malguto, l'olam vo'ed.

Luister, O Yisra'el, יהוה is ons God, יהוה is Een. Geseënd is Sy Naam, Wie se Koninkryk vir ewig en ewig is.

Vader gee die Priesterlike Seën:

Yevareg'kha יהוה v'yishmeregkha

Ya'er יהוה panav eleyga viyeguneka

Yissah יהוה panav eleyga veyasem lega shalom.

Mag יהוה jou seën en jou bewaar.

Mag יהוה Sy aangesig oor jou laat skyn

en jou onverdiende guns bewys.

Mag יהוה Sy gesig oplik oor jou

en aan jou vrede gee.

Shabbat Shalom! Nou word daar fees gevier!

BELANGRIK: Hierdie is nie 'n wet of 'n voorskrif nie, maar net gedagtes wat jou kan help om ook van die eetgeleentheid by Shabbat 'n fees te maak.

Al die kos is die vorige dag (Vrydag voor sononder) voorberei en net opgewarm of versorg op die Shabbat.

Die Hebreus is sommer net vir hulle wat dit wil gebruik en hoef natuurlik glad nie gebruik te word nie.

Persoonlik doen ons nie die kerse nie, maar u besluit self wat u doen.

Onthou asseblief: Niks wat nie in die Woord van God as 'n wet vir ons gegee word, is 'n wet nie, maar 'n tradisie wat gehou kan word, maar nie wet is nie.

5. Pesag of Paasfees

Ons begin weereens deur te bepaal of die fees wat algemeen in die Kerk gevier word as ‘Paasfees,’ dieselfde is as Pesag, wat aan ons as opdrag gegee is, in die Woord van God. Ons het nou reeds bepaal ons wil nie mens-aangestelde feeste vier nie, maar slegs feeste wat deur God gegee is.

Paasfees word deur baie as die belangrikste fees van die Christendom gesien. Oor die laaste 1700 jaar is hierdie tradisies wat met Paasfees te doen het so ingegraveer dat dit feitlik onbevaagteken is. Tog, Paasfees bring verskeie, baie lastige vrae na vore: Hoekom word voor die hand liggende heidense bygelowe soos die paaseier, paashaas, paasbolle en Pasgal kerse toegelaat om deel te wees van so ‘n ernstige geleentheid en dit terwyl God Sy mense uitdruklik verbied om die lewenswyses van die heidene te volg? **Deut. 12:30 - 32.**

Die Skrif vertel ons dat Yeshua reeds voor sonsopkoms opgestaan het uit die dood (**Yog 20:1**). Dit vertel ook aan ons dat Yeshua gesê het dat Hy na 3 dae en 3 nagte sal opstaan uit die dood, as teken dat Hy die “Seun van die mens” is, Die Gesalfde Een wat sou kom, **Mat 12:38 tot 40**. Hoe kon Yeshua die teken van 3 nagte en 3 dae gehou het as Hy op “Goeie” Vrydag dood is en Sondagoggend opgestaan het?

Wat is ons lering dan as dit waar is? Dat Yeshua nie die verwagte “Seun van die mens” is nie?

Getroue studentevolginge van Die Gesalfde Een verwerp die ‘Goeie Vrydag - Paas Sondag’ tradisie. Hulle gaan voort om die Pesag presies te hou soos wat Die Gesalfde Een hulle geleer het om dit te doen. Hierdie dispuut is in die Geskiedenisboek die ‘Quartodeciman Controversy in the Church’ genoem. Die ‘ortodokse’ kerke het selfs die kalender wat hulle gebruik, verander sodat Paasfees nooit op dieselfde dag as die Bybelse Pesag val nie.

In kontras met die kompromie tussen die ortodokse kerke en heidendom, sê God vir ons om die heidense gebruike te verwerp: **Deut 12:30-32** ³⁰ let op, dat jy nie in die strik val om hulle te volg, nadat hulle voor jou uit vernietig is nie en dat jy nie na hulle gode vra en sê: ‘Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien, dat ek dit ook so kan doen?’ nie.³¹ Jy mag dít nie doen aan יהוה, jou God, nie, want alles wat vir יהוה verwerplik is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen, want hulle het selfs hulle seuns en hulle dogters in die vuur verbrand vir hulle gode.³² **Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie.**”

Net om seker te maak! Lees dit weer!

Die Kerk het heidense feeste se name verander en dit ‘Christelike’ feeste genoem – dit klink dan vir my of dit presies is wat God verbied!

Dit is waar van die Geskiedenis van ‘Kersfees’ en van ‘Paasfees.’ Eersgenoemde het ons in ‘n ander hoofstuk behandel (saam met Rosh Hashanah) en laasgenoemde sal ons nou doen. Die bogenoemde vers en inligting moet eintlik genoeg wees sodat al Sy kinders vertrou en dit verwerp, maar om dit volledig te maak – en omdat sommige net meer nodig het – hier volg meer inligting.

Paasfees (Easter):

Nimrod, (ook Tammuz of Adonis genoem), agter-agterkleinkind van Noag, uit die geslag van Gam, se vrou (Semiramus – haar storie is lank en ingewikkeld: ek sal net noem dat sy ‘Rhea, Astarte, Mylitta, Isis, Venus, **Ishtar** ens. genoem is), is die oorsprong van menigte bose praktyke en instellings. Hierdie sonaanbidders het die grootste struikelblok vir die volk van Yisra’el geword, **Ps. 106:28-39**. Later het al hierdie praktyke in die kerk infiltreer deur mense soos Konstantein – ‘n bekende sonaanbidder. (Die Kerk beweer hy het tot bekering gekom en is gedoop toe hy dood is???) Gaan kyk na sy verhale in die Geskiedenisboeke.

Na Nimrod se dood het Semiramus ‘n fees ingestel om die opstanding van Nimrod, eerder sy reïnkarnasie in ‘n seun, haar eie buite-egtelike kind, te vier. Sy noem dit **Ishtar**. Tydens hierdie fees is kleurvolle eiers vir mekaar gegee om lewe uit die dood te verteenwoordig. Die eiers het selfs meer beteken aangesien dit geglo is dat sy self uit ‘n eier, wat uit die Eufraat gekom het, gebore is. Ishtar het later Easter geword.

Hoekom is die hoof geleentheid van die Christenkalender vernoem na ‘n heidense Anglo-Saxon godin van die Lente, Easter? Selfs die naam Easter is slegs ‘n verandering van “Ishtar”, wat die Babiloniese koningin van die hemel was. Die ‘godin’ word gewoonlik in die Hebreeuse geskrifte as “Ashtaroth” aangedui.

Die Paasfees se Sondag sonsopkomdienste het eintlik hul oorsprong in sonaanbidding en is gehou voor die kruisiging (**Yeg 8:5-18**). Dit het absoluut niks te doen met ons Meester en Gesalfde Een nie. Al hierdie godinne het niks te doen met wat ons moet glo en vertrou nie en is ‘n gruwel in die oë van God. Hoe durf ons dit waag om die enigste, Lewende, Skepper-God te dien op dieselfde maniere as vals gode?? **Deut 12:30-32**. Hierdie is in gebruik geneem in die Kerk toe hulle die Bybelse praktyke verlaat het tydens die tyd van Keiser Hadrian (117 – 135), die Jode baie erg vervolgd is en die Jodedom verbied is. Terselfdertyd het baie Christene die Shabbat gelos en begin aanbid op die dag wat aan die Romeinse songod gewy is en ook ander feeste omdat hulle die Romeine gevrees het. Die waarheid en reinheid van die vroeë kerk is bederf en sal so bly solank as wat ons hierdie feeste erken!

Die Kerke het Bybelse redes probeer vind en geleer as redes vir die feeste, maar die oorsprong van die feeste het GEEN Bybelse oorsprong nie.

Die volgende vers sê dat die vyand God se tye sal probeer verander – hy het dit gedoen!! - dit hang nou af wie jy wil dien!???

Dani'el 7:25 sê: “Hy sal kragtige woorde praat teen die Allerhoogste, sal die seuns van die allerhoogste vervolg en moeg maak en sal beplan om **die aangestelde tye (feeste) van God en die wet te verander.**”

Die volgende belangrike ding is om die presiese tyd of datum te bepaal waarop Yeshua bevel gegee het dat ons Sy dood moet vier. Eintlik is dit eenvoudig – Hy is op Pesag gekruisig – is dit nou nie logies om elke jaar op Pesag Sy dood en verlossing te onthou nie? Nie op ‘n vasgestelde Vrydag wat totaal verkeerd is nie – kom ons kyk!

Mat 12:38 tot 40

“³⁸ Toe antwoord sommige van die leraars van die wet en Fariseërs en sê vir Hom: “Leermeester, ons wil ‘n teken van U sien.” ³⁹ Hy antwoord hulle egter en sê: “‘n Slegte en hoererende geslag soek na ‘n teken en geen teken sal aan dié gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Yonah, ⁴⁰want **net soos** Yonah drie dae en drie nagte in die maag van die vis was, ^{Yon 1:17} **net só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die middel van die aarde wees.**”

Asseblief neem kennis dat dit duidelik 3 dae en 3 nagte was!!!

Het Yeshua die teken van Yonah gehou soos Hy gesê het Hy sal in **Mat 12:40** – as ‘n bewys dat Hy die Seun van die Mens – Seun van God – is? As Hy nie hierdie teken vervul het soos Hy gesê het nie word die vraag gevra of Hy dan werklik Die Gesalfde Een is????? !!!!!

Aangesien die Goeie Vrydag-Paas Sondag tradisie net ‘n maksimum van twee nagte en een dag in die graf toelaat, verwerp dit eintlik die gedagte dat Yeshua die “teken van Yonah” gehou het en so bring dit twyfel oor Sy betroubaarheid. Het Hy die “teken” gehou of is Hy vals soos wat die opponente van die Bybelse gelowiges wil voorgee?

Een van die kritieke tye rondom Sy kruisiging is die datum van die Pesag, die dag waarop Hy gekruisig is. Die vraag kan slegs korrek beantwoord word, indien ons die tyd ken waarop dit gebeur het – dit verduidelik dit ook en wys hoe maklik dit werklik is om die waarheid te verstaan. Ons moet die Woord versigtig bestudeer – die antwoorde is almal daar.

Hierdie argument en antwoorde is volledig in die eerste inleidingstuk – “Tye en feeste” gedoen – ek som op:

Mat 28:1,

Luk 23:56

Yog 18:39

Lev 23:4 tot 8

Mar 16:1,

Luk 22:1 tot 13

Yog 19:31

Yog 20:1 en 2

Hy is die Mashiag – Seun van God – Die Gesalfde Een wat die sonde van die wêreld op Hom sou neem!

Yeshua is in of 3 of 6 voor die jaartelling begin is, gebore, dan is die Pesag korrek op 'n Woensdag in die jare 28 of 31 na die jaartelling begin is! Wat 'n wonderlike God dien ons nie!! (Sien detail in inleidingshoofstukke)

Aangesien hierdie Pesag op 'n Woensdag val, bevestig dit dat Yeshua wel die teken van Yonah gehou het, presies soos Hy gesê het Hy sal. **Die Vrydag kruisiging doktrine is 'n vals lering ingebring deur 'n korrupte, vervalde kerk en ontken dat Yeshua die teken van Yonah vervul het.** Yeshua, Die Gesalfde Een (Mashiag) het inderdaad hierdie bewys dat Hy Seun van God is, vervul.

Wys jy deur jou dade dat jy glo dat Yeshua Die Gesalfde Een is?

Die Rooms Katolieke metode om Pesag (Easter) te bereken is nie gemaak voor die derde eeu na Die Gesalfde Een nie en was spesifiek so bereken dat dit nooit sou val op die regte Pesagdatum wat deur die Jode gebruik is nie. - Met geen Skriftelike opdrag of rede nie.

Ek sê of neem hierdie ontdekkings nie ligtelik op nie – ek is egter oortuig dat ons nie kan – ons mag nie – aanhou om 'n sisteem te volg wat ontwerp is om te probeer bewys dat Yeshua nie Die Gesalfde Een is nie.

Ek beroep my op die kinders van God om Sy Gesalfde Een se dood en opstanding te hou **volgens Sy opdrag** en om die wêreld te wys dat ons Hom wel erken – Yeshua – as die Seun van die Mens – Seun van God wat Hy is.

Ons doen te veel dinge sonder om te verstaan waar dit vandaan kom.

Kind van God - gaan sit bietjie stil in hierdie gejaagde lewe en toets alles wat jy doen en glo aan die Skrif; nie aan die leringe daar rondom of 'n persoon se opinie nie, maar aan die Woord van God self.

Staan alles wat jy glo in Sy Woord?

Glo en doen jy alles wat in Sy Woord staan?

Dan is jy 'n Skrifgetroue kind van God!

**1 Yog 2:3 Hieraan weet ons dat ons Hom ken,
as ons Sy opdragte uitvoer.** ^{Eks 19:5}

6. Pesag van ons Meester

Kom ons kyk nou na die Bybel se fees van Pesag en die daarop volgende week van Ongesuurde Brode, asook die gerf wat as Waaioffer gebring word. Ek herinner almal wat hierdie stuk lees weereens aan die stuk oor “Wettiesheid” en die “inleidingstuk” tot hierdie leringe wat ons geskryf het en waarsku almal oor die houding van ons harte en ons motiewe. Geen fees of die hou daarvan kan jou red nie! Dit kan nie gedoen word tot redding nie, maar uit gehoorsaamheid as gevolg van liefde alleen. God het opdrag gegee dat al hierdie feeste **jaarliks op spesifieke tye** gehou sal word.

God het deur hierdie feeste die volk herinner dat Hy met hulle werk en by hulle betrokke is. Hierdeur het hulle Sy werk en betrokkenheid verstaan. Dit is dieselfde rede waarom kinders van God dit steeds moet doen. Daar is ‘n dieper verstaan van die volkome werkinge van God met Sy kinders in die feeste, as ons maar net wil verstaan. Die Ou Verbond gee die bloudrukplan van God wat nooit verander nie en die geestelike begrip en verstaan van die Nuwe Verbond se beginsels kan slegs hierdeur verstaan word.

Daar is 3 groot feeste, onderverdeel in 7 feeste: **Lev 23 ; 2 Kron 8:13 ; Nag 1:15**

- Pesag (3)

Fees van Ongesuurde Brode
Verlossing

Aanvaarding van die oes

- Shavu’ot

Fees van Weke
Afgesonderde Gees

Eerste vrugte

- Sukkot (3)

Fees van Tabernakels
Koms, afsondering en
wederkoms

Laaste Vrugte

Kom ons kyk na al die wonderlike dinge in Pesag vir die volledige verstaan van die Nuwe Verbond en begrip en insig van Yeshua.

Dit is ‘n fees om te geniet. **Deut 16:14** “Jy moet jou verheug in jou fees, jy, jou seun, jou dogter, jou slaaf, jou slavin, die Leviet, die besoeker, die wees en die weduwee wat in jou poorte is.”

Die drie feeste wat gesamentlik Pesag, of dan meer korrek, die Fees van Ongesuurde Brood opmaak, is:–

1. Pesag dag – die dag van voorbereiding – die dag waarop die lam geslag is.
2. Die Week van Ongesuurde Brode.
3. Die Waai van die Gerf.

Lees asseblief **Lev. 23:4-14** om die opdragte van God aan Yisra’el vir die hou van hierdie fees te sien.

Yeshua het elkeen van hierdie feeste, (behalwe Sukkot wat vir 'n rede / doel is en ook heen wys na Hom), vervul (dit volmaak gemaak en nie verouder of verwyder nie.) Veral hier in Pesag sal ons elke stap saam met Sy vervulling probeer uitwys.

Die doel van Pesag:

1. Om Yisra'el te herinner aan die swaarkry in Egipte, hul verlossing uit die dood deur die bloed van die lam, wat aan die deurkosyne in Egipte gesmeer is = Pesag (Oorsien – verbygaan). Onthou - dood is die straf vir sonde.
2. Hulle bevryding uit die land van Egipte en reis deur die woestyn = Fees van Ongesuurde Brode (Hag Ha Matzah). Afsondering uit die verslawende wêreld.
3. Die belofte van 'n oes wat hulle in die Beloofde land sou kry = Die waa van die Gerf (Bikkurim). Aanvaarding van die eerste gerf sodat die hele oes aanvaar sal word.

Vergelykender Profetiese doel en boodskap:

1. Yeshua as Pesaglam - verlossing deur Sy bloed van die straf van die sonde - gee van ewige lewe, - **1 Kor 5:7**.
2. Yeshua as reiniging van alle sonde en afsondering van die dinge van die wêreld, - **2 Kor 5:21**.
3. Yeshua ons eerste vrug van die opstanding uit die graf en dood sodat ons ook aanvaar kan word, **Rom 11:16; Hand 26:23**.

Die eerste van die 3 groot jaarlikse feeste is Pesag = oorgesien / verbygegaan. Dit is gehou om die verbygaan van die Engel van die Dood by die huise van Yisra'el, te onthou (**Eks 12:13**), toe die eersgeborenes van al die Egiptenare vernietig is. Dit word ook die “Voorbereiding van die Fees van Ongesuurde Brood” (**Eks 23:15; Mark 14:1; Hand 12:3**) genoem, want tydens die fees mag geen suurdeeg geëet word of in die huis gehou word nie (**Eks 12:15**). Die woord het later verwys na die lam wat tydens die fees geslag word, (**Mark 14:12-14; 1 Kor. 5:7**).

'n Uitvoerige verslag van die instelling van die fees word in **Eks. 12 en 13** gegee. Dit is later in die wette opgeneem (**Lev. 23:4-8**) as een van die groot feeste van die volk van God. Later kom daar baie veranderinge, in die vorm van feesvieringe, in vergelyking met die eerste viering (vergelyk **Deut 16:2, 5, 6; 2 Kro 30:15-17; Lev 23:10-14; Num 9:10, 11; 28:16-24**). Weer is die gebruik van die vrug van die druif (**Luk 22:17, 20**), die sous van bitter kruie (**Yog 13:26**) en die diens van lofprijsing ingestel.

Dit was hoofsaaklik 'n herinnerings ordonansie; 'n herinnering vir die kinders van Yisra'el aan hul redding uit Egipte, maar dit was ook sonder twyfel 'n tipe van die groot redding, uit die verdoemenis van die dood, wat kom as gevolg van sonde en die kettings van die sonde self, ('n erger gevangeskap as Egipte), deur Die Gesalfde Een, vir almal wat Sy verlossing aanvaar.

1 Kor 5:7 ; Yog 1:29 ; 19:32-36 ; 1 Kefa 1:19 ; Gal 4:4, 5

Hierdie verlossing in Yeshua het op dieselfde dag van Pesag plaasgevind toe Hy gekruisig is.

Kom ons kyk na Yeshua se stap vir stap vervulling van die opdragte en dele van die fees. Dit is Yeshua se bevryding vir ons wat ons op hierdie dag vier!!

DIE OPDRAGTE: Eks 12:3-14

1. Die lam om geslag te word, is reeds op die 10de dag van die eerste maand uitgekies (5 de dag voor die Pesag). Pesag self is die 14 de van die eerste maand (**Eks 12:3**). Die lam moes sonder gebrek of fout wees (**:5**). Die lam is dan vir 5 dae ondersoek, waarna die hoof van die huis verklaar het dat dit sonder gebrek is en dan is dit aanvaar om op die 14de, die middag vanaf 3 uur, tot die aand toe geslag te word (**Eks 12:6**). (Dit was die gebruik van die grootste groep in Yeshua se tyd.)

Yeshua: Hy het ses dae voor die Pesag na Beit-Anyah gegaan waar El'azar was (**Yog 12:1**) en 5 dae voor die Pesag in Yerushalayim ingegaan (die 10de van die maand) (**Yog 12:12**) en openlik geleer (**Yog 12:44 en verder**) en is deur almal getoets en niemand het iets fout in Hom gekry nie. (Hy het elke aand uitgegaan en weer teruggekom die volgende dag (**Luk 21:37**)). God het dat die mense Yeshua profeties as Verlosser verklaar (**Yog 12:13**). Sy finale toets was voor Pilatos (die outoriteit) wat dan moes verklaar: “Ek vind geen fout in Hom nie.”

Hy was gereed en waardig om as Offerlam aanvaar te word!!
Yog 18:38; Luk 23:4

Ons verklaar Yeshua as waardig !!!!

2. Die lam moet geslag word deur die outoriteit van die hoof van die huis en sigbaar aangewend word aan die kosyne sodat die Pesaglam daardie huis kan beskerm teen die dood (**Eks 12:13**).

Yeshua: Die leiers en die volk het verantwoordelikheid aanvaar en die bloed van Yeshua as bedekking vir hulle en hulle kinders se sonde uitgeroep. **Mat 27:25:** “en die hele volk antwoord en sê: “Sy bloed is op ons en op ons kinders!””

3. Elke dag moet die Hoofpriester toesig hou oor 2 offers – 09:00 en 15:00. Op Pesag is die Pesaglam die derde offer en skuif die 2 de offer na 12:00 om plek te maak vir die Pesaglam om 15:00. Die offers moet deur die priester gebring word en moet deur die hoofpriester bekragtig word - Nikhmar – dit is voltooï / afgehandel en korrek gebring.

Die hoofpriester word afgesonder deur bloed aan sy regter oorbel, sy regter duim en sy regter groottoon en deur met olie gesalf te word **Lev 8**. Die hoofpriester verloor sy amp as hy sy klere skeur, soos deur God verbied is.

Yeshua: Die hoofpriester skeur sy klere en daar is geen hoofpriester om die offers te bring of te bekragtig nie (**Mat 26:65**). Yeshua word as Hoofpriester aangestel: gesalf met olie deur 'n vrou, (**Mark 14:3**), bloed op die oor (doringkroon), (**Yog 19:2**), bloed op die duim en groottoon (spykers deur Sy hande en voete), (**Luk 24:39**).

09:00 - word Yeshua gekruisig – tyd van eerste offer

12:00 - **duisternis** – (**Mat 27:45**). Ek sien hier 'n verdere betekenis nl. onder andere God se verwerping van die offer, wat deur die priesters gebring moes word op die tyd en dus die verwerping van toekomstige mensgebringde offers.

15:00 - Yeshua sterf as Pesaglam **1 Kor 5:7**– onbevlek – Sy bene word nie gebreek nie – niemand het Hom doodgemaak nie – Hy het as Hoofpriester die offer self gebring! Hy verklaar ook self – Nihmar! – dit is afgehandel / voltooi, (**Yog 19:30**). Die offer is gebring! Die gordyn skeur as teken – Die Ware Hoofpriester kan nou ingaan, **Mar 15:38; Mat 27:51**.

- Die spies word in Sy sy gestee en water en bloed kom uit. Vir elke Jood het dit beteken dat dit 'n offer was – hulle het verstaan die offer is gebring! Alle offers is met water skoon gewas.

Ons loof saam met Hom – dit is afgehandel – voltooi!!!!

4. Die Pesagmaal, alles wat beveel word om geëet te word en die redes daarvoor, asook die vervulling van elke een in Yeshua, word in die Pesagseder, volledig behandel, (die Haggadah boekie Bl. 111) asook die betekenis van 'Nagmaal' wat hieruit gevloei het. (Nagmaal net hierna.) Ek herinner u daaraan – Pesag is 'n opdrag. Pesag is nie 'n Shabbat nie. **Eks 12:14** “Hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees en julle moet dit as 'n fees tot eer van יהודא vier, reg deur julle geslagte. Julle moet dit hou as **'n ewige vasgestelde tyd.**”
5. Die onbesnede en gehuurde dienskneg is nie toegelaat om van die offer te eet nie, (**Eks 12:45-49**).
Is jy 'n wedergebore (Geesbesnyde) kind van God wat uit Egipteland (die wêreldse), uit die slawehuis (beheer van sonde), uitgebring is deur die vryspraak en oorsien van die bloed (Pesag-kruisiging)? Dan het jy 'n opdrag om dit te herdenk en om Hom te loof vir Sy Pesag.

Vraag:

Die Pesagmaal word na die slag van die lam op die 14de, die aand, geniet. Hoekom het Yeshua en Sy studentevolginge dit reeds die vorige aand gevier?

Antwoord:

Dit was gewone praktyk dat studente wat onder 'n rabbi geleer het, afstudeer, of gradueer tydens die Pesag en dan wel ook die aand voor die tyd sodat die studente saam met hulle families die Pesagmaal kan nuttig – dit is 'n ete wat in families gedoen word. Die oorspronklike instelling bepaal dit ook op hierdie aand!

7. Die Fees van Ongesuurde Brood

Die Pesag is ook die Voorbereiding van die Fees van Ongesuurde Brood genoem, want slegs ongesuurde brood is geëet tydens die Pesag en die sewe dae wat volg op die Pesag (**Eks. 23:15; 12:15-20; 13:6-8; Deut. 16:3-8, 16**). Ongesuurde brood verwys na die feit dat die mense geen tyd gehad het om suurdeeg in die brood te sit met hul haastige vertrek vanuit Egipte nie. Dit is ook nou verbind met die gars-oes (**Lev. 23:4-14**). Latere verwysings in die Bybel na die hou van die Pesag is in **Y'hoshua 5:10-12** (die vlaktes van Yerigo naby Gilgal), **2 Kron 30:1,3,13,15** (tydens die regering van Hizkiyahu) en **2 Kon 23:21-23** (Yoshiyahu se unieke Pesag). **2 Kron 8:13** (Shlomo)

Eks 12:15-20 gee die instelling, redes en betekenis weer.

1. Die eerste dag en die laaste (sewende) dag van die fees is Shabbat. Dan word spesifiek onthou dat Yeshua ons uit die slawehuis (sondehuis) uitgebring het. Wat 'n fantastiese geleentheid om seker te maak hoe afgesonderd ons van sonde in ons lewe is en hoe toegewyd / afgesonderd ons vir God is.
2. **:15** – Alle suurdeeg moet verwyder word. Wanneer laas het jy God gevra om dit wat nie reg is in jou lewe nie vir jou uit te wys en dit dan uit te ban uit jou lewe uit? Nou is die geleentheid! Ons gebruik hierdie geleentheid, wat God ons gegee het om van sonde ontslae te raak, as rede om ernstig af te sonder en skoon te maak.
3. Ons doen prakties die agt dae (saam met Pesag) as dissipline waarop jy moet konsentreer om niks wat suurdeeg in het, te koop of te eet nie. Ons doen dit egter as 'n dissipline-les om onself konstant in die tyd waaksaam te maak teen gesindhede, sondes en motiewe wat verkeerd is sodat ons ook makliker die res van die jaar daarop kan let.
4. Suurdeeg is die simbool van sonde – laat ons Sy Pesag (Verlossing) vier sonder dit in ons lewens; fisies om ons te herinner en geestelik omdat dit Sy wil is. Ek glo nie ons kan die sondelose liggaam van ons Meester Yeshua voorstel met brood wat suurdeeg in het tydens die nagmaal nie; dus, laat ons dit met ongesuurde brood doen om Hom rein en korrek voor te stel. (Sien die stuk oor die 'Nagmaal')
5. **Lev 23:8** Maar julle moet sewe dae lank aan **הקריב** 'n offer deur vuur bring. Hier is 'n verdere opdrag wat belangrik is. Vuuroffers is nie een van die 5 gegewe offers wat by die Tabernakel gebring is nie, maar 'n reinigingsoffer. Soos wat silwer en goud in vuur gelouter is **Z'kharyah 13:9**. Ek glo die “doop in vuur” word baie verkeerd verstaan, veral in sekere groepe, wat dit as die gee van krag en wonderwerke beskou. Die doop in vuur is eintlik die reinigings- en afsonderingsoffer. Wat 'n wonderlike tyd om jouself weer vir Hom af te sonder en jou lewe te reinig. Yeshua het kom doop met vuur, **Luk 3:16**.

6. Die Fees van Ongesuurde Brood het vir my nog een ander betekenis. Sonde se straf is die dood en verderf. Sonder sonde is daar geen verderf nie. Yeshua se liggaam was 3 dae en 3 nagte in die graf, maar daar was geen verderf nie, want Hy is sonder sonde!! Die fees herinner my aan Sy volmaaktheid, Sy sondeloosheid, Sy uitnodiging aan ons om te deel aan ‘n sondelose, afgesonderde lewe. In reaksie hierop is dit dus nooit ‘n las om Sy wil te doen nie.

Ons vier Sy sondeloosheid en volmaaktheid!!!

Tydens die Nuwe Verbond tye het groot groepe in Yerusalayim bymekaargekom om die jaarlikse fees te vier. So het ook Yeshua en Sy studentevolgelinge gedoen. Yeshua is gekruisig tydens die Pesag. Hy en Sy studentevolgelinge het ‘n Pesagmaal saam genuttig op die aand voor Hy gekruisig is. Tydens hierdie maal het Hy gesê: “Dit is My liggaam” en “die beker is die Nuwe Verbond in My bloed” (**Luk 22:7, 19-20**).

Die Nuwe Verbond identifiseer Die Gesalfde Een met die Pesagoffer: “Die Gesalfde Een, ons Pesag is vir ons geoffer.” (**1 Kor. 5:7**). Sha’ul het homself ook gehaas om by die feeste in Yerushalayim te kom, **Hand 18:21; 20:16**.

Dit het nié opgehou na Yeshua se koms nie!

Kan ons nie ook bietjie stilstaan in hierdie gejaagde lewe en seker maak dat ons ontslae raak van alles wat nie Sy wil is nie?

Dit is jou keuse.

8. Die Waai van die Eerste Gerf

Die derde deel van die groter Pesagfees, Lev 23:10-14.

'n Paar feite en opdragte:

1. Op die dag na die Shabbat (dus die eerste dag van die week, Sondag) tydens die Week van Ongesuurde Brood.
2. Dit word nie as 'n afgesonderde Shabbat aangedui nie.
3. Die eersteling van die oes en die eersteling brood moet voor God gebring word vir aanvaarding.
4. Die rede is sodat die hele oes aanvaar en geseën kan wees. Niemand mag van die oes eet, voordat dit deur God aanvaar is nie.
5. Dit is 'n ewige instelling waar jy ookal bly.

Soos wat Yeshua die volledige betekenis kom gee het en die geestelike en werklike waarde daarvan aan al die feeste kom heg het – het Hy ook met hierdie fees gedoen:

1. Yeshua het opgestaan uit die dood en graf en Hom op die eerste dag van die week tydens die Fees van Ongesuurde Brood aan die Vader gaan toon!!
2. Die vrouens wou Hom op die dag gaan balsem het, omdat dit **nié Shabbat was nié**.
3. Hy is ons eersteling-oes uit die dood - **Rom 11:16; Hand 26:23**.
4. Die Vader het Sy offer aanvaar – ons het nou 'n oop deur om aanvaar te word as die daaropvolgende oes.
5. Ek verkies om Yeshua aan te hou loof as die Een wat die aanvaarding vir ons gewerk het. Ons erken hier dat Hy ook namens my die offer was wat aanvaar moes word.

Ek word aanvaar omdat Hy as eersteling-gerf reeds aanvaar is!!!

Ek glo nie daar is enige iets verkeerd vir die kind van God - met die regte motief - nie wetties nie - om hierdie kragtige dae saam met ons Meester te vier, nie. Ek glo ook dat die maniere wat God hulle geleer het om hierdie feeste te vier 'n waardevolle les vir ons vandag het. Ons offer nie 'n lam nie, maar vier Pesag omdat die Lam gekom het en Sy bloed is reeds finaal gestort en daarom vier ons Pesag **volgens Sy opdragte** – ter herinnering aan Hom.

Ons waai nie meer die gerf voor God nie, want Yeshua het die aanvaarde waai offer geword vir ons – wat instaan vir ons by die Vader. Het jy erken dat die offer ook namens jou aanvaar is? Ons bring egter ons oes as offer aan Hom vir aanvaarding. Ons vier nie meer die Fees van Ongesuurde Brood as gevolg van lyding in Egipte en deur die wildernis nie, want ons was nooit daar nie, maar ons, as mens, het soms simbole nodig om ons te herinner om weg te bly en ons lewens van sonde skoon te maak. Hierdie is 'n wonderlike geleentheid om stil te staan en ons verlossing te oordink. Jy kan / moet dit daagliks doen, ja, maar ek sal enige verskoning gebruik om Yeshua nog dieper te vier, meer afgesonderd en ek glo hierdie gee aan ons so 'n geleentheid.

Ek en my huis gebruik hierdie tyd om te herstel en skoon te maak en verhoudings te reinig.

Eks 12:11, 21, 27, 43, 48, 34:25, Lev 23:5, Num 9:2, 4-6, 10, 12-14, Num 28:16, Num 33:3, Deut 16:1-2, 5-6, Y'hos 5:10-11, 2 Kon 23:21-23, 2 Kro 30:1-2, 5, 15, 17-18, 2 Kro 35:1, 6-9, 11, 13, 16-19, Yeg 45:19-21

Ons vier Yeshua! Hy het dit so perfek vervul, **Hy het dit selfs op dieselfde dae gedoen!!** Hy is gekruisig op Pesag en op die dag na die weeklikse Shabbat – die eerste dag van die week - op die dag van die Waai van die Gerf – net soos Hy beloof het – sondeloos, sonder suurdeeg, as Eersteling-offer voor die Vader verskyn.

Praktiese voorstelle vir die dag:

Die begin van 'n dag is in die aand net na sonsondergang. Yeshua het die Pesag met sy studentevolgelinge gehou die Dinsdagaand na sonsondergang; wat alreeds die Pesagdag was, wat daardie jaar op 'n Woensdag geval het en dieselfde dag waarop Hy gekruisig is, voor die volgende sonsondergang. Die tyd waarop die Pesagmaal geëet is in families is na die middag 15:00 wanneer die lam geslag is (Yeshua dood is). Ek stel 'n Pesagmaal, met ongesuurde brood, vrug van die druif en ander kos sonder suurdeeg, voor. Persoonlik verkies ek om eerder die verlossingswerk van Yeshua te onthou as die neem van die bitter kruie waardeur die verlede onthou word – wat, ek glo, deur Yeshua weggeneem is. Doen dit saam met vriende, maar definitief met familie. Berei genoeg ongesuurde brood voor, want die volgende dag is Shabbat – die eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brood. Die Bybel sê geen gewone werk mag op hierdie dag gedoen word nie.

Ek dink ook dit is 'n goeie ding om jou lewe te deursoek en te oefen voor die tyd soos die Yisra'eliete dit doen, deur vir suurdeeg te soek en dit te verwyder. (Laat die Afgesonderde Gees enige sonde vir jou uitwys). Eet slegs ongesuurde brood tydens die fees, as 'n herinnering dat ons moet breek met al die sonde en 'n teken dat ons alle versoekinge kan en moet oorkom. Dan, op die Eerste Dag (Sondag), tydens hierdie Week van Ongesuurde Brood, vier ons die opstanding en lewe van Yeshua, maar ook die feit dat Sy offer deur die Vader aanvaar is en ons verhouding met Hom herstel is. Vir my is dit belangrik dat die grootste feesviering, lofprysing en blydskap moontlik voor die Vader gebring moet word op hierdie dag. Dit is ons grootste oorwinningsfees; die opstanding van Yeshua; die aanvaarding van Sy offer eens en vir altyd vir al ons sonde.

Daar is 'n orde (Haggadah) van die Pesagmaal wat ons gebruik en dit is wonderlik (nie wet nie) om dit te doen; so lank ons onthou dat Yeshua al die simbole vervul. (Bl. 111)

Nota: Onthou asseblief dat Pesag en ander feeste nie op 'n vaste dag (bv. Woensdag) of datum kan val nie, aangesien dit volgens God se opdrag skuif met die stand van die Maan-maande, waarvolgens die tye bepaal word.

Ons vier Yeshua as ewige oorwinnaar!!!

9. Liefdesfees van die Meester

Lees asseblief die Pesagseder in die Haggadah (Bl. 111) voordat u hier lees.

Eks 12:11; 12:21; 12:27; 12:43; 12:48; 34:25; Lev 23:5; Num 9:2, 4-6, 10, 12-14; Num 28:16, 33:3; Deut 16:1-2, 5-6; Y'hos 5:10-11; 2 Kon 23:21-23; 2 Kron 30:1-2,5,15, 17, 18; 35:1,6-9, 11, 13, 16-19; Yeg 45:19-21.

Die eerste van die 3 jaarlikse feeste was Pesag: pesag = "om oor te sien" OF "om verby te gaan" en dit wat tradisioneel "Nagmaal" genoem word, het sy oorsprong hier. Kyk na die Pesag-lering vir die agtergrond en betekenis.

Ons noem dit die "Liefdesfees".

Ek wil graag kyk na twee uitvloeiels uit die Pesagmaal aangaande die Liefdesfees – gewoonlik word net een geleer.

1. Liefdesfees as uitloeiels uit die Pesag

Die een wat geleer word en baie toegepas word, is die leer dat die Liefdesfees nou die herdenkingsmaal is van Sy dood en liggaam en dat ons dit gereeld moet doen. Ek glo dit is ook reg so: “Want so dikwels as wat julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Meester totdat Hy kom.” **(1 Kor 11:26)**. Ek, persoonlik, glo dat dit by elke bymekaarkoms van kinders van God gedoen moet word. Die woord, “dikwels,” wat Sha’ul gebruik laat geen twyfel dat een maal elke paar maande of selfs een maal per maand nie sy gedagte was nie.

Wie mag hierdie “Liefdesfees” gebruik? Duidelik net hulle wat vereenselwig is of een geword het met Sy liggaam en die Nuwe Verbond deur Sy bloed deelagtig geword het = hy wat wedergebore is. **1 Kor. 11:29** “Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink ‘n oordeel oor homself, as hy die liggaam van die Meester nie erken nie.” Erken jy die liggaam deur wat Hy vir jou gedoen het? Deur Sy liggaam is vir jou bereik:

Yes 53:4,5 “Sekerlik het Hy óns **siektes self gedeel** en óns **benoudhede gedra**; tog het óns Hom beskou as een wat aangetas is, deur God geslaan en onderdruk,⁵ maar Hy is **deurboor vir ons oortredinge van die wet**, Hy is **vergruis vir ons onregverdhede**; **die tugtiging**, dat dit met ons kan goedgaan, was op Hom en deur Sy **kastyding is ons genees.**” (Klem myne)

Erken u Sy liggaam se prys wat reeds vir u die skuld, die oortredinge en die siekte weggeneem het;

asook Sy Nuwe Verbond wat deur Sy bloed vergifnis gebring het? – Dan mag u die Liefdesfees gebruik.

Soms as mense nie goed voel nie of ongelukkig is, voel hulle sleg om die Liefdesfees te gebruik. Dit is Yeshua se intieme verhoudingsmaal met jou. Dit is nie vir die volmaakte mens nie, maar vir hom wat Yeshua erken. Deur die Liefdesfees bevestig ons ook hierdie intieme verbondsverhouding met Hom. Dit is deur die Verbondsmaal

wat ek my genesing van enige toestand kan bevestig en kan herstel en regmaak.

Hand 2:42 “Hulle het ernstig aangehou in die leer van die afgevaardigdes, in die bymekaarkom in eenheid, in die breking van die brood en in die gebede.”

Hand 2:46 “Dag vir dag het hulle een van gedagtes, ernstig aangehou in die tempel, van huis tot huis brood gebreek en hulle kos met blydschap en eenvoudigheid van verstand, wil en emosie geniet,”

Hierdie twee verse het mense laat vra en wonder of dit verwys na etes of na die Liefdesfees en daar is leerstellings oor die gereeldheid van die “Liefdesfees” daarop gebaseer. As ons die Joodse gelowiges van daardie tyd en hulle gebruike bestudeer, vind ek ‘n verreikende verskil met die skeiding tussen maaltyd en “Liefdesfees.”

Aan die begin van elke maaltyd bid die Hebreër en sê dankie vir die brood en so word dan vóór die maal ‘n stukkie brood geëet om die gebed soort van te regverdig en nie onnodig te maak nie. **Luk 22:19** – **Dit is presies wat Yeshua by die maal van Pesag gedoen het.** Kyk mooi ‘tydens die maal’ en ‘na die maal’ het Hy die beker geneem. Dit was as deel van ‘n maal – spesifiek die Pesagmaal. Is so! Die kinders van God het net so gedoen en dit dan spesifiek gebruik om die liggaam en deur wyn, die bloed, van Yeshua te onthou soos Hy beveel het, “elke keer.” Dit is dus irrelevant of hulle spesifiek die Liefdesfees gehou het en of hulle saam geëet het waartydens hulle die Liefdesfees gebruik het. Die feit is: hulle het dit gedoen!

Hulle eet saam, maar nie sonder om te praat en die samesyn te geniet met en oor Yeshua nie; so ook die beker met wyn wat by elke Joodse maal teenwoordig is. Hulle het dus saam geëet en die Meester se opdrag om Hom te onthou, elke keer as hulle bymekaarkom, deur matzah en die vrug van die druiif, nagekom.

In die kerke het dit ‘n “sakrament” geword, maar vir die ware kind van God word dit gereeld in sy huis gebruik en oral waar hulle bymekaarkom.

Kyk na nog so paar gedagtes oor hierdie deel van die Eenheidsfees.

Nagmaal:

Sha’ul se term beskryf die natuur van die Meester se Maal en dus die term wat gebruik word deur baie kerkgroepe, as verwys word na hul viering van Yeshua se finale, gedenkwaardige maal met Sy studentevolgelinge. Sha’ul gebruik die term ‘tsuwmet yad’ (a pledging together) [die Griekse vertaling hier is koinoinia = fellowship] om die basiese betekenis van vertroue in Die Gesalfde Een uit te druk; ‘n deel in die lewe en dood van Die Gesalfde Een wat ‘n radikale verhouding skep tussen Die Gesalfde Een en die gelowige en tussen die gelowiges met mekaar in eenheid.

Die Meester se Maal:

‘n Herdenking, deur die vroeë kerk gevier as die teken van Yeshua se offerdood vir die mens se sonde. Die Meester het tydens die laaste maal die vorm van viering daar gestel, deur Homself simbolies te offer as die Pesaglam van boetedoening /

versoening. Sy werklike dood later die dag (onthou die dag begin in die aand) het die profesie vervul.

Slegs Sha'ul gebruik die frase "Meester se Maal" (**1 Kor. 11:20**), alhoewel 'n insinuasie daarvan in **Open 19:9** voorkom – "huweliksmaal van die Lam." Kergroepe vier die Meester se Maal gereeld as 'n teken van die nuwe verbond, geseël deur Die Gesalfde Een se dood en opstanding.

Die vroegste geskrewe verslag van die praktisering van die "Meester se Maal" is in **1 Kor 11:23-29**. Die Kerk in Korinthe was verdeeld en baie van sy lede was selfsugtig en selfbevredigend. In hulle samesynmaaltyd het hulle nie die Meester se Maal geëet nie (**v. 20**), want sommige het hulle vergryp terwyl ander honger gegaan het en verneder is. In antwoord op hierdie misbruik het Sha'ul hulle herinner aan die tradisie aangaande die Maal van die Meester met Sy studentevolginge die nag toe Hy verraai is, wat hy ontvang en aan hulle gegee het. Dit is belangrik in die onderskeiding van die waarheid oor die Liefdesfees.

- 23 want ek het van ons Meester gekry wat ek ook aan julle oorgegee het, dat ons Meester, Yeshua, in die nag waarin Hy oorgegee is, brood gevat het
- 24 en Hy het dit geseën, dit gebreek en gesê: 'Vat en eet; dit is My Liggaam wat vir julle gebreek word; so moet julle doen om aan My te dink.'
- 25 Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: 'Hierdie beker is die nuwe verbond in My Bloed,'^{Yir 31:30-33, Mat 26:28} so moet julle dit doen, elke keer as julle drink om aan My te dink,'
- 26 want elke keer as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, onthou julle die dood van ons Meester, totdat Hy kom.
- 27 Wie, daarom, van die brood van יהוה eet en van Sy beker drink en nie daaraan waardig is nie, is skuldig aan die liggaam en die bloed van יהוה'.
- 28 Laat elkeen sy verstand, wil en emosie as gevolg hiervan ondersoek en dan van die brood eet en uit die beker drink,
- 29 want wie ook al eet en drink terwyl hy onwaardig is, eet en drink 'n oordeel oor homself, as hy die liggaam van יהוה nie erken nie.

Die terme 'danksegging' en 'nagmaal' of 'samesyn' word baie met die Maal geassosieer en elkeen lig 'n spesifieke hoogtepunt van hierdie instelling uit. "Die Meester se Maal" is beter vir die algemene aanduiding en herinner Die Gesalfde Een se volginge dat hulle die brood en beker by Sí tafel deel; nie hul eie nie.

Die verslag van die Pesag Maal in **Mar 14:22-26** is rofweg parallel met die van Sha'ul, maar met verskille (kyk ook **Mat 26:26-29** en **Luk 22:17-20**). Beide verslae (Markos en Sha'ul s'n) skryf van die seën (danksegging) en breek van brood. Beide verwys na die verbond in verband met die beker as Sy bloed alhoewel slegs Sha'ul dit 'n nuwe verbond noem (kyk ook **Yer 31:31-34**). Beide het 'n toekomstige beklemtoning – alhoewel in verskillende vorms. Markos sê dat Yeshua gesê het dat Hy nie weer van die vrug van die druif sal drink tot Hy dit weer nuut sal drink in die

Koninkryk van God nie. Sha’ul sê: “Want so dikwels as wat julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Meester totdat Hy kom.” **(1 Kor. 11:26).**

Sha’ul beklemtoon die herinneringsaspek van die Maal. “Doen dit om My te onthou.” Die Gesalfde Een se volgelinge moes onthou dat Sy liggaam gebreek is en Sy bloed gevloei het vir hulle. Soos in die doop is dié deel van die Maal ‘n verklaring van die Goeie Boodskap in hoop “tot Hy kom.” Die Gesalfde Een se volgelinge onthou dat die offer vir hulle redding, van die gevangenskap, voorsien en vorentoe kyk na die uiteindelijke vervolmaking in die land van die belofte: die Koninkryk van God.

Die Maal se verdeling van 'herinnering aan die verlede' en 'hoop vir die toekoms,' is vervul in gemeenskap met mekaar in die hede. Telkens word die frase “in Die Gesalfde Een” herhaal in die skrywe van Sha’ul. Eenheid in / met Die Gesalfde Een en eenheid met Sy volgelinge is ‘n herhalende tema. Dus is dit nie verbasend dat ‘n mens hierdie beklemtoning vind in verband met die Meester se Maal nie. “Die beker van aanvaarding wat ons oor bid: is dit nie gemeenskap met die bloed van Die Gesalfde Een nie? Die brood wat ons breek: is dit nie gemeenskap met die liggaam van Die Gesalfde Een nie?” **(1 Kor. 10:16).**

Sha’ul het nie gepraat van ‘n herhaling van die offer van Die Gesalfde Een nie, maar ‘n werklike deel in gemeenskap met die lewende Meester. Gemeenskap in Die Gesalfde Een is basies vir die gemeenskap in Sy liggaam. **(1 Kor 10:17).**

Alle volgelinge van Yeshua is onwaardig om die Meester se Maal te deel, maar Sy onverdiende guns het vir hulle voorsien in hul onwaardigheid. Die tragedie is dat sommige daaraan deel het op ‘n onwaardige manier en nie die liggaam van die Meester onderskei nie. Sha’ul spreek hierdie saak aan vir die Korinthe en ook vir ons, terwyl hy aandring dat Die Gesalfde Een se volgelinge hulleself ondersoek en die hele liggaam respekteer terwyl hulle die Maal van die Meester deel.

2. Die opdrag wat vloei uit die Pesagmaal

Kom ons kyk na dit wat as die instelling van die “Liefdesfees” gesien word.

1 Kor 11:24,25 “en nadat Hy die dankgebed gedoen het, het Hy dit gebreek en gesê: ‘Vat dit en eet; dit is My liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit om My te onthou.’ ²⁵Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: ‘Hierdie beker is die nuwe verbond in My bloed; ^{Yer 31:30-33, Mat 26:28} doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, om My te onthou.’”

Kom ons kyk daarna binne sy konteks en betekenis:

1. Yeshua was besig met die Pesagmaal – “Vat **dit** en eet” – die “**dit**” verwys na die ongesuurde brood, ‘Matzah,’ wat op daardie tydstip as deel van die Pesagmaal geëet is. Kan dit wees dat Yeshua sê dat hulle steeds die Pesagmaal moet vier, maar nie meer soos gewoonlik nie, want ‘dit’ het nou die wonderlike betekenis wat hulle moet onthou; naamlik Sy liggaam?
2. “Net so ook die beker **na die ete**.” Weereens ‘n spesifieke verwysing na ‘n spesifieke beker – ‘**na die ete**’ – as nou na die volgorde van die ete gekyk word, weet ons dit is die derde beker wat gedrink word en dus die beker van redding of verlossing, (**Eks 6:6-7**); **fantasies en maak sin!** ‘Hierdie beker is die nuwe verbond in My bloed.’ Yeshua gaan aan en verwys weer spesifiek na die beker. ‘**Hierdie**’ beker: watter beker is die instelling van die Nuwe Verbond se teken? – ‘**Hierdie**’ – as ons eerlik wil wees dan moet ons erken dat Hy verwys na die derde beker van die Pesagete wat Hy besig is om te drink! Hy gaan verder en beveel: “²⁶Want so dikwels as wat julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Meester, totdat Hy kom.” Watter brood en watter beker? ‘Hierdie’- dit is baie spesifiek!
3. Is dit nie – soos wat ek glo – dat Yeshua die voortgaan van die fees hier baie duidelik uitstip nie, maar met ‘n nuwe betekenis: om Hom te onthou! Nou sal u verstaan as ons elke keer in die Pesaglering sê ons vier Yeshua en onthou Hom in alles!

Dit is omdat Hy ons die opdrag gegee het om Hom te onthou!!!

Dus: – Ja, vier die Herdenkingsfees, of ‘Liefdesfees’ so dikwels as julle bymekaarkom! As jy bang is dit word ‘n gewoonte moet jy ook nie elke dag eet nie – dit mag ‘n gewoonte word – of pas op as jy elke dag bid, dat dit nie ‘n gewoonte word nie!!! Moenie dat sulke verskonings van mense jou weghou van Sy seëninge nie **EN** hou aan om Yeshua een maal ‘n jaar te onthou deur **Sy Pesag!!**

Met ongesuurde brood

Eks 12:8, 15-20; 13:3, 6; 23:15; Lev 23:6; Num 9:11; Num 28:17; Deut 16:3-4; Mar 14:12; Luk 22:7; Hand 12:3; 1 Kor 5:8

Omdat suurdeeg ‘n simbool van sonde en sy uitspreiende vernietiging is, kan ek nie insien hoe jy die sondelose lewe en liggaam van Yeshua kan onthou en verteenwoordig met brood wat suurdeeg in het nie. Dit is ingestel met ongesuurde brood – laat ons dit so hou. Daar is ‘n rede in elke wet en voorbeeld wat God ons gegee het. Ek kan nie die liggaam van my Meester verteenwoordig met ‘n simbool van sonde nie.

Dit alles lei ons na ‘n persoonlike ervaring in ‘n liefdesverhouding met Yeshua by Sy Liefdesfees wat ingestel is vir ons om Sy redding en liefde te onthou. Die fisiese simbole en teken wat gesien kan word weerspieël en herinner aan die onsenlike verbond en beloftes en werke van die Gees van God in en deur ons.

‘n Verwysing vir ‘n interessante studie en parallel:

Gen 14:18 – Hier sien ons:

“¹⁸ Malki-Tzedek, die koning van Shalem, nie-Levietiese priester van El-’Elyon (Die Allerhoogste, Magtige God), het brood en wyn uitgebring ¹⁹en hom geseën en gesê: “Geseënd is Avram deur El-’Elyon, die Skepper van hemele en aarde ²⁰en geseënd is El ‘Elyon, wat u vyande in u hand gegee het.” Toe gee Avram hom ‘n tiende van alles.”

Hy seën Avraham en Avraham het aan hom ‘n tiende van alles gegee, nadat hy brood en wyn gedeel het.

‘n Interessante parallel.

Wil u nie nou self die vraag of dit belangrik is om die Pesagfees te hou – en of dit belangrik is om dit op die regte tyd te hou – antwoord nie? Kom ek gee vir u ‘n bietjie hulp:

Num 9:13 “maar die man wat rein is en nie op reis is nie en nalaat om die Pesag te hou, dié persoon moet van sy volkgenote afgesny word, want hy het die offer van **הקדש** nie op die bepaalde tyd gebring nie. Dié man sal sy sonde dra.”

10. SHAVU'OT “Die Fees van Weke”

Asseblief, let op die lering oor wettiesheid in die inleidende hoofstukke.

Die Torah is vol wonderlike, geestelike beginsels wat geleer word deur elke dag se ervarings. In Sy oneindige wysheid het יהוה-God geweet dat die swak mens heel waarskynlik baie van hierdie belangrike geestelike beginsels, wat die leringe van die Torah vrylik aan hom beskikbaar stel; leringe, so gemaak om hom te seën en te help in sy daaglikse wandel met sy Skepper, sal vergeet. Dit is hoekom Ha-Kadosh (die Afgesonderde Een) versigtig die Bybelse kalender gemaak het om die mens aan sy plek in die geskiedenis te herinner en om hom aan te moedig om altyd nader te beweeg in sy verhouding met sy Hemelse Vader.

Wel, selfs die hemele en die aarde self sou dien as getuie om hom te herinner aan sy spesiale plek in die verstand, wil en emosie van יהוה, (**Yir 31:31-34**). Omdat Yisra'el primêr 'n landbou land was en in 'n groot mate steeds is, is daar geen beter manier vir die Afgesonderde Een om Sy kinders te leer oor Sy Afgesonderde Natuur, as deur die jaarlikse oes en vrugte, nie. Soos ons sal sien, hou die fees wat bekend staan as Shavu'ot belangrike Messiaanse waarhede in wat geskik is vir elke gelowige vandag.

Net weer die jaarlikse feeste opgesom:

Daar is 3 groot feeste, onderverdeel in 7 feeste: **Lev 23; 2 Kron 8:13; Nag 1:15**

- Pesag (3)

Fees van Ongesuurde Brode
Verlossing

Aanvaarding van oes

- Shavu'ot

Fees van Weke
Gees van Afsondering

Eerste vrugte

- Sukkot (3)

Fees van Tabernakels
Koms, wederkoms
en oordeel

Laaste Vrugte

Eks 34:22 “Jy sal ook Shavu'ot, die **Fees van Weke** vier, die **Fees van die Eerstelinge van die graan-oes**.”

Lev 23:15-16 “Dan moet julle tel van die dag ná die Shabbat, van die dag af as julle die Waaioffergerf bring, moet dit **sewe volle weke** wees; ¹⁶tot die dag ná die sewende Shabbat moet julle **vyftig dae tel**; dan moet julle 'n nuwe graanoffer aan יהוה bring.”

Deut 16:9-10 “Jy moet vir jouself sewe weke tel; vandat die sekel die eerste keer in die ongesnyde graan geslaan word, moet jy sewe weke tel. ¹⁰Dan moet jy die Fees van Weke hou vir יהוה, jou God, met 'n deel van die vrywillige offer van jou hand wat jy sal gee namate יהוה, jou God, jou sal seën. ”

Hand 2:1 “Toe die dae tot by die Fees van weke (Shavu'ot) voltooid was, was hulle almal as een bymekaar ^{”Eks 34:22; Deut 16:9-10; Lev 23}

Shavu'ot, die Fees van Weke, is die tweede van die drie groot Bybelse feeste met beide historiese en landboukundige belangrikheid (die ander twee is Pesag en Sukkot).

1. Landboukundig herdenk dit die tyd toe die eerste vrugte (eerste deel van die koring-oes) geoes is en na die tempel gebring is en is bekend as **Hag ha-Bikkurim** (die Fees van die Eerste Vrugte).
2. Histories vier dit die gee van die Torah by die Berg Sinai en is ook bekend as **Hag Matan Torateinu** (die Fees van die **Gee van die Torah**).
3. Dit is ook dieselfde dag waarop die Gees van Afsondering uitgestort word, 50 dae nadat Yeshua opgestaan het.

Die Hebreeuse woord vir week is “shavuah”, die meervoud “shavu’ot”. Beide hierdie woorde kom van die basis woord vir sewe. Dit is waar die fees sy naam kry. Shavu’ot is die jaarlikse tel van die sewe weke, dus 49 dae. Die jaarlikse tel is in die Torah gelys as **‘n mitzvah, ‘n opdrag van God self**. Die naam “Pentecost”, kom van die Griekse woord “pentekoste” en beteken “vyftig dae”, want die Torah beveel die volk van Yisra’el om die finale dag na die sewende week by te voeg. Nêrens in die Nuwe Testament word die “Pentecost” fees gevier nie, maar steeds die Bybelse Shavu’ot en absoluut nêrens is daar ‘n opdrag om “Pinksterdag” te vier nie, maar wel Shavu’ot!! Kyk maar na Sha’ul (Paulus) - **Hand 20:16**.

Hand 2:1,2 hierbo is ‘n voorbeeld: kyk baie mooi – in die ander vertalings sal jy sien dat dit die Pinksterfees of Pentecost genoem word. Hier word egter gepraat van die gewone Bybelse Fees van Weke, want op die oomblik dat dit genoem word, dat hulle daar bymekaar is, is die Afgesonderde Gees nog nie uitgestort nie!! Hierdie is ‘n blatante miskenning van die feeste deur God ingestel. Dit is wonderlik dat Yeshua se belofte, van die Afgesonderde Gees, gekom het – en ons dit kan vier – as ons onthou dit is op daardie dag wat God as ‘n fees beveel het – Die Fees van Weke, waarop die Wet van God aan die volk op skrif gegee is.

Die tydperk vanaf Pesag tot Shavu’ot is ‘n tyd van groot afwagting vir Yisra'el. Hulle tel elke dag, van die eerste dag van die week wat in die Fees van Ongesuurde Brood val (die dag van die Waai van die Gerf) tot die dag voor Shavu’ot, 49 dae of 7 vol weke, daarom die naam van die fees. Die tel herinner die Jode aan die belangrike konneksie tussen Pesag en Shavu’ot: Pesag bevry hulle fisies van die slawerny, maar die gee van die Torah op Shavu’ot bevry hulle geestelik van hul binding tot afgodery, immoraliteit en sonde en verwag slegs gehoorsaamheid om in effek te kom.

Die gee van die Wet

Histories, (volgens meeste betroubare bronne), is die Torah op die Berg Sinai op hierdie dag gegee. Dit is in die derde maand na die volk Yisra'el uit Egipte uitgekome het. Eintlik is die presiese datum van hierdie bekende geleentheid, neergeskryf in die boek van Eksodus, nie duidelik gestel nie, maar die kronologiese bewyse is oortuigend. Die outeur van die boek Handeling, Luka, getuig wel van die presiese tyd van die fees van Shavu'ot en hy konnekteer hierdie fees spesifiek met die uitstorting van die Afgesonderde Gees **oor die gelowiges wat bymekaar was in Yerushalayim**, deur te noem dat dit op die dag is wat die Gees uitgestort word.

Volgens die Bybelse vertelling in die Nuwe Verbond, het יהוה al die gelowiges toegelaat om Sy Gees te ervaar. Die resultaat was dat die studentevolginge kon praat in tale wat hulle nog nie persoonlik geleer het nie. Om seker te maak sê die skrifgedeelte dat Jode van elke nasie onder die hemel in hulle onderskeie tale die Goeie Nuus gehoor het! Hoekom was Jode van alle tale skielik in Yerushalayim bymekaar? Want dit was 'n opdrag om tydens Shavu'ot in Yerushalayim bymekaar te kom (**Eks 34:24**). Dit was voorwaar wonderlik! Tonge van vuur en die klank van 'n woeste wind het die uitstekende vertoon van die krag van die Gees vergesel. Om die waarheid te sê, die Hebreeuse woord vir 'gees', 'asem' en 'wind' is almal dieselfde = 'ruag'! Sommige gelowiges verwys na hierdie geleentheid as die geboorte van die kerk.

Dit is goed om op te let dat hierdie feesdag die tyd van **die gee van die Torah** genoem word in plaas van die tyd van die ontvang van die Torah. Die geleerdes wys daarop dat ons in 'n konstante proses is om die Torah te ontvang. Ons ontvang dit elke dag, maar dat dit toe die eerste keer gegee is. Dus is dit die gee, nie die ontvang, wat die feesdag belangrik maak.

1. Die vertoon van vuur en die teenwoordigheid van die groot klank is 'n herinnering aan die Sinai geleentheid. Toe יהוה die Torah aan die mense voorgedra het, het dit in vuur voorgekom en elke individuele mens uitgenooi om die geboorte te aanvaar en om die hele Torah te volg. Die vertelling in Handeling beskryf die tonge van vuur wat op elke persoon neerdaal.
2. In die Sinai oorhandiging van die Torah word gesê “donder en weerlig...” Die werklike Hebreeuse woord wat as ‘donder’ weergegee word קולת is **“stemme!”** Dit versterk die konneksie met die Handeling beskrywing waar stemme gehoor is saam met vlamme. Hoe wonderlik dat die verbond regdeur dieselfde taal praat.

Hoe leer hierdie fees ons 'n geestelike belangrikheid wat ons nie moet vergeet nie?

Ons weet dat dit Torah is, dieselfde leringe wat ons vandag het, wat op daardie dag op die kliptafels ingekerf is. Ons weet ook dat dit hierdie selfde Torah is wat ingekerf moet word in ons verstand, wil en emosie soos wat ons Yeshua dien tot die eer, lof en aanbidding van die Vader (**Yer 31:30-34**). Hoe kry ons Torah in ons verstand, wil en emosie? Die Gees van die Afgesonderde Een maak die feit dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in gehoorsaamheid aan die Vader, Homself leeg gemaak het ter wille van ons en ons sonde oorgeneem het sodat ons as gevolg daarvan deur die Vader onskuldig verklaar kan word, 'n werklikheid! Met ander woorde, omdat die Afgesonderde Gees die kragtige, offerdood van die Die Gesalfde Een, 'n lewende werklikheid in ons verstand, wil en emosie maak, is ons nou vry om te wandel in 'n nuwe lewe! Hierdie handeling van vertroue, aan ons kant, bring die skryf van die Torah op ons verstand, wil en emosie mee! Om dit te verseker sê die Torah dat יהוה ' Self dit doen (**Yegezk'el 36:26, 27; Yir. 31:33**)!

Ons is vry om die Torah van die Waarheid na te jaag sonder veroordeling (**Rom 8:1**)! Hierdie nuwe identiteit in Die Gesalfde Een, Yeshua, is die onskuldige verhouding wat ons Hemelse Vader die heelyd vir ons in gedagte gehad het. Die besonderhede rondom daardie merkwaardige Shavu'ot in Yerushalayim dien nou om ons te herinner aan die werklikheid van vandag. Die klem op die ervaring van die Afgesonderde Gees het baie tweespalt in die liggaam van Yeshua gebring, in plaas van eenheid, maar dit is belangrik dat dit op hierdie dag uitgestort is – vervullend van die hoof doel – om die Torah op ons verstand, wil en emosie te skryf sodat ons die wet van die Gees kan ontvang, wat ons lei na Yeshua, Die Gesalfde Een van God.

Indien jy hierdie wonderlike waarheid ervaar het – dat יהוה ' bekeer om 'n persoonlike verhouding met jou te hê – dan sal die Gees van die Afgesonderde Een jou lewe vul tot oorfloed en vir jou 'n nuwe en vars doel vir die lewe gee! Sy Gees sal die Torah op jou verstand, wil en emosie graveer! Om dit te verseker het Hy in jou 'n nuwe stem en 'n nuwe taal geplaas! Een wat lofsange tot die Vader van onverdiende guns sing, met die verstand, so wel as met die Gees en watter Geestelike taal! Hy het jou ook afgesonder en gereinig, dit is die doop of vervulling met die Afgesonderde Gees. Hierdie selfde Vader is die Een wat Sy enigste en unieke Seun in die wêreld ingestuur het om vir die sondes van alle mense te sterf!

Shavu'ot is nie vasgebind aan 'n spesifieke kalender datum nie, maar tot 'n telling vanaf Pesag – meer presies vanaf die Sondag van die Waai van die Gerf.

Gewone werk is nie toegelaat tydens Shavu'ot nie, dit is Shabbat!!

Num 28:26 "Op die dag van die eerstevrugte, wanneer julle 'n nuwe graanoffer by julle Fees van Weke (Shavu'ot) aan יהוה ' bring, moet daar vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén werk doen nie." **Lev 23:21**

Eerstelingfees

Eks 34:22 “Jy sal ook Shavu’ot, die Fees van Weke vier, die **Fees van die Eerstelinge van die graan-oes.**”

Uit hierdie en baie ander verse, soos **Deut 16:9-10**, kan ons ‘n vergelyking tref met die tiende wat aan God gegee word en leer ons veral hier ‘n belangrike punt. Dit is die eerste tiende. Nie ‘n vreemde beginsel nie: **Neg 10:37.**

Die gee van ‘n tiende is in gebruik van voor die gee van die skriftelike wet:

Gen 14:20 ; Gen 28:22.

Die hele tiende van alles wat die persoon het, behoort aan God: **Lev 27:30.**

As iemand met opset nalaat om die tiende te gee, moet hy ‘n vyfde by gee:

Lev 27:31.

Selfs die wat tiendes ontvang moet tiende gee: **Num 18:26 ; Neg 10:38.**

Bring die hele tiende: **Mal 3:10.**

Dit is ook nie die enigste fees waar ‘n vrywillige offer aan God gebring moet word nie.

Eks 23:15 “Die Fees van Ongesuurde Brode moet jy hou: sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet soos Ek jou beveel het, op die vasgestelde tyd in die maand Aviv, want daarin het jy uit Egipte uitgetrek; **niemand mag met leë hande voor My verskyn nie.**”

Eks 34:20 ; Deut 16:16 is duidelik dat op al die feeste, niemand met leë hande mag kom nie.

Hier is ‘n patroon:

1. Tydens die eerste fees word ‘n enkel gerf gesny, wat voor God gewaai word en wat Hy seën sodat die hele oes geseën sal wees.
2. Tydens die tweede fees word die eerste tiende ingebring van die oes om God te vereer omdat Hy ons seën.
3. Tydens die derde fees rond ons die oes af deur Hom te loof vir Sy voorsiening deur die oes.

Kyk of die volgende sin maak:

1. Yeshua word aanvaar as die eerste Gerf en deur Hom word ons geseën as aanvaarbare oes.
2. Die Afgesonderde Gees lyf die eerste oes in, waarvan ons deel is.
3. Yeshua kom weer en neem die afhandeling van die oes in.

Ons het rede as eerstelingoes om Hom te loof – deur die gawes en die vrugte!!!!

Joodse gewoontes – nie opdragte nie: (Tog goed om na te kyk)

Dit is gewoonte om die hele nag tydens Shavu'ot wakker te bly en die Torah te bestudeer en dan vroeg in die oggend te bid.

Dit is gewoonte om 'n suiwel maaltyd ten minste een keer tydens Shavu'ot te eet. Daar is 'n verskeidenheid van opinies waarom dit gedoen word. Sommige sê dit is 'n herinnering aan die belofte oor die land van Yisra'el – 'n land wat oorloop met melk en heuning. Volgens 'n ander siening is dit omdat die voorvaders pas die Torah ontvang het (en die dieetkundige wette daarin) en nie beide vleis en suiwel disse beskikbaar gehad het nie.

Die boek van Rut word gelees tydens hierdie tyd. Weereens word daar 'n verskeidenheid redes gegee, maar nie een blyk definitief te wees nie.

Vir verdere studie, lees:

Eks 19; Deut 10:12-16; 30:6; Y'hos 1:8; Ps 19:7-11; 32:1,2; Spr 2:5,6; Yes 53:5; Yir 31:33, 34; Yeg(Eseg) 36:25-27; Yo'el 2:28, 29; Yog 1:14; Rom 8:16; Efe 2:4-10; Fil 2:10, 11; Heb 11:6.

Chag Sah'meag Shavu'ot!

11. Yom Teruah - Rosh Hashanah

“Blaas ‘n ramshoring in Tziyon en maak alarm op My afgesonderde berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van יוֹם תְּרוּעָה kom, waarlik, dit is naby,” (Yo’el 2:1)

Weereens herinner ons almal om die lering oor wettiesheid te bestudeer voordat u die fees te bestudeer.

In Hebreeus **beteeken Rosh Hashanah letterlik “hoof van die jaar” of “eerste van die jaar.” Rosh Hashanah is algemeen bekend as die Nuwe Jaar.**

Jy sal sien dat die Bybel van Rosh Hashanah praat as ‘n gebeurtenis op die eerste dag van die 7de maand. Die eerste maand van die Bybelse Kalender is Nisan (Aviv), wat in Maart of April is. Hoekom is die Joodse “nuwe jaar” dan in Tishri, die sewende maand?

In Judaïsme, is Nisan (Aviv) 1 die nuwe jaar vir die doel om die konings se regeringstye en om die maande van die kalender te tel, Elul 1 (in Augustus) is die nuwe jaar vir die tiende van die diere, Shevat 15 (in Februarie) is die nuwe jaar vir bome (wanneer bepaal word wanneer die eerste vrugte geëet kan word, ens.) en Tishri (Rosh Hashanah) is die nuwe jaar van die jare (wanneer die jaargetal meer gemaak word (Shabbat- en Jubeljare begin op hierdie tyd.)

Die naam “Rosh Hashanah” word nie in die Bybel gebruik om na hierdie feesdag te verwys nie. Die Bybel verwys na hierdie feesdag as Yom Ha-Zikkaron (die dag van herdenking / herinneringe) of Yom Teruah (die dag van die blaas van die shofar).

Die Fees van Shofar in die Bybelse Tye is op ‘n meer feestelike manier gevier as vandag, met oorbloed (**Amos 8:5**). Alhoewel dit ‘n daglange fees is, is voorbereiding vir die fees ‘n volle maand voor die tyd begin. In die Bybelse kalender is ‘n 40 dae seisoen, genoem Teshuvah (terugkeer of berou). Dit begin op Elul 1 (die maand voor Tishri) en eindig op die Dag van Versoening / Toedekking – Yom Kippur (Tishri 10). Hierdie 40 dae seisoen is ‘n tyd vir jou om ‘n jaarlikse ondersoek van jou lewe te doen en om verhoudings tussen God en mens te herstel. Die eerste 30 dae van die seisoen is die 30 dae van die maand Elul. Die laaste 10 dae van die 40 dae is tussen die Fees van Shofar en Yom Kippur - Die Dag van Versoening / Toedekking of die tien Spesiale Afgesonderde Dae (Dae van Eerbied.) Dit is ook tydens hierdie tyd dat mense gedoop is (net soos Yeshua!) - mense wat deur die profeet – Yoganan die Doper – opgeroep is om weg te draai van ‘n verkeerde lewe na God toe. Hulle is gedoop as ‘n teken van hulle wegdraai. (Volledige lering oor die doop is beskikbaar.)

Interessant: Yeshua het juis in hierdie tyd Homself gaan afsonder vir 40 dae en gereed gemaak vir Sy bediening – het jy jouself so ondersoek en is jy gereed vir diens in Sy Koninkryk? Hy is ook gedoop as teken van Sy gereedheid.

Hierdie fees is een van gemengde gevoelens. Dit word as beide gelukkige, vreugdevolle en somber geleenthede gesien – vreugdevol, want dit vier die nuwe jaar en somber, want gewoonte het hierdie as ‘n “Dag van Veroordeling”, omdat dit ‘n dag is waarop terug gekyk word en ‘n opname van jou lewe tydens die afgelope jaar gemaak word.

Een of twee dae?

Die Fees van Shofar is tydens die nuwe maan. Die hele Joodse kalender draai om die maan, dus was dit belangrik om die datum van die nuwe maan korrek te hê. (Soms het dit 2 dae geneem aangesien die eerste een nie reg was nie). In die Bybelse tyd, soos vandag, word hierdie fees oor 2 dae gevier in plaas van een, as gevolg van die bogenoemde rede.

‘n Spesiale seën word tydens die nuwe maan gesê: “Geseënd is U, יהוה”, ons God, Koning van die heelal, wie se Woord die hemele geskep het, wie se asem alles daarin geskep het. Status en seisoene het Hy vir hulle gestel, dat hulle nie van hul aangestelde taak kan afwyk nie. Gelukkig, blymoedig doen hulle die wil van hul Skepper, wie se werk van Hom afhanklik is. Aan die maan het Hy gesê: hernu jouself, kroon van glorie vir hulle wat in die moederskoot gebore is, wat ook bestem is om hernu te word en hul Skepper verhef vir Sy heerlike soewereiniteit. Geseënd is U, יהוה” wat die maande hernu.”

Let op dat `Ezra hierdie fees vir 2 dae gevier het: (**Neg 8:2-3,13**). “Ezra, die priester, het die boek van die wet voor die vergadering, van manne sowel as vroue en almal wat met begrip kon luister, gebring op die eerste dag van die sewende maand (Tishri).³ Hy het die boek gelees in die straat wat voor die Waterpoort was, vanaf die oggend tot die middag, in die teenwoordigheid van die manne en die vroue en die wat kon verstaan en die ore van die volk was op die wetboek gerig.¹³ Op die tweede dag het die hoofde van die vaders van die hele volk, die priesters en die Leviete by `Ezra, die skrifgeleerde, bymekaar gekom om van hom die woorde van die wet te verstaan”

Inligting en agtergrond

Net soos die sewende dag, Shabbat, afgesonder is, so ook is die sewende maand, Tishri, afgesonder deur God as afgesonderd vir Hom. Dit kan gesien word as die mees afgesonderde maand omdat dit vier Bybelse feesdae het, waarvan Yom Teruah en Yom Kippur die “Spesiale feesdae” genoem word. As teken van die belangrikheid moes daar in ou Yisra’el ses getuïenisse wees om die aankoms van die nuwe maan, wat die begin van Tishri aangedui het, te bevestig in plaas van die drie getuies in ander maande. Daar is ook in plaas van die gewone prosedure van seinvure om die nuwe maan aan te kondig, boodskappers uitgestuur vanaf Yerushalayim om die koms van Tishri persoonlik aan te kondig. Hierdie veiligheidsmaatreëls wys dat

Yisra'el 'n afgesonderde verpligting gevoel het om gehoorsaam te wees aan die spesifieke tye van die feeste soos deur God gegee is in Sy Woord. Dit was nie 'n klein dingetjie indien 'n fout gemaak is en 'n afspraak met die Skepper-God gemis is nie. Ons kan God ook eer deur opreg ywerig te wees in ons hou van die feeste en Shabbate, wat afsprake is met die Vader, in vertroue. Dit is nie wetties nie – dit wys net respek vir die Een wat die opdragte gegee het. Die eerste van die feeste in die sewende maand is **Yom Teruah** en is elke jaar op die eerste dag van Tishri, die sewende maand.

Levitikus 23:23-25

²³יְהוָה־הַיּוֹם het met Moshe gepraat en gesê: ²⁴“Praat met die kinders van Yisra'el en sê: ‘In die sewende maand, op die eerste dag van die maand, moet julle rus, 'n gedenktag deur die blaas van die shofar (ramshoring), 'n afgesonderde byeenkoms. ²⁵Julle mag géén gewone werk doen nie en offer aan יְהוָה 'n offer deur vuur.’”

Numeri 29:1

“In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet daar vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén werk doen nie; dit moet vir julle 'n dag van die blaas van die ramshoring wees.”

Die omvang van hierdie dag:

1. Die opdrag vir ons is om te rus en geen gewone werk te doen nie.
2. Afgesonderd bymekaar te kom voor יְהוָה.
3. 'n Herdenking deur uitroepe
4. Die “shofar” te blaas. Die shofar is nie 'n trompet nie ... afkomstig van die horing van 'n ram het dit 'n eienaardige klank wat nie klink soos 'n mensgemaakte instrument nie. Dit is een van die oudste blaas instrumente en speel 'n belangrike rol in die Bybelse Geskiedenis.
5. Vuuroffer bring.

1. Dit is Shabbat.

Kyk ook na die volledige lering oor Shabbat in 'n vorige hoofstuk.

Soos met die ander feeste is dit nie 'n gewone tyd waar ons kan doen wat ons wil nie, maar 'n afgesonderde tyd vir God. Hy roep 'n Shabbat uit om ons tot stilstand te bring en op Hom te konsentreer. Daar is in die omvang van die dag genoeg om ons met Hom besig te hou.

2. Afgesonderde Bymekaarkoms.

Nie sommer ons eie byeenkoms en planne nie, maar 'n gerigte bymekaarkom van Sy kinders om op Hom en Sy opdragte te konsentreer en op die magdom betekenis van die dag, om God voor te loof. Kom bymekaar en bespreek en bedink die dinge saam.

3. 'n Herdenking.

'n Ander naam vir hierdie fees is “Yom Ha-Zikkaron”, 'Dag van Onthou.' Dit is die doel van God se feeë – om te onthou hoe God bemoeienis maak met Sy volk. Daar is egter 'n spesiale onthou op hierdie dag wat nie 'n opdrag is nie, maar 'n gebeurtenis in God se omgeeplan wat op die dag gebeur het. Alhoewel dit te doen het met een van die betekenis van die blaas van die Shofar, wil ek dit graag hier afsonderlik doen – sal jou iets gee om te onthou!

Psalm 98:6 “juig met harde klanke van trompette en ramshorings voor die Teenwoordigheid van יהוה, die Koning!”

- In die antieke wêreld is die shofar gebruik om die koning te groet.
- Daar is 'n rede om vreugdevol uit te jubel!
- As al die dae van die vervulling van die belofte, wanneer Yeshua die werke van God kom bevestig het deur dit te vervolmaak, op dieselfde dag as die belofte (feeë) geval het, dan is daar ook 'n vervulling op die dag??!
- Die Shofar kondig die koms van die Koning aan!! Ek hoop dit begin al sin maak!

Ja – ek is oortuig en my studies hieroor uit verskillende hoeke kom op dieselfde neer: Yeshua is gebore tydens hierdie tyd. Ek is verder oortuig dat Yeshua juis op die dag van **Yom Teruah** gebore is. Alles wat Hy as vervulling gedoen het, is op die ooreenkomstige feesdag gedoen. Die Koning het gekom en Hy gaan weer kom om die finale oes in te bring.

As ons die priestershuis van Z'kharyah, vader van Yoganan die dooper, naspur en sien wanneer hulle dienstyd was en ons weet Yeshua is 6 maande na Yoganan gebore, weet ons wanneer Yeshua gebore is. Om te kyk of dit klop, vergelyk ons dit met die tyd wat Hy bedien het, naamlik drie en 'n half jaar – **Dani'el 12:11** het dit al profeteer. Yeshua is op Pesag gekruisig – so daar moet 6 maande verskil wees met Sy tyd van geboorte – weereens klop dit. Vanaf Tishri (die sewende maand) tot by Aviv is 6 maande!!!

Ons vier Yeshua se geboorte as die begin van die vervulling van God se belofte verlossing vanuit die beheer van sonde, wat slegs deur Die Gesalfde Een van God (Mashiach) vervul kan word. Hy word van **Gen 3:15** af al deur die ganse skepping verwag!

Net soos daar geen opdrag is om Pinkster te vier nie, maar dit op die Shavu'ot val en as vervulling gevier word van Shavu'ot, is dit vir my net so reg om Yeshua se koms as vervulling op **Yom Teruah** te vier al word dit nêrens as opdrag gegee nie. Ek weier egter om dit op 'n heidense feesdag te vier of met heidense gebruike. Sterk stelling!?! Sal ons daarna kyk met die begeerte om God suiwer te dien!?

Ons gaan aan op bl. 197 met punt no. 4 - net eers iets belangriks:

12. Kersfees

‘n Meer volledige lering hieroor is beskikbaar

Die woord “Christmas” kom van “Cristes maesse”, ‘n vroeë Engelse frase wat “Mass of Christ” beteken. Tertullian, ‘n vroeë geestelike van die Romeinse kerk, 155-220 na Yeshua, het self geleer dat Kersfees en die nuwe jaar vieringe heidens was en hul oorsprong het in die politeïstiese godsdienste van antieke Rome en hul voorgangers.

Die eerste noem van die viering van Kersfees in die kerk was in 336 n.C. in ‘n vroeë Romeinse kalender, wat 25 Desember aangedui het as die dag van nakoming. Kersdag het nie amptelik bestaan tot en met 354, toe Pous Gregory, 25 Desember as die geboortedag van Yeshua aangekondig het, nie. In die doen daarvan het hy die vroeë Roomse kerk se beleid gevolg waar heidense rituele eerder opgeneem is as om dit te onderdruk of teë te gaan. Die heidense viering van die winter sonstilstand en die komende lente is reeds van die vroegste tye af gevier.

Kersdag is geneem van die heidense ‘Dag van die onoorwinlike Son’, wat die kortste dag in die winter (noordelike halfgrond) aangedui het. Dit is die dag waarop gemeen is dat die son weer sy krag begin herwin – gedeeltelik as gevolg van die gebede en eerbetoning van die sonaanbidders. Kersfees is gevolglik deur die Rooms Katolieke aanvaar (alhoewel in ‘n effens veranderde vorm) om die heidense sonaanbidders onder hul beheer te kry.

Hierdie viering is beïnvloed deur heidense (nie-Christen) feeste wat in die tyd gehou is. Gedurende die 2de eeu voor Die Gesalfde Een het die Grieke ‘n fees, Bacchanalia (ter ere aan Bachus, ook genoem Dionysus, die god van wyn en vreugde) gevier op die korste dag, langste nag. Die antieke Romeine het middel-winter vieringe gehou om Saturnus (Saturnalia) te eer, hulle oes-god; asook die geboortetye van Mithras, ‘n ou Persiese god, die god van lig en van Ra = Sol Invictus {die onoorwinlike songod}. Terselfdertyd is in noord Europa ‘n soortgelyke fees, bekend as Yule gevier, om die einde van die oesseisoen te vier. Hierin is groot boomstompe, met groenigheid en linte versier, verbrand tot eer van die gode en om die son te bemoedig om helderder te skyn. As deel van al hierdie vieringe is spesiale kosse voorberei, die huise versier met groenigheid en is daar saam gesing en geskenke vir mekaar gegee. Hierdie gewoontes het geleidelik deel van die Kersvieringe geword.

In Egipte en Syria is die geboorte van die son uitspattig gevier en is die geboorte deur ‘n beeld van ‘n baba verteenwoordig, gebore uit die groot maagd, ‘n Oosterse godin, genoem “Hemelse maagd” of “Hemelse godin.” Om Kersfees te vier is niks anders as om ‘n heidense god en godin te eer nie.

Nadat hierdie elemente ingesluit is, het die ‘Christen Kerk’ dan ook in die Middeleeue, die geboorte se krip en kersliedere bygevoeg by die gewoontes. Teen die tyd was kwistige feesviering die hoogtepunt van die fees met groot hoeveelhede kos, insluitende ‘n versierde wilde varkkop.

In die 1800's, het nog twee gewoontes populêr geword – die versiering van die boom (**Yir 10:1-5**) en die stuur van kerskaartjies aan familie en vriende. Baie welbekende kersliedere soos “Silent Night” en “Hark! The Herald Angels Sing,” is tydens hierdie periode gekomponeer. In die Westerse lande het “Santa Claus” “Saint Nicholas” vervang as simbool van geskenke gee.

Dit vier nie Die Gesalfde Een se geboorte nie, want Hy is in die Herfs (noordelike halfgrond) gebore. Heel moontlik in die jaar 3 of 6 voor die jaartelling begin het. Dit is bewys deur die feit dat die herders steeds buite in die veld met hul skape was tydens Sy geboorte (**Luk 2:8**). Goeie Bybel woordeboeke verduidelik dat die herfsreën begin in Oktober en dan gaan die skaapwagters terug na hul huise vir beskerming teen die koue winter nagte. Geen skaapwagter sou buite slaap tydens Desember nie, want die temperature is baie keer onder 0°C, of baie koud.

In kontras met die kompromie wat met die heidendom getref word deur die ortodokse kerke, sê God vir ons om die heidendom te vermy:

“³⁰ let op, dat jy nie in die strik val om hulle te volg, nadat hulle voor jou uit vernietig is nie en **dat jy nie na hulle gode vra** en sê: ‘Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien, **dat ek dit ook so kan doen?**’ nie.³¹ Jy mag dit nie doen aan יהוה, jou God, nie, want alles wat vir יהוה verwerplik is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen, want hulle het selfs hulle seuns en hulle dogters in die vuur verbrand vir hulle gode.³² Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; **jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie,**” **Deut 12:30 – 32.**

Dit is duidelik dat God ons nie toelaat om die feeste en lewenswyses van die heidense gode te volg of dit te aanvaar nie en ook niks daarmee te doen moet hê of hulle oordra in ons dien van Hom nie – dit te ‘verchristelik’ nie.

WANNEER GAAN ONS LUISTER??

Volgens hierdie, is Kersfees niks anders as ‘n heidense fees nie en ‘n afskuwelikheid in die oë van God, wanneer ons Hom probeer dien, die Enigste en Almagtige God, op dieselfde manier en tyd as die heidene hul afgode (nie-gode) aanbid. **WAT ‘n SPOTTERY MET DIE WAARHEID!!** Indien jy begeer om die Skepper-God te dien SAL jy weg bly van die dien van ander gode!!

Weer bring ek vir jou Dani’el:

Dani’el 7:25 sê:

“Hy sal woorde praat teen die Allerhoogste en planne maak teen die afgesonderdes van die Allerhoogste en beplan **om tye en wette te verander** en hulle sal in sy hand oorgegee word vir ‘n tyd, tye en ‘n halwe tyd,”

Dit is definitief nie een van God se gegewe afgesonderde dae (feeste) nie.

Bedink die volgende: = **Is dit van God of van die mens?**

4. Die “shofar” te blaas.

Die sentrale punt van die **Yom Teruah** Fees is die blaas van die Shofar. Die seremonie van die blaas van die shofar was ‘n luisterryke gesig. Die priester wat gekies word om die shofar te blaas, is reeds van kleins af geleer om dit te doen. Op die eerste dag van hierdie fees staan die priester, wat die shofar blaas, buitekant die Tempel met nog twee shofarblasers. Die shofar verteenwoordig onder andere die oproep om jou gewete wakker te maak.

Betekenis van die blaas van die Shofar: (spreek uit shô-fâr)

- **Lev 23:23-25** - ‘n herdenking van uitroep – ‘n opdrag van God
- **Eks 19:13** - Moshe in God se Teenwoordigheid
- **Y’hoshua 6:20** - oorwinning in geveg
- **Rigters 3:27** - oproep vir geveg - Yir 4:5,19
- **2 Sh'm 20:1** - oproep tot samekoms - eenheid
- **Yo’el 2:1** - waarskuwing van gevaar = wagte
- **Lev 25:9** - herinnering aan vreugde
- **Ps 98:6** - Koningskap van God
- **Ps 47:5** - Die koms van die Koning

Tydens die blaas van die Shofar op **Yom Teruah** en ander fees geleenthede, is daar 3 duidelik onderskeibare klanke:

1. Tekiah - ‘n lang, uitgerekte blaas
2. Shevarim - 3 medium, huilende klanke
3. Teruah - 9 vinnige blase wat kort op mekaar volg

Die Tekiah-Gadolah is ‘n Tekiah wat solank as moontlik geblaas word, gewoonlik aan die einde.

Laat ons hierdie klanke bestudeer en kyk hoe hulle deel is van die verskillende temas van **Yom Teruah**.

DIE TEKIAH -KLANK

Yom Teruah is die dag waarop waardeur en verklaar word wie God is. Ons maak hierdie verstaan innerlik sodat dit ‘n lewende, praktiese deel van ons daaglikse realiteit word. God is Oppermagtig. God is die Skepper. God is die Onderhouer. God is die Toesighouer. Kortliks, God is die Koning van die heelaal.

Vir baie van ons volg die idee van “koning” denkbeelde van ‘n gierige, mag-honger despoot wat die massas wil onderdruk vir sy eie gewin.

In Bybelse tradisie is ‘n koning heel eerste ‘n dienaar van die volk. Sy enigste belang is om te sien dat die volk in geluk en harmonie leef. Sy verklarings en wette is slegs tot voordeel vir die volk, nie vir homself nie.

Die doel van **Yom Teruah** is om God as ons Koning te kroon. **Tekiah** – die lang,

uitgerekte shofar klank – is die klank van die koning se koms en bekroning. In die Tuin van Eden, was Adam se eerste daad om God as Koning uit te roep. Nou roep die shofar vir ons en die wêreld uit: God is ons Koning. Ons kry ons waardes in orde en draai terug na die realiteit van God as die Een wat die wêreld beheer, geskiedenis rig, berge versit en vir elkeen van die mense individueel en persoonlik omgee.

Maimonides voeg een belangrike kwalifikasie by: dit is nie genoeg dat God MY Koning alleen is nie. Indien ALLE mense God nie erken as Koning nie, is daar iets in my eie verhouding met God kort. Deel van my liefde vir die Almagtige is om te help om alle mense te lei na ‘n waardering en aanvaarding van Hom. Natuurlik is dit grotendeels ‘n uitdrukking van my omgee vir ander, wat Sy omgee deur my is, maar dit beïnvloed ook my eie gevoel oor God se allesinsluitende Koningskap.

DIE SHEVARIM -KLANK

As ons dink aan die jaar wat verby is, weet ons diep binne dat ons nie geslaag het om ons volle potensiaal uit te leef nie. In die volgende jaar verlang ons daarna om nooit weer die geleentheid te vermors nie. Die Kabbaliste sê dat Shevarim – 3 medium huilende klanke – die snikkende huil van ‘n Joodse gees is – verlangend na God om te konnekteer, te groei, te bereik.

Elke persoon het die vermoë om te verander en tot volle potensiaal te kom. Dit kan baie vinniger as wat jy kan droom bereik word. Die sleutel is om te bid uit die diepte van jou wil, emosie en verstand en God te vra vir die vermoë om tot volheid te kom. Moenie jousef deur die verlede laat terughou nie. Jy weet jy het geweldig potensiaal deur wat Hy vir jou gegee het.

Die oomblik as die shofar geblaas word roep ons uit die diepte van ons gees, wil, emosie en verstand na God toe uit. Hierdie is die oomblik, as ons lewe voor die Almagtige staan met geen hindernisse nie, dat ons waarlik kan oorgee.

DIE TERUAH-KLANK

Op Yom Teruah, het ons nodig om wakker te word en eerlik en objektief na ons lewens te kyk: wie is ons, waar was ons, waar gaan ons heen? Die Teruah-klank: 9 vinnige klanke wat kort op mekaar volg, verteenwoordig ‘n wakker, wat ons opwek uit ons geestelike sluimering. Die shofar bring helderheid, waaksaamheid en fokus.

Alhoewel ons nie die Talmud as wet aanvaar nie, is dit goed om te let daarop dat dit sê: “As daar oordeel van onder is, is daar geen nodigheid vir oordeel van bo nie.” Wat dit beteken is dat indien ons die tyd neem en ‘n opregte, realistiese model van hoe ons te kort gekom het in die verlede en wat ons verwag om te verander in die toekoms, bou, God ons nie hoef “wakker te maak” vir wat ons reeds weet nie.

God wil hê ons moet 'n eerlike poging aanwend om die gawes wat Hy ons gegee het tot die maksimum te vergroot. Daar word nie verwag van jou om enige iets te wees wat jy nie is nie, maar jy kan God ook nie mislei nie.

Die rede hoekom ons foute maak en kontak verloor met God is omdat ons nie elke dag die tyd neem om weer met ons diepste begeertes en wese eerlik te wees nie. Die oplossing is om elke dag tyd alleen te spandeer met God en te vra of ek nog op die pad is, gefokus is? Jaag ek die doele na wat die grootste algehele verskil in my lewe en in die wêreld sal maak?

Maak dit 'n gewoonte om met God in jou, in kontak te wees en wanneer **Yom Teruah** kom sal die wekker van die shofar nie naastenby so 'n wanklank wees nie.

Die drie klanke is tradisioneel geassosieer met die boeke wat op **Yom Teruah** opgemaak word en op Yom Kippur geseël word:

- *Tekiah, die klank van verblyding oor die **Boek van die Lewe** vir die opregtes en onpartydiges;
- *Teruah, 'n bewende klank vir die **Boek van die Dood** vir die mense sonder God;
- *Shevarim, 'n mengsel van vreugde en hartseer, verteenwoordigend van **hoop** vir meeste mense wat iewers tussenin is (nog soekend is).

Open. 21:27 "en daar sal geen onreine, of iemand wat besoedel is en leuens vertel, ingaan nie, maar net dié wat geskrywe is **in die boekrol van die Lam.**"

Wanneer hulle wat Die Gesalfde Een persoonlik ken hierdie jaar die blaas van die shofar hoor, kan hulle voor דְּהַרָּה' kom met dankbaarheid dat hulle ingeskryf is in die Boek van die Lewe van die Lam; 'n ware rede vir vreugde. Hulle kan dan die tradisionele groet van hierdie fees met selfversekering uitspreek:

“L’shanah tovah tikateivu, v’tehateinu!”

“Mag jy ingeskryf en geseël word in die boek van die lewe vir ‘n goeie jaar!”

5. Die Vuuroffer bring.

Vuur louter, reinig, maak skoon en maak die metaal dus meer waardevol. Dit is ook 'n tyd om jouself opnuut af te sonder soos Hy Afgesonderd is sodat ons meer effektief in die Koninkryk kan wees (**1 Kefa 1:15 ; 2 Kefa 3:11**).

Is jy gedoop met vuur = dit is – is jy deurdrenk deur vuur om alles in jou te reinig en af te sonder? **Mat 3:11**

Nou is die tyd om weereens rein voor Hom te staan in voorbereiding van die Groot Dag wat kom: wanneer Yeshua ons saam met Hom in Sy Afgesonderdheid gaan inbring, **Heb 12:14**.

Toepassings:

(of redes om te loof en jouself te ondersoek)

Die klank van die shofar is gehoor toe Moshe met God op die berg Sinai gepraat het terwyl hy die Tien Opdragte ontvang het in **Eks 19:9...’n herinnering aan die Woord van God en die wette** wat Hy gegee het waarvolgens ons moet leef. Hoekom is mense vandag bang om die woord “wet” te hoor tussen gelowiges? God se wet is goed en afgesonderd, **Rom 6:22**.

Yisra’el verslaan Yerigo met die geklank van die shofar in **Y’hoshua 6:20...’n herinnering aan oorwinning deur God se krag en mag**. Die magte van die duisternis sidder steeds by die klank van die Shofar in geestelike oorlogvoering. Die shofar word in **Rigters 3:27** as ‘n oproep vir geveg genoem en as ‘n teken om bymekaar te kom in **2 Sh'm 20:1...’n herinnering daaraan om God in eenheid te dien**. ‘n Oproep vir die kinders van God tot geestelike oorlogvoering. Blaas die Geestelike realm skoon!!!

In **Yir 4:19** is dit ‘n alarm vir oorlog genoem en in **Yo’el 2:1** hoor ons die bekende vers: “Blaas die Shofar in Tzi’on en maak alarm op My Afgesonderde berg.” Wagte wat die mure van ou Yerushalayim beskerm het, het die shofar geblaas om die mense te waarsku dat gevaar aan die kom is, soos in **Amos 3:6 en Yeg 33:6...’n herinnering daaraan om waaksaam te wees in jou diens aan God en om vas te staan in geestelike oorlog**. Dit is ‘n kragtige wapen vir dié wat voor God intree vir die volk.

Die Jubeljaar moet met die blaas van die shofar aangekondig word in **Lev 25:9...’n herinnering aan die vreugdevolheid**.

Die Koningskap van God word in **Ps 98:6** met die blaas van ‘n shofar onthou: "juig met harde klanke van trompette en ramshorings voor die Teenwoordigheid van הוה, die Koning!" In die antieke wêreld is die shofar gebruik om die koning te groet. Wanneer ons dit dan by Rosh Hashanah hoor, verwag ons om te staan voor die Koning van alle konings, wat reeds gekom het en wie se terugkoms baie gou kan wees. Moenie bang wees om Sy koms te vier en gereed te maak vir Sy terugkoms nie. Is jy as bruid gereed, rein? Hy kom net vir die voorbereide bruid.

Die shofar in **Psalm 47:6** herinner aan die vreugde **om in die Teenwoordigheid van ons Koning te wees**: “God het opgegaan met ‘n uitroep van vreugde, הוה met die klank van die ramshoring.”

Yes 27:13 sê dat hulle wat versprei is weer bymekaar gemaak sal word met die klank van ‘n groot shofar om הוה in Yerushalayim te aanbid ... aanmoediging **dat God Sy volk rondom Hom bymekaarmaak**.

Bid vir die Land van Yisra’el.

Z'kh 9:14 sê dat יהוה Self die shofar sal blaas op die dag wat Hy Sy volk van die aanvallende leërmagte bevry: “Dan sal יהוה oor hulle verskyn en Sy pyl sal soos weerlig uitskiet en יהוה-God sal met die ramshoring blaas en in die stormwinde van die suide marsjeer.” – net soos Hy Self die shofar geblaas het toe Hy die wet vir Moshe gegee het.

Die terugkeer van Die Gesalfde Een wat in **Mat 24:30** weergegee word, sal aangekondig word met die geklank van die shofar: “en dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn en dan sal al die stamme van die aarde treur ^{Z'kh 12:10-14} en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel ^{Dan 7:13-14} met baie wonderwerke en eer, aanbidding en lofprijsing.” **1 Thess 4:16**: “want Hy, ons Meester, sal vanaf die hemel afkom met ‘n bevel, met die stem van die hoof engel en met die geklank van die trompet van God en die wat in Die Gesalfde Een gesterf het, sal eerste opstaan.”

Ons vertrou word opgebou deur ons te herinner aan die triomf van Die Gesalfde Een in die eindtye. Hieruit het dit tradisie geword om te sê dat selfs Satan bewe by die klank van die shofar, ‘n erkenning dat sy tyd tot ‘n einde kom met die terugkeer van Die Gesalfde Een.

Wanneer ons die shofar hoor moet ons al hierdie skrif onthou ... dit moet deur jou geheue draf. Om die waarheid te sê ‘n ander naam vir hierdie fees is “Yom Ha-Zikkaron”, Dag van Onthou. **Ons word opgeroep tot aandag, afgesonderde vrees, verblyding, geveg en eerbied vir יהוה se afgesonderdheid en soewereiniteit.**

Die shofar roep ons om ons persoonlike verhouding met God te oorweeg en om voorbereid te wees vir die Dag van Toedekking wat kom.... Yom Kippur – nege dae later. Die idee van voorbereiding is so sterk dat die shofar tradisioneel reeds 40 dae voor Yom Kippur geblaas word, op die eerste van Elul, die vorige maand. Dit gee ons baie tyd om ons geestelike toestand te oorweeg en om te bekeer en vergifnis te vra. Die shofar basuin moet soos ‘n lugaanval sirene afgaan ... soos iemand wat roep “Kyk op! Soek skuiling!” of beter “soek bedekking” (‘n “kippur”).

Die shofar moet van die horing van ‘n ram gemaak word. ‘n Beeshoring kan nie gebruik word nie as gevolg van die verbindtenis met die goue kalf episode in die Geskiedenis van Yisra’el. Die gebruik van die ram mag dalk kom van die tradisionele Torah voorlesing vir hierdie feesdag, **Genesis 22**, die storie van die vasmaak van Yitz’gak, of in Hebreeus die “**Akidah**.” ‘n Rabbiniese tradisie vertel dat hierdie geleentheid op **Yom Teruah** plaasgevind het, toe Avraham in gehoorsaamheid sy gewilligheid gewys het om sy seun te offer as ‘n offer, het God ‘n ram voorsien in sy plek.

Dit herinner ons aan die getrouheid van Avraham en hierdie verse wys ook na die omstandighede van die offer van Yeshua.

Die algemene groet hierdie tyd is: L'shanah tovah ("vir 'n goeie jaar"). Dit is 'n verkorting van "L'shanah tovah tikatev v'taihatem" (of aan vrouens, "L'shanah tovah tikatevi v'taihatemi"), wat beteken: "Mag jy ingeskryf en geseël word vir 'n goeie jaar."

"L'shanah tovah tikateivu, v'tehateinu!"

"Mag jy ingeskryf en geseël word in die boek van die lewe vir 'n goeie jaar!"

13. Dae van Ontslag / eerbied (Yamim Noraim)

Die tien dae wat met **Yom Teruah** begin en eindig met Yom Kippur is bekend as die Dae van Ontslag of Eerbied (Yamim Noraim) of die Dae van Berou / Verootmoediging. Dit is 'n tyd van ernstige selfondersoek, 'n tyd om die sonde van die vorige jaar te oorweeg en berou te hê vóór Yom Kippur.

Een van die herhalende temas van die Dae van Eerbied in Y'hudaïsme is die idee dat God "boeke" het waarin Hy vir die volgende jaar ons name skryf, skryf wie sal lewe en wie sal sterf, wie 'n goeie lewe sal ly en wie 'n slegte lewe sal ly. Hierdie boeke word op **Yom Teruah** geskryf, maar ons daade tydens die Dae van Eerbied kan God se besluit verander. Die daade wat die besluit verander is "teshuvah, tefilah en tzedakah," berou, gebed, goeie daade (gewoonlik liefdadigheid). Hierdie "boeke" word op Yom Kippur geseël. Hierdie idee van skryf in boeke is die oorsprong van die algemene groet tydens hierdie tyd: "Mag jy ingeskryf en geseël word vir 'n goeie jaar." – **Hierdie is natuurlik Joodse leringe en gebruike en nie Bybels nie.**

Een van die algemene gewoontes van hierdie tyd is om hereniging te soek met mense wat jy verkeerd behandel het tydens die jaar, of wat jou nie reg behandel het nie - **Mat 5:23 ; Mat 18:15**. Die Talmud hou daar by dat Yom Kippur slegs sonde tussen God en 'n mens versoen of voor boet. Om dus vir sonde met ander te boet of versoen te word, moet jy eers hereniging soek met die persoon en die verkeerd regmaak indien moontlik. Dit is belangrik om hier te let op die oortredingsoffers, **Lev 5-6**.

Nog 'n gewoonte wat tydens die tyd gedoen word is kapparot. Dit word selde vandag toegepas en word slegs in sy ware vorm deur die Gasidiese en soms die Ortodokse Jode gedoen. Jy koop 'n lewendige pluimvee en op die oggend voor Yom Kippur waai jy dit oor jou kop terwyl jy 'n gebed bid wat vra dat die pluimvee as versoening / toedekking vir jou sonde gesien sal word. Dan word die pluimvee geslag en aan die armes gegee (of sy waarde gelykstaande). Sommige Jode vandag gebruik eenvoudig 'n sak geld in plaas van die pluimvee. Meeste Hervormde en Konserwatiewe Jode het nog nooit van hierdie gewoonte gehoor nie.

**Kinders van God het nie nodig om iets te doen nie – dit is klaar gedoen
– Yeshua het ook die Toedekking geword – Jy moet net regmaak.**

Werk is toegelaat soos gewoonlik in die Dae van Eerbied, vanaf Tishri 2 tot 9, behalwe natuurlik op die Shabbat tydens die week. Tishri 2 is ook Shabbat vir hulle wat twee dae vier.

Die Shabbat wat tydens hierdie tyd is, word Shabbat Shuvah (die Shabbat van terugkeer) genoem. Dit word as 'n heel belangrike Shabbat gesien.

“L’shanah tovah tikateivu, v’tehateinu!”

“Mag jy ingeskryf en geseël word in die boek van die lewe vir 'n goeie jaar!”

14. Yom Kippur - Dag van Toedekking

Weereens herinner ons almal om die lering oor wettiesheid te bestudeer voordat u die feeste bestudeer.

Ons sit hier met 'n dilemma in God se volgorde van Sy leringe **AS** die siening of teologie van meeste groepe vandag sou waar wees. Kom ons vat dit saam:

Eerste:

- a) Ons verlossing deur die bloed van die Lam (Pesag) en 'n
- b) sondelose lewe (Ongesuurde Brood) wat eens en vir altyd deur Yeshua as
- c) eersteling van die oes (Waaier van die Gerf) vir ons bereik is en aanvaar is deur die Vader.

Tweede:

Ons kry deel aan die volheid van die eerste oes deur die Afgesonderde Gees wat die wet in volheid kom verseël het. Ons ontvang Sy gawes en Sy vrug, toegerus vir ons opdrag tot eer van die Koning alleen.

Derde:

Die blaas van die Shofar wat Sy koms, maar belangrik vir nou, Sy terugkoms (Wederkoms), gaan aankondig met die inbring van die laaste oes (Sukkot). Kom ons veronderstel vir nou dat hierdie laaste fees (vanaf Shofar tot Sukkot) die eindtyd verteenwoordig. As ons sonde dan volkome vergewe is en niemand kan daarteen argumenteer nie, wat maak die offer in die Mees Afgesonderde plek van die Tabernakel, tydens Yom Kippur, hier in die volgorde? Die antwoord, glo ek, lê in die offers en die leer aangaande die offers, wat meestal vandag verwerp word. Net omdat die fisiese bring van die offers onnodig geword het, beteken dit nie dat die aanvaarding van die effek en toepassing van die leer aangaande die offers verval het nie. NEE, ek moet steeds die offer, wat nou voller en beter betekenis gekry het, tot effek bring in my lewe. **Yeshua het reeds al die offers vervolmaak, maar ek het die verantwoordelikheid om dit tot effek te bring in my lewe.** Die sondoffer bring ek tot effek deur Yeshua as my sondoffer te aanvaar, as't ware my hand daarop te lê en my sonde is vergewe deur die offer (Lam) wat ek deur Hom, gebring het.

Sonder dié offer is jou sonde nie vergewe nie, maar jy het dit nie gebring nie- Nee, Hy het!!!

Daar is egter 'n tweede van die vyf offers wat verpligtend is, die ander is vrywillig. **Die oortredingsoffer:** daar word tien tipes oortredings genoem waarvoor reg gemaak moet word en dan 'n offer gebring word. **1 Yog 1:7-9** Yeshua was ook ons Oortredingsoffer of Skuldoffer— ja, maar ek moet dit tot effek bring deur ook reg te maak soos voorgeskryf en dan Sy offer daarvoor te aanvaar. **Lev 5 en 6** verduidelik hierdie oortredinge. Dit is nie 'n ekstra wat ek by my verlossing probeer bybring nie. **Yog 15:2** is aan ons gegee na ons verlossing ontvang het!

As ek nie vrug dra nie, word ek uitgekap. **1 Kefa 1:15-16** is aan ons gegee na ons verlossing – wees afgesonderd! Ek verdien niks meer van my redding deur afgesonderd te wees of vrug te dra nie, maar ek is gehoorsaam. **1 Kefa 2:5** - Hoekom is jy afgesonder as ‘n priester om geestelike offers te bring? Miskien omdat hierdie offer deur die priester gebring moet word en ek dus my lewe regkry soos God my beveel, deur die oortredingsoffer wat Hy gebring het tot effek in my lewe te bring deur die voorwaardes na te kom en reg te maak. God het Sy bloudrukplan vir ons gegee en **dit het nog nie verander nie.**

1 Yog 1:7-9 ^{“7} maar as ons in die Lig loop soos Hy in die Lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar en die bloed van Yeshua, Sy Seun, reinig ons van al ons sondes. ^{Yes 1:16-17; Mal 3:2-4} ⁸ As ons sou sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die Waarheid is nie in ons nie. ⁹ As ons ons sondes erken en laat staan, Hy is vertrouenswaardig en regverdig om ons ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig. ^{”Ps 19:13-14; 139:23-24}

Dit word gesê vir kinders van God (wat klaar volkome redding ontvang het) om reg te maak wat verkeerd is in hulle lewe – die voortdurende oortredings waarvoor Hy ook gesterf het. (‘n Uitleg van die oortredingsoffers volg later in die stuk).

Nou kan ons kyk na Yom Kippur as Afsonderingsfees.

Teen die einde van die dag van **Yom Teruah** begin die Tien dae van Eerbied, die tien dae wat aftel tot by Yom Kippur. Hierdie ontsagwekkende dae beklemtoon ons verhouding met God, Sy Afgesonderde natuur en ons sondige natuur. Met Yom Kippur wat naderkom konsentreer ons op hoe Yeshua, die sonde, wat ons van Hom verwyder, toedek, ja, wegneem. Tradisioneel is Yom Kippur wanneer die boeke van die lewe en die dood geseël word en Joodse mense hulle komende oordeel ontvang. Dit word gesien in die tradisionele groet van die feesdag: “G’mar gatima tovah!”, of “Mag jy geseël word in die Boek van Lewe vir ‘n goeie jaar!” Hierdie tyd het die rabbi’s die mense beveel om na **תשובה** terug te draai en is hulle gedoop as teken van hulle berou en omdraai. **(Die doop het nie by Yoganan begin nie, maar hy het hierdie doop van berou en omdraai gedoop!)**

Dit sê: “Herskep jouself deur berou tydens die tien dae vanaf **Yom Teruah** tot by Yom Kippur. Op die Dag van Versoening (let. toedekking), sal Ek (God) jou skuldloos sien en jou as ‘n nuutgemaakte skepsel beskou.” As gelowiges in Yeshua weet ons dat ons slegs deur Die Gesalfde Een nuutgemaakte skepsels kan word en dat ons nie onself kan herskep nie. Wat is dan veronderstel om ons met soveel “ontsag te vul” met die koms Yom Kippur? Laat ons verder kyk...

Yom Kippur is algemeen bekend as die Dag van Versoening (Toedekking). Yom beteken “dag” en Kippur beteken ‘n “toedekking” of “versoening.” ‘n Hebreeuse woord wat daarmee verband hou is “kapper”, wat “om toe te dek” beteken – soos in die toedekking van sonde wat deur God aan Sy mense voorsien word wanneer

hulle voor Hom kom met die regte offer. God het dit duidelik gestel wat hierdie offer moet wees:

Lev 17:11 “want die lewe van die vlees is in die bloed en Ek het dit vir julle op die altaar gegee om vir julle toedekking te doen, want dit is die bloed wat toedekking doen vir die lewe.”

Heb 9:22 “omdat alles met bloed gereinig word volgens die geskrewe wet en sonder die stort van bloed is daar geen vergifnis nie.”

Die idee van ‘n offer as ‘n manier om boete te doen vir sonde wys God se onverdiende guns en Sy gewilligheid om ‘n sondige nasie te vergewe sonder dat hulle hoef te sterf. God sien die persoon wat die offer bring as die een wat klaar die prys betaal het vir sy sonde, gedek deur die bloed van die dier waarop hy sy hand gelê het. Dit is die kern van die idee van die plaasvervangende offer, die dood van wat onskuldig is vir wat gesondig het. Dit wys na die hart van die Nuwe Verbond:

I Kor 15:3“ . . . dat Die Gesalfde Een vir ons sondes gesterf het, . . .”

Yeshua het Sy lewe gegee om die allerlaaste offer vir ons sondes te wees.

Yisra’el moes afgesonderd word van alle sonde en dit is uiteengesit in die Wette van God. Die kern van hierdie wet is die offer sisteem.

Die Wet is aan die volk van Yisra’el gegee om hulle afgesonderd te hou. Die woord afgesonderd, “kadosh” in Hebreeus, word op meer as 80 verskillende plekke in Levitikus (die uiteensetting van die wet) alleen gebruik. Dit beteken “geskei” of “afgesonderd.”

Levitikus 20:26 “Julle moet afgesonderd wees tot My, want Ek, יהוה, is afgesonderd en Ek het julle van die volke af afgesonderd om Myne te wees.” **1 Kefa 1:15, 16** sê dieselfde in die Nuwe Verbond.

Die Nuwe Verbond verwys na die Torah as goed. Hierdie goeie wet is dieselfde een wat sonde openbaar.

Rom 7:12 “Daarom is die geskrewe wet afgesonderd en die opdragte is afgesonderd, regverdig en goed. Yes 42:21”

Wanneer ons bewus is van ons sonde kan ons na יהוה toe kom met ons plaasvervangende offer (Yeshua) en in Sy ontferming sal Hy ons vergewe. Die offer sisteem is die kern van die Torah en is ‘n voorskouing van die onverdiende guns wat vir ons gegee sou word deur die offer van die Die Gesalfde Een. Die offer het nie weggeval nie, maar is volledig gemaak in betekenis, gewigtigheid en resultaat deur die finale offer van Yeshua. Sonder ‘n offer, die aanvaarding van Sy offer ter wille van my, is daar geen vergifnis nie. Ek moet dit net deur vertrouwe tot effek bring in my lewe.

Sleutel Elemente van Yom Kippur

Levitikus 23:26-32 gee aan ons die opdrag om Yom Kippur te hou:

“²⁶הַיּוֹם het met Moshe gepraat en gesê: ²⁷“Op presies **die tiende dag van hierdie sewende maand** is dit die dag van Toedekking. Dit sal vir julle ‘n **afgesonderde byeenkoms** wees en julle moet **in nederigheid vas** en vir הַיּוֹם ‘n **offer, deur vuur**, offer.²⁸ Op daardie selfde dag mag **julle géén werk doen nie**, want dit is ‘n Toedekkingsdag om vir julle toedekking te doen voor die Teenwoordigheid van הַיּוֹם, julle God,²⁹ want elkeen wat op daardie selfde dag nie nederig vas nie, moet van sy volksgenote afgesny word.³⁰ Asook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié persoon sal Ek vernietig vanuit sy volk.³¹ Julle mag géén werk doen nie; **dit is ‘n ewige instelling in al julle geslagte**, oral waar julle bly.³² Dit sal vir julle **‘n Shabbat van volkome rus wees** en julle moet **in nederigheid vas**. Vanaf die negende van die maand sonsondergang, vanaf sonsondergang tot sonsondergang, moet julle jul Shabbat hou.” Let op wanneer God se dag begin!!

Vanuit hierdie kan ons die datum vir Yom Kippur verkry – die tiende van Tishri, die sewende maand. Die hou daarvan is vir altyd, in alle wonings en wys daarop dat dit steeds vandag vir ons betekenis het. Ons moet ‘n “afgesonderde byeenkoms” hou, God se mense bymekaar vir Sy doel.

Hy roep ons op vir ons onverdeelde aandag.

Ons word ook beveel om “onself te ontsê” of ons “siele te verneder” onder die straf van verbanning as ons nie gehoorsaam nie. Watter tipe “ontsê” is dit?

Vas

(Afsonderlike lering oor vas en gebed is beskikbaar)

Sommige vertaal hierdie vernedering om te beteken: “teistering van die siel.” Om vir 24 uur nie te eet nie word deur sommige as hierdie tipe teistering gesien. Dit beteken dat ons onself moet weerhou van ons aardse aptyte... knyp tyd af van ons daaglikse ritueel van maaltye. Hierdie vas is tot vandag toe so belangrik dat dit ook as “Die dag van die Vas” bekend staan of eenvoudig “Die Vas.”

Psalms 35:13 konnekteer die vas met vernedering van jouself, "maar ek, toe hulle siek was, het ek ‘n roukleed gedra; ek het my lewe nederig gemaak deur vas en my gebed het aangehou terugkeer na my binneste."

Dieselfde idee word in **Yes. 58:3**... gesien. ‘Waarom het ons gevas en U sien dit nie? Waarom het ons ons verneder en U let dit nie op nie?’ Let op, op die dag wat julle vas, doen julle net wat jul begeer en bring offers aan al julle afgode.’

Ons hart se houding is vir God belangriker as slegs die daad van vas.

God skryf ‘n vas voor wat ons regte houding weergee:

Yes. 58:6 “Is dít nie die vas wat Ek verkies nie: om die bande van boosheid los te maak, die stroppe van die juk af te haal, die onderdrukte te laat vrygaan en elke juk stukkend te breek?”

Dit is die manier om Sy aandag te verkry... dan sal Hy ons uitroep hoor:

Yes. 58:9 “Dan sal jy roep en יהיה sal antwoord; jy sal uitroep en Hy sal sê: ‘Hier is Ek!’ As jy die juk uit jou midde verwyder, die vingerwys en die bouse gepraat”

Die “Shabbat van Shabbatte”

Nog ‘n opdrag wat God gee tydens Yom Kippur is dat ons geen werk mag doen nie. Dit is die “Shabbat van Shabbatte.” Ons mag nie ons daaglikse roetine met hierdie afgesonderde dag meng nie. Die straf vir ongehoorsaamheid aan hierdie opdrag is die dood! God is baie ernstig oor hierdie feesdag en Hy wil die dag as Syne alleen hê!

Offers

Die volgende opdrag wat God gee is dat ons aan Hom ‘n offer moet voorhou. Daar is baie offers tydens hierdie dag. Die hele **Lev 16** word daaraan gewy om hierdie offers te beskryf. Dit word ook in **Num 29:7-11** genoem. Hierdie offers is vereis, want ten tye van die instelling van hierdie fees was dit die enigste manier om toegang tot God te verkry. Hy kon nie in sonde se teenwoordigheid kom nie en daarom moes ‘n offer gebring word om versoening (toedekking) te doen vir die volk se sondes voordat hulle in Sy Teenwoordigheid kon ingaan. Die hoofpriester is as tussenganger tussen die volk en God gebruik. Dit was nie ‘n maklike taak om hoofpriester te wees nie, want daar was baie opleiding en voorbereiding nodig. Ongelukkig, tydens die tyd van die tweede tempel, het die sisteem korrup geword en die Romeine het dat die ryk families wedywer vir die eer om hoofpriester te word.

Aharon, die eerste hoofpriester, is deur God gewaarsku. Sy opdrag was dat hy nie mag ingaan in die Mees Afgesonderde plek behalwe op die dag van Yom Kippur nie, andersins sou hy die straf van die dood kry. In hierdie Mees Afgesonderde plek was die Ark van die Verbond en die Troon van Onverdiende Guns, **Num 7:89**. Oor dit was die Shekinah Teenwoordigheid, die fisiese teenwoordigheid van God, in ‘n wolk.

Hierdie take is oorgeneem deur ons Hoofpriester, Yeshua, **wat dit vir eens en vir altyd gedoen het** en die offer (Hy self) ingedra het in die ewige Teenwoordigheid van die Vader in die hemel. Daar bly egter vir ons die menslike take wat nagekom moet word oor – restitusie – om die verhoudings reg te maak. Dit moet ek self doen, om die offer tot effek te bring vir myself.

Sonder restitusie – regmaak en terugbetaal wat geskuld word, is daar geen werklike verhouding nie!!

Daar is 5 Offers in die Ou Verbond.

Hierdie was nie verpligtend nie, maar as dit gebring is, het dit ‘n aangename reuk voor God gebring.

Lev 1 = Brandoffer

Lev 2 = Kos- of graanoffer

Lev 3 = Vredesoffer

Hierdie 2 was verpligtend.

Lev 4 = Sondoffer

Lev 5-6 = Oortredingsoffer.

Hoekom kyk ons enigsins na die offers? – Kefa sê in **1 Kefa 2:5** “Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het ‘n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een.”

Om te verstaan wat geestelike offers is, moet ons na die natuurlike offers kyk wat die bloudrukplan gee vir die geestelike.

As jy eenmaal die wedergeboorte ontvang het, kan jy nie oor en oor weergebore word nie. Jy kan bely. In Yeshua is dit vir eens en altyd klaar gedoen – dit kan nie weer gedoen word nie. Dit is die sondoffer, die verantwoordelikheid van die sondaar.

“Maar aan dié wat Hom aanvaar het, aan hulle het Hy die outoriteit gegee om kinders van God **te word**, aan hulle wat in Sy outoriteit en karakter vertrou,” **Yog 1:12**

Die skuld- of oortredingsoffer is die taak van die priester, dus, ons as koninkryk van priesters, s’n. Ons moet dus skuldoffers bring. Om in die Ou Verbond nie die skuldoffer te bring nie, sny jy jou van God af – dieselfde in die Nuwe Verbond.

Daarom vloei die strome van lewende water nie deur ons nie, maar sien ons net druppels. Daarom sien ons nie die Handeling Kerk en sy vrug nie.

Lev 7:1 “Nou hierdie is die wet van die oortredingsoffer: **dit is heeltemal afgesonder.**”

Wees stil en bedink wat dit beteken!

Die 10 wette van die oortredingsoffer:

1. **Lev 5:1** “As iemand sondig nadat hy die uitgesproke eedswering gehoor het, terwyl hy getuie was, dit óf gesien het óf daarvan weet, as hy dit nie rapporteer nie, dra hy skuld.” – dit is die rede hoekom Yeshua by Sy hofspraak moes antwoord – Hy het die waarheid geken en moes getuig na 'n direkte vraag. **Mat 26:63,64.**
2. **Lev 5:2** “Of: as iemand enige iets aanraak wat onrein is;” - Moenie dink omdat jy nie in 'n lykshuis werk, jy nie aan 'n ou dooie liggaam kan raak nie. Onthou ons het die natuurlike, maar die natuurlike openbaar die anderkant - **die Geestelike**. Daar is 'n man wat God in die wêreld gebring het met die doel om P'lishtyne dood te maak – Shimshon. Hy moes afgesonderd leef – maar Shimshon was nie versigtig nie – hy het 'n leeu doodgemaak en die volgende keer wat hy verbykom? Daar is bye wat 'n nes gebou het in die karkas – niemand sal my sien nie. Wie gaan my sien? Ek gaan my hand insteek en van die heuning neem. En toe hy die karkas aanraak het hy onrein geword. Dit was die wet. Hoe soet is dit om die ou dooie liggame van die verlede aan te raak! Die sondes wat ons afgelê het; dooie werke en lyke. Laat die Afgesonderde Gees met jou praat. God het elkeen van ons uit Egipte uitgebring. Hy skeur die verlede van ons af en sê: "Vandag is die eerste dag van die res van jou lewe." Jy kan nie in God beweeg en aan die verlede vashou nie. Jy mag dit nie doen nie en soveel gelowiges word vandag gekeer om te groei in God, hulle kan nie die lewende water deur hulle laat vloei nie, want hulle hou vas aan die verlede. Te soet om te laat gaan!
2 Kor 6:16-18. God sê jy beter los en laat staan.
3. **Lev 5:4** “Of: as iemand sweer terwyl hy onnadenkend met die lippe praat om kwaad of goed te doen, wat 'n mens ook al met 'n eed onverskillig kan praat en hy dit nie weet nie, wanneer hy dit te wete gekom het, is hy skuldig aan enige van die dinge.” - Hoeveel keer sedert jy 'n gelowige is, het jy al gesê – ek sal nooit weer..... nie? Maak dit self klaar. Ek sal nooit na 'n dokter toe gaan nie – ek sal in hierdie genesing leef – en dan word jy siek. Miskien het jy 'n slegte huwelik in die verlede gehad. Ek sal nooit weer trou nie. Ek sal nooit weer 'n ander prediker vertrou nie. Dit is 'n vinnige, onnadenkende eed of belofte en baie kinders van God het hierdie haastige beloftes gemaak. Hulle wil weet hoekom God nie in hulle lewens beweeg nie. Iets gebeur in jou lewe: ‘God as U my net hierdeur help sal ek 4 hoofstukke 'n dag in die Bybel lees en boonop 2 dae 'n week vas en elke byeenkoms bywoon en getrou my tiende gee.’ God doen dit en jy vergeet jou deel van die ooreenkoms. Dit is 'n haastige belofte, **Ps 61:6, Ps 66:13.**
4. **Lev 5:15** “As iemand 'n oortreding begaan en onwetend sondig met betrekking tot die afgesonderde dinge van יהרה,” Al weet jy nie, is jy verantwoordelik. As jy die afgesonderde dinge oortree sal God jou verantwoordelik hou. Dit is dinge en outoriteite wat deur God aangestel is. Dinge of tye of gebeure wat God as afgesonderd verklaar het, kan nie sommerk verander word of ligtelik mee omgegaan word nie. Hy het dit met 'n doel afgesonder. **Lev 7:1** – soos bv. die skuldoffers wat deur God as mees afgesonderd beskou word, Sy sewende dag

wat Hyself afgesonderd genoem het, **Eks 20:8**. Jou liggaam is afgesonder vir God as tempel -**1 Kor 3:17**. Die wet is afgesonder en goed -**Rom 7:12**. Ek glo ook dat misbruik van die gawes van die Afgesonderde Gees hieronder val en die weiering om Sy aangestelde feeste te hou.

5. **Lev 5:17** “As iemand sondig en onbewus enigiets doen wat deur die opdragte van הרהר verbied word, is hy skuldig en moet hy sy straf dra.” Yeshua sê as jy My liefhet – hou My opdragte (wette), **1 Yog 2:3**. **1 Yog 5:3** “want dit is die liefde vir God, dat ons Sy opdragte uitvoer en Sy opdragte is nie ‘n las nie,” **Die wette – opdragte is nie afgestel nie!** Iewers het ons die idee gekry ons kan doen net wat ons wil, wanneer ons wil, soos ons wil en aan wie ons dit wil doen. Nee! God het riglyne. **Luk 6:46** “Hoekom noem julle My: ‘My Meester, my Meester’ en doen nie wat Ek sê nie?” Ons het die idee dat die Bybel vir iemand anders is. Ek hoef nie tyd met die Bybel te spandeer nie; sommige van u is skuldig, want jy het meer tyd voor die TV deurgebring as in die Woord van God, meer tyd in die koerant as in die Woord van God, die aandeel mark as in die Woord van God. Wil jy weet hoekom die salwing nie vloei nie? Baie eenvoudig – Yeshua vra hoekom ons Hom Meester noem en nie doen wat Hy vra nie. **Open 19:13** “Hy is aangetrek met klere deurweek in bloed en Sy Naam is: **Die Boodskap van God.**” Dit is waarin jy moet vertrou om gered te wees. Dit beteken nie om te vertrou in Sy Naam nie, maar dit beteken jy vertrou in Die Boodskap van God!! Hoekom?? “Maar wat noem julle My: Meester, Meester! en doen nie wat Ek sê nie?” Naam, in die oorspronklike, beteken ook Karakter en Outoriteit.
6. **Lev 6:2** “As iemand sondig en ontrou handel teenoor הרהר deurdat hy lieg teenoor sy naaste,” – wit leuens is eintlik baie swart. Jy wys geen respek teenoor ‘n persoon deur vir hom leuens te vertel nie, **Kol 3:9**, **1 Yog 2:21**, **Open 21:27**, **22:15**.
7. **Lev 6:2** “deurdat hy lieg teenoor sy naaste, aangaande iets wat in sy hand gesit is vir bewaring, of as ‘n deposito gegee is,” – iemand se vertrou skend.
8. **Lev 6:2** “of geroof is,” – gesteel is.
9. **Lev 6:2** “of as hy iets van sy naaste afgepers het.” Ek leen net gou die ding (eintlik was hy nooit van plan om dit terug te gee nie). Daar is baie vorme van misleiding – meeste mislukte huwelike is as gevolg van ‘n misleidende lewe wat voor die tyd voorgehou is. Organisasies wat hulle werk en sg. sukses so uitbeeld dat dit geld kan inbring. Die 'waarheid' wat op so ‘n manier gestel word dat dit anders klink as die werklikheid.
10. **Lev 6:3** “of dat hy iets gekry het wat weg was en daarvoor lieg en hy vals sweer;” – optel goed is vat goed? – As ek weet dat iemand iets verloor het of dit later hoor en ek het dit opgetel en dit hou, is dit steel.

Vanaf nr. 6 gaan dit meer oor gesindheid.

Die skuldoffer is teen God – as jy dit dus nie eers regmaak nie, maak niks anders saak wat jy doen nie, want jy is afgesny van God. As ons oortree is die vertrouensverhouding verbreek en kan ons geen verhouding met mense hê nie, veral nie broers en susters nie. Dis hoekom baie gelowiges vir mekaar kwaad is. Jy kan dit nie net ignoreer nie – jy moet dit regmaak.

Gaan na die persoon toe en maak reg.

Die Tabernakel

Die fokus tydens die Yom Kippur seremonie is gesentreer rondom die Tabernakel. Daar was baie simboliek wat met die tabernakel geassosieer is. Die oorspronklike tentagtige struktuur is met materiaal en velle gemaak en van plek tot plek gedra terwyl die volk van Yisra'el deur die wildernis gedwaal het. Die grondplanne van die tempels wat deur Shlomo, 'Ezra en Herodus opgerig is, het hierdie selfde strukture gevolg behalwe dat dit baie weelderiger was.

Die inhoud van die Tabernakel is soos volg:

- Rondom die Tabernakel was die binneplaas, omring deur 'n heining met slegs een ingang – **(Die Weg) - Yeshua**.
- Direk voor die hek, binne die heining, was die koper altaar. Hierdie altaar is gebruik vir offers en brandoffers. Dit simboliseer dat daar slegs een weg na God was – deur die offer van 'n onskuldige dier wat die skuld en skaamte van die mense moes dra - **Yeshua die Lam**.
- Die reinigings bak was voor die ingang tot die Tabernakel – die offers is hier gewas en die priesters moes hulle was om in te gaan in die Afgesonderde Plek – **Simbool van reiniging in Yeshua deur die doop**.
- Binne-in die **Tabernakel (Die Waarheid)** se eerste deel was 'n lampstaander deur God ontwerp. Die lig wat vanaf hierdie lampstaander geskyn het, het al die dienste van die priesters in die Afgesonderde plek verlig. Hierdie enkele lig simboliseer dat slegs God die Lig kan voorsien vir die verstaan van die goddelike waarheid en aanbidding - **Die Afgesonderde Gees**.
- Ook was daar 'n goue altaar vir wierook binne-in die Tabernakel. Die priesters het hierdie wierook gebrand om die **gebede van die mense** te simboliseer. Die welriekende aroma van hierdie wierook het binne-in die agterste derde van die Tabernakel, ook genoem die Mees Afgesonderde plek, ingetrek. Dit weerspieël ons gebede wat aanhoudend in God se Teenwoordigheid inkom - **Yeshua wat vir ons intree**.
- Daar was ook 'n tafel van die brode van die Teenwoordigheid. **Yeshua se 'fellowship', intieme verhouding** met Sy kinders deur die breek van die matzah en drink van die vrug van die druiw.
- **Die Mees Afgesonderde plek (Die Lewe)** is deur 'n gordyn van die res van die Tabernakel geskei. Die brandende wierook is deur die sluier gestoot en simboliseer die wassing van die plek in gebed om die weg voor te berei in Sy Afgesonderde Teenwoordigheid in.

Slegs Yeshua, as Hoofpriester, kan nou ingaan.

- In die Mees Afgesonderde Plek was die Ark van die Verbond. Die volledige beskrywing van die konstruksie van die ark word in **Ekodus 37** uiteengesit. Dit was basies ‘n hout kis met goud oorgetrek. Twee engelagtige figure, gerubs, is op die deksel geplaas en het na mekaar gekyk. Hulle vlerke is uitgesprei om die bo-kant van die ark toe te maak, ook genoem die Troon van Onverdiende Guns.
- Die belangrikheid van wat in die ark was, word in **Heb 9:4** beskryf.
 - Die klip tafels, **wet of leringe**, is die tweede paar van die Tien Gebooie wat aan Moshe gegee is op die Berg Sinai. Die eerste is gebreek toe Moshe van die berg af gekom en die mense in geweldige sonde en aanbidding van die goue kalf gevind het, **Ekodus 32:4, 35**.
 - ‘n Pot met manna is in die ark gesit om die mense te herinner aan hulle geklaery en God se **voorsiening** van hemelse kos in die woestyn. **Num 11:20**.
 - Aharon se staf, wat wonderwerkend gebot het, was ook in die ark. **Num 17:8-10**. Hierdie wonderwerk het gebeur toe ‘n groep rebelle leiers probeer het om die leierskap van die volk van Moshe en Aharon oor te neem. God het hierdie wonderwerk gedoen om aan die volk te wys dat hulle nie Sy gekose leierskap mag verwerp nie - **Outoriteit, Num 16:41**.

Die Opdragte en leringe, Voorsiening en Outoriteit.

Die insluiting van hierdie drie items in die ark mag gesien word as die mens se totale verwerping van God. Hulle verwerp, eerstens, Sy Wet soos opgesom op die klip tafels; dan verwerp hulle Sy poging om vir hulle daaglikse kosvoorraad of manna te gee; ten laaste herinner Aharon se staf ons dat hulle Sy aangestelde outoriteit verwerp het.

Die woord “transgression” in **Levitikus 16:16,21** weerspieël die idee van verwerping. Dit is die enigste plek in die hele Levitikus waar hierdie woord gebruik word. Die Hebreeuse woord “Pesha” impliseer ‘n opstand of rebellie. Dit is die ergste woord wat vir sonde gebruik kan word.

Simboliek verduidelik

Dit is hoekom offers gebring moes word. Hulle het die sonde van voor God se aangesig af, toegedek. Dis hoekom die deksel van die ark as die troon van Onverdiende Guns, in Hebreeus “kippore” of “toedekking,” bekend gestaan het. Die Onverdiende Guns Troon was die plek van versoening (toedekking) tussen God en die mens se verwerping.

Slegs wanneer iemand in vertroue kom, met die versoening wat God voorgeskryf het, kan God Sy onverdiende guns vertoon. Dit alles wys vooruit na die versoening wat deur Yeshua voorsien sou word. Om dit duideliker te begryp moet ons ‘n ondersoek doen na die taak van die priesters in die Tabernakel.

Die bloed van geofferde diere moes gebruik word. Soos vroeër reeds genoem, vertel

Levitikus 17:11 ons dat die lewe van die dier in die bloed is en dat dit vir ons op die altaar gegee is as versoening (toedekking) vir ons sonde en lewe. Let op dat God spesifiseer dat die bloed gegee is **op die altaar**, die plek wat Hy spesifiseer.

Die Hoofpriester

Voordat die Hoofpriester versoening kon doen vir die volk moes hy dit eers vir homself doen, vir sy sonde. Selfs die hoofpriester, Aharon, was nie bo selfreiniging, vir hom en sy familie, alvorens enige bevryding van die volk kon plaasvind, nie. Hy het 'n jong bulletjie vir 'n sondoffer en 'n ram vir die brandoffer gebring. Voor die bloed aan die altaar gesmeer kon word het Aharon homself geklee in spesiale wit linne klere. Hierdie het nie die borsplaat met die urim en die thumim ingesluit wat hy en ander priesters as opvolgers na hom, sou dra op ander dae nie. Daardie was instrumente van kommunikasie tussen God en die volk. Alleenlik op Yom Kippur het die hoofpriester met God gekommunikeer in Sy Teenwoordigheid op die Troon van Onverdiende Guns en wel in die wit voorgeskryfde klere wat die opregtheid en onpartydigheid voorstel, **Open 3:18, 7:9**.

Die hoofpriester moes 2 jong bokke vir 'n sondoffer en 'n ram vir 'n brandoffer bring. Die 2 bokke is voor die deur van die Tabernakel gebring. Looitjies is getrek om te sien watter bok geoffer sou word, die “gatat” genoem en watter bok die sondebok, wat in die wildernis ingelei is, sou wees, die “azazel” genoem.

Wanneer hy die Mees Afgesonderde Plek ingaan het die hoofpriester wierook gebrand. Die rook wat van die wierook opgaan, het hom beskut daarvan om God se Teenwoordigheid werklik te sien en het ook die soet aroma van die mense se gebede wat opgaan na God, gesimboliseer.

Hy het dan die bloed, van die geofferde bok, gekies deur die looitjies, oor die Troon van Onverdiende Guns gesprinkel. Die bloed van beide die ram en die bok is oor die Troon van Onverdiende Guns gesprinkel. Hierdie daad het versoening gedoen vir die Mees Afgesonderde plek, die tabernakel en die altaar self. Selfs hierdie lewelose dinge moes versoen word, want hulle het vuil geraak met die sonde van die volk.

Na hierdie dade het die hoogtepunt van die Yom Kippur diens gekom – die seremonie van die sondebok.

(Hierdie is die bok wat nie dadelik geoffer is, tydens die looitjietrekkery nie).

Lev 16:21-22 “en Aharon moet sy twee hande op die kop van die lewende bok lê en oor hom belydenis doen van al die skuld van die kinders van Yisra'el, al hulle

wetsoortredinge, al hulle sondes en hy moet dié op die kop van die bok lê en hom deur die hand van ‘n man wat daar gereed staan, in die wildernis instuur²² en hy moet die bok in die wildernis vrylaat. Die bok sal al hulle skuld na ‘n eensame land wegdra.”

Die hoofpriester moes sy hande op die dier lê wat simbolies die sonde van die volk oordra op die sondebok. Dit is die plaasvervangende offer of “akedah” soos genoem in die verhaal van die “binding van Yitz’gak” gelees tydens **Yom Teruah**.

Die bokke

Die twee bokke is as een offer gesien. **Lev 16:5** toe יהוה gesê het: “Van die vergadering van die kinders van Yisra’el moet hy twee bokkramme as sondoffer en een ram as brandoffer vat.”

Die geslagte bok wys aan die volk dat God se wraak bevredig is en dat hul sonde bedek is.

Die lewendige bok of sondebok is die wildernis ingestuur met die sondelas van Yisra’el en het aan die gemeente gewys dat hulle sonde verwyder is. Later jare het hulle die bok na ‘n krans geneem en hom afgestoot om te verseker dat hy dood is. Die voordeel van die uitvoerige Yom Kippur ritueel was van korte duur... dit was slegs effektief so lank die Yisra’eliete gehoorsaam gebly het aan die Wet, wat ongelukkig nie lank kon wees nie. Dus moes hierdie offer jaar na jaar herhaal word. Dit is in groot kontras met die offer van God se Seun, Yeshua, wat eens en vir altyd gedoen is.

Hierdie twee bokke was ‘n vooruitskouing van Yeshua se offer. Hy het die straf van die dood vir ons betaal soos met die eerste geslagte bok, ons sonde bedek. Hy het ook ons **sondeskuld verwyder** soos die sondebok gesimboliseer het:

Yog 1:29

“Let op! Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld verwyder!”

Hy was die finale betaling en offer vir sonde, die bedekking en verwydering sodat ons nie jaar na jaar versoening / toedekking hoef te doen nie.

Die skarlakenrooi materiaal wat om die sondebok gebind is en ook om die altaar het wit geword wanneer die offer aanvaar is – ‘n wonderlike parallel met Yeshua wat ons sondes weggewas het, so wit soos sneeu, **Yes 1:18**.

Yom Kippur in Yeshua se Tyd

Yeshua het die fees van Yom Kippur gevier in die tyd van die tempel van Herodes. Daar was baie onmiskenbare verskille in die tyd...

- Die Ark van die Verbond was weg. Dit is weggeneem na Babel en is nooit weer gekry nie, (**II Kon 24:13, II Kron 36:7**). Die uitvoerige ritueel is steeds gevolg, maar die ark en Troon van Onverdiende Guns was nie daar nie; daarom het יהוה se Teenwoordigheid nie meer die Mees Afgesonderde plek gevul nie. ‘n Mens wonder waarom die seremonie steeds aangehou het, sonder hierdie sleutel element... (dit klink nie kosher nie!)
- Die hoofpriester was ook teen hierdie tyd korrup. Hy is deur die Romeine aangestel in die tyd van Herodes en het sy amp deur knoeiery, omkoop en valsheid gekry. Die hoofpriester moes om die waarheid te sê die nag voor Yom Kippur vir ‘n “crash course” wakker bly om te verseker dat hy nie foute maak nie! (Dit was geen ongeluk dat Yeshua op hierdie tydstip op die toneel verskyn het om die ware offer te demonstreer nie.)
- Daar was ook ‘n paar tradisies wat bygevoeg is by die sondebok seremonie. Volgens die Mishna is looitjies getrek om te besluit wat met die 2 bokke gebeur. Die looitjie vir die offer het gesê: "vir יהוה" en die een vir die sondebok: "sondebok". Die mense het dit as ‘n goeie teken beskou indien die looitjie “vir יהוה” in die priester se regterhand kom. ‘n Rooi serp is aan die sondebok se horings vasgemaak en ‘n stukkie aan die deur van die tempel. Die serp aan die deur het van rooi na wit verander wanneer die bok in die wildernis dood is en het as teken gedien dat God die offer aanvaar het en daar vir hul sonde boete gedoen is. Hierdie idee kom van **Yes 1:18**: “Alhoewel julle sondes soos skarlaken is, sal dit so wit wees soos sneeu; alhoewel hulle so rooi is soos karmosyn, sal dit wees soos wol.”

Vier gebeure, wat sy vernietiging vooruit gewys het, het plaasgevind tydens die 40 jaar na Yeshua se dood en voor die vernietiging van die tempel. Dit is ook in die Mishna en die Talmud geskryf. (Dit sou dan begin het in die tyd toe Yeshua geoffer is – eens en vir altyd.)

Vir 40 jaar:

- Die looitjie “vir יהוה” het nie in die priester se regter hand gekom nie – ‘n slegte teken.
- Die gedeelte van die rooi serp wat aan die tempel deur gebind was, het nie meer wit geword met die dood van die offerande nie.
- Die mees westelik lig van die tempel lampstaander wou nie brand nie.
- Die tempel se deure het self oopgegaan. Die rabbi’s het die onheilspellende vervulling van die profesie in **Z'kh 11:1** gesien wat sê: “Maak oop jou deure, o L'vanon, dat ‘n vuur mag voed op jou sederbome!” Om die waarheid te sê, vuur hét die seders van L'vanon verteer wat die binnekant van die tempel versier het.

Na die Tempel se Vernietiging

Na die vernietiging van die tempel kon diereoffers nie meer gebring word soos wat God voorgeskryf het nie, aangesien die altaar en daarom die hoofpriesterdom nie meer teenwoordig was nie. Die rabbi's moes dus 'n "nie-offerande" manier ontwikkel om na God te kom. Moshe Maimonides, 'n baie ou geskryf, skryf dat "berou doen boete vir alle oortredinge." Die sinagoge ritueel alleen is gedoen in die plek van die diereoffers. Om die afwesigheid van die bloedversoening te vul het die rabbi's dit met die "drie T's" vervang: "Tefilah," (gebed), "Teshuvah," (berou) en "Tzedakah" (liefdadigheid). Onderwyl hierdie bewonderswaardige praktyke is, kan dit nie God se plan van die bloedversoening vervang nie. Ai, as hulle tog maar net die bloedoffer van God se Lam wou aanvaar – maar hulle sal!!

Selfstraf, deur te vas of onthouing van ander goed, het ook begin om 'n tradisionele geselsing in te sluit, "Malkut". **Psalm 78:38**, wat 13 woorde bevat, is opgesê terwyl 'n persoon 39 houe ontvang. Dit was meestal simbolies aangesien die persoon gewoonlik 'n swaar, dik jas aangehad het. (Dit is interessant om op te let dat die 39 houe dieselfde straf is wat Pilatos aan Yeshua gegee het.)

'n Ego van die tempel offers kan ook in die Yom Kippur gewoonte van "kapparot" gesien word. Vir hierdie seremonie is 'n haan vir mans en 'n hen vir vrouens 3 keer oor die kop gewaai terwyl verklaar word dat hierdie diere plaasvervangend was vir die mense. Die voël is dan geslag en vir liefdadigheid gegee. In moderne tye word geld in 'n sakdoek geplaas, gewaai oor die kop en aan armes gegee. Die bestudering van die Torah en Talmud word ook as plaasvervangend gesien, net so ook gebede, "Shlicot", wat om middernag geoffer word in die maand voor Yom Kippur.

Ons moet oplet dat God nooit verander het nie! Hy ver wag steeds bloedoffers. Die mens het hierdie gewoontes en tradisies ingestel om die leemte, die gemis toe die rituele sisteem mee weggedoen is met die versoening van Yeshua, te vul. Judaïsme het menigte ander uitvoerige metodes van versoening opgeneem in verskeie rabbiniese kommentare. Die feit bly egter dat die tradisionele Jood steeds met pyn verlang na die dag wanneer die tempel weer herbou sal word en die offers herstel sal word in plaas van om die offer in Yeshua te aanvaar. Daar is reeds planne in Yisra'el vir 'n nuwe tempel, volledig met ook die herstel van die hoofpriesteramp, 'n Levietes skool en die offer items. Die offers wat nodg is, is reeds deur Yeshua volledig gebring.

MAAR:

Yeshua se vervulling / volledigmaking

Wetgehoorsame gelowiges kan vol vreugde wees tydens Yom Kippur, want ons hoef nie te wonder of ons berou genoeg was nie.

Romeine 3:24-26 “en hulle word onskuldig verklaar deur Sy onverdiende guns sonder koste en deur die verlossing wat in Die Gesalfde Een, Yeshua, is; ²⁵ Hy, wat God vroeër gegee het as die Toedekking van sonde deur die vertrou in Sy bloed, ter wille van ons sondes, wat ons vroeër gepleeg het, ²⁶ in die ruimte wat God ons gegee het deur die geduld van Sy Gees vir die demonstrasie van Sy oordeel wat in die teenwoordige tyd is, waardeur Hy wys dat Hy die Regverdigte Een is en deur onpartydigheid en opregtheid die een wat in die vertrou van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een is, onskuldig verklaar.”

“Kapparah” (toedekking) is die Hebreuse woord wat as “Troon van Onverdiende Guns” vertaal word. Wanneer ons versoening deur Yeshua verkry, het ons ‘n regte verhouding met God – beter as enige wat deur offers van bulle en bokke gebring kon word.

Die boek van Hebreërs skets Yeshua as die vervulling / volledigmaking van Yom Kippur, (**Hebreërs 9:11-14, 22-24**).

Hebreërs 7:26-28 skets Yeshua as die perfekte Hoofpriester. Hy is onskuldig, sonder sonde en het nie nodig om boete te doen vir Sy eie sonde soos die tempel se hoofpriester moes nie.

Die priesterdom sou vir ewig wees, maar met die vernietiging van die tempel, kon Aharon se nageslag nie nagevolg word nie. **Hebreërs 7:24** sê dat Yeshua vir altyd sal bly en die permanente priestersamp hou. In Yeshua is die priesterskap vir ewig.

Hebreërs 8:2 sê dat Yeshua in die ware hemelse tabernakel bedien en sonder ophou in die Teenwoordigheid van God is. Dit is ‘n baie meer majestueuse afgesonderde plek as die een wat op die aarde gebou is. **Hebreërs 9 en 10 en ook Psalm 40:6-8** sê dat die offer sisteem van Levitikus ‘n vooruitskouing van Yeshua was. Die bloed van die bulle en bokke het slegs die mense se sondes bedek, maar die bloed van Yeshua het die sonde verwyder.

Die gemiddelde persoon kon nooit die Mees Afgesonderde plek ingaan nie en die hoofpriester slegs een keer ‘n jaar. Toe Yeshua geoffer is, het die swaar sluier voor die Mees Afgesonderde plek geskeur. Dit was simbolies dat hulle wat in Hom vertrou ‘n ware Yom Kippur ervaring kan ervaar en God se onverdiende guns bewys mag word. Ons kan in God se plan van vergifnis onself verheug!

Hebreeërs 10:22 wys ons hoe om Yom Kippur as gelowiges in Die Gesalfde Een te benader:

“Laat ons nader gaan met ‘n opregte verstand, wil en emosie in sekerheid van vertroue, terwyl ons verstand, wil en emosie besprenkel is en gereinig is van ‘n bouse gewete en ons liggaam gewas is met skoon water.”^{Yeg 36:25}”

Yom Kippur vergelyk met Yom Teruah

Ons kan nou die verhouding tussen **Yom Teruah** en Yom Kippur sien. Die shofarblaas op **Yom Teruah** is ‘n oproep tot berou (“t’shuvah”), of ‘n omdraai van ‘n sondige lewenswyse. Hierdie verandering van hart moet eers plaasvind alvorens die verlossende offer van Yom Kippur aanvaar kan word. God het die Yisra’eliete 10 dae gegee, die Dae van Eerbied, om hulle lewens te betrag en hulle harte na Hom toe te draai.

Psalms 51:18-19 ¹⁸“want U begeer nie offers nie, anders sou ek dit gee; U het geen behae in brandoffers nie.”¹⁹ Die offers van God is ‘n gebroke gees; ‘n gebroke en stukkende binneste sal U, o God, nie verag nie!”

Die Yom Kippur diereoffers was slegs effektief wanneer dit met hierdie berouvolle hart gedoen is. Dit is wat deur Yeshua in die Nuwe Verbond beloof is. Die Wet moes op ons harte geskryf word. (Let wel – nie weggegooi word of verval nie!):

Yer 31:33 “Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra’el sal sluit,” verklaar יהוה: “Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees.”

Die volgende van die Herfsfeeste is Sukkot (of die Loofhuttefees). Hierdie word tradisioneel die “**seisoen van vreugde**” genoem. Soos wat dit vir ons almal waar is, kon Yisra’el net vreugde hê na hulle verlos is en hul sonde vergewe is.

God se orde kan in die Herfsfeeste gesien word:

- **Yom Teruah** bring berou.
- Yom Kippur bring vergifnis.
- Sukkot bring vreugde.

Kol Nidre

Kol Nidre, een van die mees emosionele gesange van die Yom Kippur diens is vertaal met “alle ede / beloftes” en is in die vorm van ‘n wettige formule. Dit word verwag om in ‘n “hof” van 3 getuies gesing te word, tradisioneel hou 2 mense die Torah vas en staan aan weerskante van die persoon wat dit lees. Die woorde is Aramees en druk ‘n bewustheid van die mens se onvermoë om al sy eedswerings, beloftes en verantwoordelikhede teenoor God na te kom, uit. Dit herroep formeel enige eed of geloftes wat gemaak is onder dwang of onbewustelik. Dit is nie ‘n pleidooi vir die kansellasië van wettige geloftes tussen mens en mens nie, maar dit herroep van die hartseer episodes in die Joodse Geskiedenis toe, as gevolg van godsdienstige vervolging, Jode geforseer is om hulle geloof in God te ontken. Dit herroep die tye toe die Joodse volk nie altyd die vryheid gehad het om as God se volk te aanbid nie.

Mat 12:36-37 ^{“36} want Ek sê vir julle dat van elke waardelose woord wat mense praat, sal hulle ‘n antwoord moet gee in die oordeelsdag,³⁷ want deur jou woorde sal jy onskuldig beskou word en deur jou woorde sal jy skuldig bevind word.”

Mat 5:36-37 ^{“36} en moet ook nie by jou kop ‘n eed aflê nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie.³⁷ Laat slegs julle ‘Ja’ ‘n eenvoudige ‘Ja’ wees en julle ‘Nee’ ‘n eenvoudige ‘Nee’. Enige iets meer as dit het sy oorsprong in die Bose een.”

Kan enige van ons verklaar dat ons al ons beloftes van verlede jaar perfek gehou het?

Yeshua is ons volmaakte toedekking van al ons oortredinge.

15. Sukkot

Asseblief, let op die lering oor wettiesheid in ‘n inleidende hoofstuk.

God het opdrag gegee dat al hierdie feeste jaarliks op spesifieke tye gehou sal word.

God het deur hierdie feeste die volk herinner dat Hy met hulle werk en by hulle betrokke is. Hierdeur het hulle Sy werk en betrokkenheid verstaan. Dit is dieselfde rede hoekom kinders van God dit steeds moet doen. Daar is ‘n dieper verstaan van die volkome werkinge van God met Sy kinders in die feeste as ons maar net wil verstaan.

Daar is 3 groot feeste onderverdeel in 7 feeste: **Lev 23; 2 Kron 8:13; Nag 1:15**

- Pesag (3)

Fees van Ongesuurde Brode
Verlossing

Aanvaarding van oes

- Shavu’ot

Fees van Weke
Afgesonderde Gees

Eerste vrugte

- Sukkot (3)

Fees van Tabernakels
Koms, afsondering en
wederkoms

Laaste Vrugte

Onmiddellik na die vas van Yom Kippur gebreek word, word voorbereidings getref vir Sukkot. Dit begin 4 dae na Yom Kippur, maar word meer met Pesag en Shavu’ot geassosieer. (**Lev 23:33-41**)

Sukkot is die laaste van die sewe feeste en die laaste van die 3 feeste waar elke Joodse man moes opgaan na Yerushalayim. Sewe is die nommer van voltooiing soos gesien in **Genesis 2:2** toe God se werk voltooid was in 7 dae. Die getal 7 speel ‘n spesiale en belangrike rol in hierdie finale fees. God se betrokkenheid by die mens word voltooi.

Wat is Sukkot?

Die woord “sukkot” beteken eintlik “geweef.” Skerms is aanmekaar geweef van takke en blare om die diere van die son te beskerm en dus het sukkot later die betekenis gekry van ‘n hut met ‘n geweefde dak. Aangesien die Jode beveel word om ‘n hut op hierdie feesdag te bou om hulle te herinner aan God se beskermende omgee vir ons, word hierdie fees “Sukkot” genoem. (Een skerm is ‘n “sukkah” en omdat dit ‘n vroulike selfstandige naamwoord is, word die Hebreeuse meervoud “sukkot.”)

Lev 23:41-43 ⁴¹“Julle moet dit as ‘n fees tot יְהוָה vier, vir sewe dae in die jaar. Dit is ‘n ewige instelling in julle geslagte. Julle moet dit in die sewende maand vier.⁴² Sewe dae lank moet julle in hutte bly; almal wat as deel van Yisra’el gebore is, moet in hutte woon ⁴³sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Yisra’el in hutte laat woon het toe Ek hulle uit die land van Egipte uitgebring het. Ek is יְהוָה julle God.”

Jy kan fisies hierdie lendelam skerms bou om jou te herinner aan die tyd in die Wildernis (van onsekerheid) toe jy heeltemal van God afhanklik was vir alles. Volgens die wet van die natuur moes die nasie vergaan het as gevolg van tekort aan kos, water, ‘n padkaart, geen winkel om nuwe klere en skoene te koop nie, toe hulle moes verflenter het in die 40 jaar. יהרהר het elke behoefte in oorfloed voorsien en daarom vier ons hierdie fees om Sy getrouheid en ons afhanklikheid van Hom te onthou.

Die sukkah is met opset effentjies gemaak en buite die huis gebou. Dit word so gemaak dat die sterre deur die dak gesien kan word en reën kan inval. Dit wys ons afhanklikheid van יהרהר, ons Beskermer en Voorsiener, wat nie in hout of steen is nie. As ons buite is, is ons nader aan die natuur en is dit makliker om fisies te sien dat God vanselfsprekend in beheer is van dinge. Dit maak ons ook bewus van die menslike lewe se breekbaarheid. Meeste Jode vandag besoek net ‘n sukkah, of eet ‘n maal in een. God het hulle egter beveel om werklik daarin te bly vir sewe dae! Probeer dit – dis soos uitkamp in jou agterplaas.

Onthou net – **die bou van die sukkah is nie ‘n wet vir ons nie** – ons doen dit in assosiasie en om die lesse van God beter te sien en te verstaan. Dit help ons om die fisiese boodskappe in die geestelike te verstaan. Dit help ook sommer om as gesin saam iets te doen in ‘n tyd waarin gesinne verwaarloos word. Kom ons dink aan die tydelikheid van ons lewens en die taak en opdrag wat ons het om in die kort tydjie uit te leef.

Alhoewel die sukkah veronderstel is om primitief en effentjies te wees kan dit ook iets moois wees. Ons word beveel om drie dinge vir die sukkah te doen – bly in dit, maak lulav en etrog bymekaar en geniet die fees! ‘n Deel van die genieting is om die hele familie in die bou en versiering van die sukkah te betrek. Kinders kan betrek word sodat hulle ook God se voorsiening kan ken. Indien hulle te klein is om die sukkah te help bou kan hulle versierings maak soos papierkettings en tekeninge om op te sit. As daar nie plek buite is nie kan ‘n miniatuur een uit takkies en blaartjies op die tafel gemaak word.

Sukkot word hierdie tyd van die jaar gevier omdat dit geassosieer word met Yisra’el se landbou siklus en omdat dit God se direkte opdrag is. Herfs was die tyd van die finale oes toe die oorfloed, in dankbaarheid, van die lande af ingebring is.

In **Yes. 1:8** word daarna verwys toe daar tydelike hutte of sukkot vir die plukkers in die wingerd was. Die wagte wat die lande opgepas het voor die oes ingesamel is, het daar gebly. Die fees word dan ook die “Fees van die Laaste Oes” genoem.

Nege Dae van die Fees

- Tishri 15: 1ste dag, **Shabbat**
- Tishri 16: 2de dag, geniet die fees
- Tishri 17: 3de dag, Gol HaMoed (1ste tussentyd dag)
- Tishri 18: 4de dag, Gol HaMoed (2de tussentyd dag)
- Tishri 19: 5de dag, Gol HaMoed (3de tussentyd dag)
- Tishri 20: 6de dag, Gol HaMoed (4de tussentyd dag)
- Tishri 21: 7de dag, Hoshanah Rabbah (Die groot 'Red ons asseblief').
- Tishri 22: 8ste dag, Shimini Atzaret (plegtige byeenkoms) - **Shabbat**. Die laaste groot dag van יְהוּדָה.
- Tishri 23: 9de dag, Shimgat Torah (verheug in die Wet) - (nie 'n Bybelse opdrag fees nie)

Werk gaan normaal aan op die dae wat nie as **Shabbat** aangedui word nie.

Simboliek in die Sukkah

Om 'n sukkah te bou kan ook geestelike betekenis vir die gelowiges hê: die wêreld en sy materialistiese dinge is 'n geestelike woestyn of wildernis. Ons sou wegkwyf sonder die tussentrede van Die Gesalfde Een ter wille van ons. Sonder Sy Teenwoordigheid, krag en voorsiening sou ons naak, verlate en in donkerte gelos wees.

I Kron 29:15 “want ons is soos die spreekwoord van die damp en van die pottebakker en is vreemdelinge voor U en 'n klein volkie in die wêreld, maar U het van ouds af oor ons vaders geheers en U het hulle beveel hoe om te leef.”

Hierdie vers is veronderstel om ons te laat nadink oor hoe baie ons op die nietige dinge, die tydelike strikke van die wêreld sonder enige ewige waarde, vertrou. Om tyd buite in die sukkah deur te bring, waar onthou word wat God vir die Yisra'eliete gedoen het toe Hy hulle na 'n beter plek toe gelei het, versterk ons vertroue dat God Sy beloftes vir ons sal hou. Hierdie belofte is dat Hy ons sal lei na ons beloofde permanente woning by Hom.

II Kor 5:1 “Ons weet dat, as ons aardse huis, die liggaam, vernietig sal word, ons 'n gebou het in die hemel wat vanaf God is, 'n huis vir ewig, nie met hande gemaak nie,”

Onderwyl slegs tydelik, is die sukkah-ervaring veronderstel om geniet te word. Rabbi's het gesê dat jy nie jou maaltyd moet nuttig in die sukkah as dit reën nie. Dit sou van die vreugde van die fees wegneem, een wat ons eintlik beveel word om te geniet:

Deut. 16:15 “Sewe dae lank moet jy tot יְהוּדָה, jou God, fees hou op die plek wat יְהוּדָה sal kies, want יְהוּדָה, jou God, sal jou seën in al jou opbrengs en in al die werk van jou hande sodat jy ten volle vreugdevol sal wees. ”

‘n Ander naam wat aan hierdie fees gegee is, is “Zeman Shimgateinu” of “seisoen van ons vreugde.” Die vreugde moenie slegs vir God se voorsiening van ons daaglikse brood wees nie, maar ook vir ons geestelike kos. Dit is hoekom Sukkot so naby verband hou met die ander vasgestelde feeste.

Die tema van **Yom Teruah** is berou en terugdraai na God. Dan moet ons, ons verhouding met Hom ondersoek tydens die Tien Dae van Eerbied. Dit lei tot ‘n ervaring van Sy verlossing op Yom Kippur, waar ons beseft dat ons versoening deur Yeshua is. Dit volg dus natuurlik dat ons nou onself kan verheug tydens Sukkot en die inbring van die oes sien en verwag.

Verskillende name, dieselfde Fees

Nou kan ons sien hoe ons die verskillende name vir die fees kry:

- “Chag HaSukkot”: Fees van Hutte (**Lev 23:34**)
- “Chag Ha`Asif”: Fees van die insameling van die oes (**Eks 23:16**)
- “Zeman Shimgateinu”: Seisoen van Ons Vreugde (**Deut. 16:14**)
- “Chag”: Die Fees (**Lev 23:39-41**)
- “Hoshanah Rabbah”: Die Groot Hoshanah ('Red ons asseblief' - die 7de dag van die fees)
- “Shimini Atzeret”: Plegtige Byeenkoms (die agste dag van die fees)
- “Simchat Torah”: Verheug in die Wet (die negende dag van die fees of die tweede dag van Shimini Atzeret, baie keer gesien as ‘n afsonderlike feesdag)

Sukkot is ook bekend as die “Fees van die Meester” of eenvoudig “Die Fees.” In Hebreeus is die woord vir fees “hag” en die stam-woord beteken “om te dans” of “om verheug te wees” voor יהודה. Hierdie fees was die grootste seremonie in die Bybelse tye. Alle feeste moet in vreugde wees en geniet word – as dit ‘n las is en jy dit nie geniet nie – los dit!

Die naam “Fees van die insameling van die oes” het twee betekenis: as die finale landboukundige oes is die gesaaides ingebring. Dit is ook ‘n “insameling,” want Sukkot is een van die 3 feeste waar daar van alle mans verwag word om voor God te kom in Yerushalayim. Ons glo ook dit is die tyd waarin Yeshua weer kom om die finale oes in te bring.

Deut. 16:16 “Drie maal per jaar moet al jou manne voor die Teenwoordigheid van יהודה, jou God, verskyn op die plek wat Hy sal kies; op die Fees van Ongesuurde Brode, op die Fees van Weke en op die Fees van Hutte **en hulle mag nie met leë hande voor die Teenwoordigheid van יהודה verskyn nie.**”

Die laaste deel van die vers sê dat die mense nie met leë hande voor die Meester mag kom nie. Voorwaar, hulle het nie vir Sukkot leë hande gehad nie! Geen ander fees het so baie offers vereis nie – **Num. 29:12-39**. Dit is ook interessant om te sien hoeveel keer die nommer sewe gebruik word – sewe dae, sewentig bulletjies, veertien ramme, ag en negentig lammers – sewe kan in almal deel. Altesaam was daar 182 diere genoem (26 x 7). Daarby gevoeg was die 336 tiendes van efas meel vir die maaltyd offer (48 x 7). Dit is asof die nommer sewe, simboliek van voltooiing, op hierdie sewende fees van die sewende maand ingegraveer is. Is daar in die idee van “voltooiing” vir ons ‘n ander simboliek?

Terwyl die idee van “insameling” die betekenis van gesaaides voor יהרה bring en die bymekaar bring van die Yisra’eliete na Yerushalayim, weergee, kan gelowiges dit ook sien as verwysend na die “insameling” van die kinders van God. Yeshua sê aan hulle wat in Hom vertrou:

Yoganan 14:2-3 “In die huis van My Vader is daar baie blyplekke en as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek voor te berei ³ en as Ek gegaan en vir julle plek voorberei het, kom Ek weer en sal julle saam met My vat sodat julle ook kan wees waar Ek is.”

Die gees van dankbaarheid was veral waar in die tyd van Sukkot in antieke Yisra’el. Hulle ekonomie was meestal lanboukundig, dus het die volk swaar vertrou op die siklus van die oeste vir hulle onderhoud. Hierdie gesaaides was afhanklik van reën, wat baie skaars is in die droë Midde-Ooste. Soos waar is vandag, moes boere geweldige vertroue gehad het in hulle afhanklikheid van God vir die nattigheid nodig om hongersnood te vermy.

Die Water Seremonie

Tydens die tyd van Yeshua was die hoogtepunt van die Sukkotvieringe die “optrek van water” wanneer die mense na יהרה geroep het om hemelse water te voorsien vir hulle volgende plantseisoen. Dit was ‘n baie dramatiese, luisterryke, deftige gebeurtenis. Dit het die hoogtepunt bereik op die laaste dag van Sukkot, genoem: “Hoshannah Rabbah”. In die geselskap van die volk se uitbarstings van gesing, aanbidding en fluitspelery, het die Levitiese priester na die bad van Siloam naby die tempelberg gegaan. Daar het hy ‘n goue beker met water gevul en na die tempel teruggekeer. Die skare het deur die “Waterhek” ingegaan – so genoem vir die seremonie. Die koor en aanbidders het die woorde van **Psalms 118**, die “Hallel” of “Lofprysings psalm” gesing.

Psalms 118:25-26 “יהרה, red ons; יהרה, skenk ons sukses.

Geseënd is Hy wat kom in die Naam van יהרה.”

(in Hebreeus: “Barug ha ba b’shem Yahuah”)

Vanaf die huis van יהרה seën ons U.”

Dit druk die hoop, versekerde verwagting, van die mense van die tyd uit na die koms van Die Gesalfde Een, onderwyl hulle onderdruk word deur die Romeine. Dit was baie gepas dat Yeshua op die toneel verskyn het en die menigte “Verlos ons, Seun van Dawid, asseblief!” gesing het en die takke geassosieer met Sukkot op die pad gesit het:

Mat 21:8-9 ‘n Groot menigte mense het hulle klere op die pad oorgesprei, maar ander het takke van die bome afgekap en op die pad neergelê.⁹ Die skare wat voor geloop en dié wat gevolg het, het uitgeskree en gesê: “Red ons nou, Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Outoriteit en Karakter van יהודה. U in die hoogste hemel: red ons nou!”^{Ps 118:25-26}

Hierdie seremonie het ook ‘n diep geestelike betekenis. Water is ook die simbool van die Afgesonderde Gees se reiniging. Die mense was hiervan bewus toe hulle bymekaar gekom het om te bid vir reën. Die profeet Yo'el praat van יהודה wat die laaste reën laat neerval:

Yo'el 2:23 “Verheug jou, o seuns van Tziyon en wees bly in יהודה, julle God, want Hy het vir julle die vroeë reëns as julle verklaring van onskuld gegee en die reën vir julle laat neerval, die vroeë en die laat reëns, net soos voorheen.”

In Yo'el word die konneksie tussen hierdie reën en die Afgesonderde Gees gemaak:

Yo'el 2:28 “Dit sal gebeur na hierdie dat Ek My Gees sal uitstort op die hele mensdom en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense sal drome droom en julle jongmanne sal visioene sien.”

Die Talmud verwys na hierdie water seremonie en vra: "Waarom is die naam: 'optrek van water?' Dit is as gevolg van die uitstorting van die Afgesonderde Gees, volgens wat gesê is in:

Yes 12:3 “Daarom sal julle met vreugde water skep uit die fontein van verlossing.”

Dit is die naam gegee aan Die Gesalfde Een, want die woord in Hebreeus vir “verlossing” is Yeshua!

Die verligting van die Tempel

Behalwe die water seremonie was daar ook die seremonie van die verligting van die tempel. Vier baie groot kandelare is aangesteek. Dit was 'n asemrowende gesig wat in die rabbiniese kommentare beskryf is. Die Mishna sê dat ernstige aanbidders hulle sal verheug en dans tot diep in die nag, terwyl hulle fakkels vashou en liedere van lofprysing sing. Daar word gesê dat die lig van die kandelare op die Tempelberg vir myle ver gesien kon word!

Dit was geen toeval dat Yeshua, juis op die laaste dag van Sukkot, Hoshana Rabbah, met die temas van die lig en water in die voorgrond vir menigtes, na die Tempel gekom het om 'n boodskap, wat beter Water en Lig aangebied het en wat die nood van die mense geheel sou bevredig, te kom verkondig nie:

Yog 7:37-38 ^{“37} Op die laaste groot dag (Hoshana Rabbah) van die fees, het Yeshua opgestaan en verklaar: “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!”^{Yes 12:3}
³⁸ Elkeen wat in My vertrou, soos die Skrif sê: ‘Riviere van lewende water sal uit sy binneste vloei.’^{Yes 44:3; 55:1; 58:11}

Yeshua het 'n snaar geraak van die mense wat geweet het na watter skrif Hy verwys:

Yes. 44:3 “want Ek sal water op 'n uitgedroogde land uitgooi en strome op die droë grond; Ek sal My Gees op jou nageslag uitgiet en My seën op jou nakomelinge;”

So helder soos die ligte tydens hierdie vreugdevolle geleentheid was, het Yeshua steeds 'n helderder Lig vir almal verkondig:

Yog 8:12 “Yeshua het weer met hulle gepraat en gesê: “Ek Is יְהוָה, die Lig^{Dan 2:22} van die wêreld; wie My ook al volg, sal nie in die duisternis loop nie, maar sal die Lig van die lewe vind”^{Yes 9:1; Mal 4:2}

Yeshua het lewe en verlossing aan al die pelgrims by Sukkot gebied. Hy het die koms van die Messiaanse era aangekondig. Z'kharyah beskryf die terugkeer van die Meester wanneer Hy op die Olyfberg sal staan. God sal persoonlik Sy mense verlos:

Z'kh 14:4 “Op daardie dag sal Sy voete op die Olyfberg staan, wat voor Yerushalayim lê, aan die Oostekant en die Olyfberg sal middeldeur geskeur word van Oos na Wes deur 'n baie groot vallei sodat die helfte van die berg na die Noorde sal beweeg en die ander helfte na die Suide.”

Later beskryf hy die unieke lig wat ook teenwoordig is in daardie dae en die Lewende Waters wat uit Yerushalayim vloei:

Z'kh 14:7-8 “want dit sal ‘n unieke dag wees wat aan יהוה bekend is, geen dag of geen nag nie, maar dit sal gebeur dat daar teen die aand lig sal wees.⁸ In daardie dag sal daar Lewende Waters vanuit Yerushalayim vloei, die helfte daarvan na die Oostelike see en die ander helfte na die Westelike see; dit sal in die somer, sowel as in die winter wees.”

Hierdie is nie slegs natuurlike water nie, maar geestelike water van verlossing. Die menigte kon aanhou om hulle te verheug oor wat volg in Z'kharyah:

Z'kh 14:16. “Dan sal dit gebeur dat enige wat oorbly uit al die nasies wat teen Yerushalayim opgegaan het, van jaar tot jaar sal opgaan om die Koning, יהוה - Tzva’ot, te aanbid en om die Fees van Hutte (Sukkot) te vier.”

Hoe groot is die Messiaanse profesie nie! Yeshua kom na die menigtes op die laaste dag van Sukkot en verkondig dat daar ‘n manier is om skoongewas te word van sonde, sonder om langer jaar na jaar daarvoor boete te doen op Yom Kippur soos hulle pas gedoen het. Hy het verwys na ‘n tyd wat **Yegezk'el** oor geprofeteer het:

Yeg 36:25-27 “Dan sal Ek skoon water op julle sprinkel en julle sal skoon wees; Ek sal julle van al jul vuilheid en van al jul afgode reinig.²⁶ Verder sal Ek vir julle ‘n nuwe verstand, wil en emosie gee en ‘n nuwe gees in jul binneste en Ek sal die verstand, wil en emosie van klip uit julle vlees wegvat en vir julle ‘n verstand, wil en emosie van vlees gee.²⁷ Ek sal My Gees in julle sit en julle in My instellings laat loop en julle sal versigtig wees om My wette na te kom.”

Hierdie is die mees vreugdevolle van al die Bybelse feeste. Dit is op ‘n tydstip wanneer die gesaides geoes is en die mense se harte natuurlik verbly is deur die oorfloed. Wanneer hulle hulself in Yerushalayim aanmeld herinner hulle hulself aan ses maande vroeër se bymekaarkom daar toe hulle die hele oes aan die Meester toevertrou het tydens die Eerste Vrugte. Toe het hulle die uittog uit Egipte onthou en die Pesag met sy vervulling van die ware Pesag offer, die perfekte Lam van God – Yeshua. Dan onthou hulle dat hulle sewe weke daarna weer byeengekom het vir die graanoes of Shavu’ot, ‘n tyd waar hulle onthou dat die Wet gegee is op die Berg Sinai en hulle die eerstelingoes (tiendes) ingebring het. Dit verwys ook na die tyd toe die Afgesonderde Gees hierdie fees vervul het deur die skryf van die Wet op die harte van die mense by “Pinkster” tydens “Shavu’ot.” Nou, onderwyl hulle vir Sukkot byeekom, onthou die mense God se voorsiening in die wildernis toe hulle in hutte gebly het. **Die vervulling van hierdie fees sal die oes van die nasies wees wanneer hulle ingesamel word** om die Meester te aanbid wanneer Hy weer kom om in Yerushalayim te regeer:

Open 21:3 “en ek het ‘n harde stem uit die hemel hoor sê: “Let op! Die tabernakel van God is by die mense en Hy bly by hulle ^{Yeg 43:7; Z'kh 2:9} en hulle sal Sy volk wees en dieselfde God is by hulle en sal vir hulle God wees,^{”Yes 8:10; Yir 31:33; Yeg 37:27; 2 Kro 6:18}

Daar is 'n baie goeie rede waarom ons by Sukkot onself moet verheug – veral vir gelowiges. Rosh Hashanah se tema is die omkeer van die nasie van Yisra'el tot berou met die klank van die shofar. Profeties is dit die teken van Die Gesalfde Een se terugkeer. Yom Kippur se tema is die verlossing en vergifnis deur die versoening van Yeshua. Eendag sal die die hele volk van God Hom erken as Meester.

Op Sukkot verheug ons ons in die Meester se insameling van Sy volk om met Hom te tabernakel, dan sal hulle waarlik “geseël word in die boek van die lewe.” Dit dui op 'n toekomstige Sukkot:

Open. 7:9-10 “Ná hierdie dinge het ek 'n menigte uit alle volke, stamgroepe, nasies en tale gesien, wat niemand kon tel nie, wat staan voor die Troon en voor Hom wat die Lam is, aangetrek in wit klere en met palmtakke in hulle hande¹⁰ en hulle het met 'n harde stem geroep en gesê: “Verlossing behoort aan ons God, aan Hom wat op die troon sit, aan die Lam!”^{Ps 98:2}

Ons het oorfloedige rede om met gejubel fees te vier!!

Tradisies in Sukkot

(Let wel, nie opdragte nie.)

Amper so algemeen soos die sukkah is die “vier spesies” of “lulav” en “etrog” rituele items; afgelei van 'n interpretasie van materiale genoem in die Torah:

Lev. 23:40 “Op die eerste dag moet julle vir julle die vrugte neem van mooi bome, met palmtakke en takke van digte bome en wilgers van die rivier en julle sal julle verheug voor die Teenwoordigheid van יהוה vir sewe dae.”

Sommige meen dat hierdie vers die spesifieke materiale om 'n sukkah te maak beskryf, maar rabbi's het tot 'n ooreenkoms gekom dat hierdie materiale moet saamgebind word en in blydskap gewaai word tydens die fees. Dit is dan waar ons "lulav" en "etrog" vandaan kry.

“Etrog” is Aramees vir “dit wat skyn.” Mettertyd het dit die betekenis gekry van 'n sitrus vrug. Rabbi's sê dat hierdie vrug geïmpliseer is deur die frase “loof aan goeie bome” waar “goeie” beide die smaak van die hout van die boom en die vrug daarvan beteken. Slegs die sitrus vervul hierdie vereistes. Nog 'n manier om die etrog te verstaan is om die numeriese waardes van die letters in die Hebreeuse alfabet te gebruik – die nommer waardes van die frase “loof aan goeie bome” kom ooreen met die nommer waardes in “etrogim” die meervoud van etrog. ('n Voorbeeld vir jou van hoe Hebreeus uitgelê word deur die Rabbi's.)

“Lulav” het oorspronklik 'n spriet beteken, maar het die betekenis van wilger, mirte en palmtakke gekry. Mirte is gekies, as gevolg van die frase “boë van blaaragtige bome.” Daar is 'n variasie van verduidelikings vir die vier spesies wat gekies is.

Elkeen van die vier spesies verwys na ‘n spesifieke plek op ‘n persoon se liggaam waar hy / sy God kan dien.

- Die etrog verteenwoordig die hart, ‘n plek van begrip en wysheid.
- Die palm verteenwoordig die ruggraat en jou opregtheid.
- Die mirte verteenwoordig die oë wat vir ons verstand verligting gee.
- Die wilge verteenwoordig die lippe en ons gebede tot God .

Beide die lulav en die etrog word elke dag tydens Sukkot in die sinagoge gebruik. Die etrog is in die linkerhand en die lulav (mirte, wilge en palmtakke saamgebind) in die regterhand en word gewaai in die vier windrigtings tydens sekere tye in die Sukkotdiens. Dit word ook vandag tydens al die gebede in die Sukkottyd gebruik.

Nog tradisies sluit in om simboliese gaste of “ushpizim” te nooi om die sukkah te besoek. Bv. Bybelse vaders soos Avraham, Yitzhak, Moshe, ens. Die idee is om hulle wat voor ons gegaan het en swerwers was, te onthou – hulle wat van God afhanklik was vir beskerming en voorsiening. Ons kan hierdie tradisie verander in ‘n tyd om ons werklike gaste te leer van hierdie Bybelse karakters. Dit is ‘n tyd om gasvryheid te bewys deur ander te nooi om jou kos te deel in die sukkah. Dit is veral goed vir iemand wat nie ‘n sukkah van hulle eie het nie.

Dit is ook tradisioneel om die Hoshanah Psalm te sing onderwyl om die sinagoge geloop word. Sommige het hierdie in ‘n vreugdevolle viering verander met danse, musikante en ander wat die lulav en etrog waai en luidkeels sing.

Die Megillah, of kort boekrol, wat met die fees geassosieer word, is die Boek van Kohelet (Prediker). Die siel ondersoekende, ietwat donker, denkende natuur van die boek word meer met Yom Kippur geassosieer, maar is hier ‘n balans vir die vreugdevolle noot van Sukkot. Dit word tradisioneel op die laaste dag van die fees gelees.

Die Morokaanse Jode het ‘n tradisie waar water op mekaar gegooi word, miskien ‘n herinnering aan die waterseremonie by die tempel.

Die grootste tradisie is die bou van die sukkah. Tradisioneel word die eerste takke vir die sukkah aanmekaar gebind net na Yom Kippur se vas gebreek is. Elke familie kan een bou, of ‘n gesamentlike projek wat die gemeente insluit. Die kinders kan op hul eie ‘n kleintjie bou.

Die beste keuses is natuurlike takke of organiese items soos bamboes. Sommige gebruik Magnolia takke wat ‘n geur het en so mense aanmoedig om in die sukkah te bly. Dit moet met tou of iets dergliks vasgemaak word in plaas van spykers – om die tydelike aspek te beklemtoon. Maak egter seker dat die sukkah nie op jou gaste sal omval nie!! ‘n Paar buite lanterns, ‘n mat, hooi bale of potplante kan die sukkah mooi maak.

Enige natuurlike items kan van die dak van die sukkah gehang word. Appels en pere word maklik vasgemaak en sal hou vir die hele fees. Sommige gebruik die 7 vrugte van die oes, genoem in **Deut. 8:8**, bv. koring, gars, druiwe, vye, granate, olywe en ‘n heuningkoek. Nog ‘n simbool van God se ryk seëninge van voorsiening vir ons.

As gelowiges in Yeshua, die vervulling en vervolmaakmaking van al die tekens, tye en feeste van God, is hierdie tyd ‘n wonderlike geleentheid om aan Sy wederkoms te dink. Hoe gereed is ons, as die oes reeds ryp is en die finale tye van Openbaring aangebreek het? Is ons ook bewus daarvan en leef ons in afhanklikheid van Hom, dat ons tydelik, sterflik is?

Veral die 8ste dag – Die Groot Laaste Dag – die naam alleen sê vir ons dat dit net moontlik is dat Yeshua op die dag, een of ander jaar, gaan kom OF dat Hy tydens Sukkot gaan kom en dat die dag die laaste van die bestaande aarde sal wees? Ek weet nie, maar wat ek beslis weet is **DAT HY KOM.**

Alhoewel Shimgat Torah nie ‘n opdrag fees is nie, is dit ‘n wonderlike geleentheid vir ons om weereens vir Yeshua te loof as vervulling, vervolmaakmaking en die Een wat Wet geword het vir ons. Hulle loop in die strate en dans met die boekrolle van die wet op hulle skouers – ons wat beweer ons het meer as die wet is te skaam om die Afgesonderde Gees of die Woord van God te vier!!!! Kom ons wees bly en verheug ons oor Sy Woord.

Yeshua kom weer!! Kom gou Yeshua en klee ons met wit!

Opsommend

Die Skepper-God het vir ons sewe feeste gegee. Sewe is die getal van volmaaktheid of voltooidheid. As ons enige fees wegvat of bysit, is dit nie meer voltooid en volledig nie. Dit is hoe God nog altyd gewerk het. Hy doen niks onvolledig nie, daarom aanvaar ons geen ander feeste met heidense oorsprong nie en laat ons geen van Sy feeste weg nie. So kan ons ‘n volledige ervaring van God en Sy liefde vir ons hê. Dit is nie om verdienste van ons verlossing dat ons dit doen nie, maar omdat Hy ons die opdrag gegee het, waardeur ons Sy werkinge en verlossing beter kan verstaan.

Ek wil jou nooi om meer te leer van Sy feeste en Sy bemoeienis met ons. Daar is geen beter manier as om dit te doen nie.

16. Erkenning

Baie van hierdie werke is geskryf terwyl ons in die sendingveld in die Ooste was waar ek geen fisiese bronne, behalwe die Woord van יהוה, tot my beskikking gehad het nie en wat ek van ander geleer het oor die jare, wat ek geles het of gehoor het, daarom sal u my vergewe as ek moet sê dat ek in baie gevalle nie weet uit watter bron ek iets geleer het nie. Aan יהוה, die Enigste God, Skepper van die heelal, alleen die eer en lof vir wat Hy deur Sy Gees in ander en my hart geplaas het. Aan Hom die dank.

Die wat ons wel van weet vir beide die boeke, wil ons graag noem:

1. Vir die persoonlike name en Bybelboeke - **Complete Jewish Bible** - Dr David H. Stern (Jewish New Testament Publications, Inc)
2. **Jewish virtual Library** - www.jewishvirtuallibrary.org
3. Lering op DVD deur **Dick Reuben**.
4. **The Peshitta Aramaic-English New Testament**- An Interlinear Translation - Translated (with notes and commentary) by Rev. Glenn David Bauscher - Lulu Publishing
5. **The Peshitta NT English-Aramaic & Aramaic-English Dictionary** by Glenn David Bauscher - Copyright © 2007 Lulu Publishing
6. Our Father Abraham - Marvin R. Wilson (Wm. B. Eerdmans Publishing Company)
7. Lesings op DVD van Prof. Walter J Veight oor die Roomse Geskiedenis, die merk en teken.
8. Lering op DVD deur Dick Reuben oor die Tabernakel.
9. **e-sword version 7.9.8** - Copyright 2000-2007 Rick Meyers. Gratis by www.e-sword.net.
10. **Pharos Afrikaans-Engels/Engels-Afrikaanse Woordeboek/Dictionary** Uitgegee deur Pharos Woordeboek- Kopiereg © 2008 streng voorbehou

‘n Lekker saamwerk-dankie aan my vrou, Hanlie, vir die proeflees, vrae en geduld oor die jare. Dankie ook aan Herman Nel en Theuns Duvenhage vir die proeflees en waardevolle insae.

Mag Die Skepper-God u leer, soos vir ons en mag u Sy volheid ervaar.

Gerrie C Coetzee

17. Die Haggadah

Die Seder – Die Volgorde van die Pesagmaal - Verander en aangepas.

Hierdie is die orde waarin ons Pesag hou in ons huis (die ordes verskil van huis tot huis) – Kinders van Die Gesalfde Een kan verander – vervang - aanvul – soos u persoonlik gelei voel. Niks hiervan, behalwe die vertel van die storie, voorbereiding en eet van die lam (wat nou deur Yeshua vervang word) en om ongesuurde brood te eet, is Bybelse wette nie, maar deur die tradisie vasgestel. **Hierdie is 'n Seder wat meestal klem lê op die opdragte en vervullings in Yeshua.**

* **Dit is die fees van skeiding** - Slegs dié wat besny is mag daaraan deel en die simbole gebruik = **Eks 12:43** - Besnydenis – nou van die Gees – **Kol 2:11**. Niemand anders nie. Dit is slegs vir die Wedergebore Kinders van God wat die Liggaam en Bloedverbond van Yeshua deelagtig geword het en erken!

Pesag herdenk dat God ons uit Egipte (die sonde) gered het. Na 400 jaar van slawerny in Egipte, het Moshe namens God vir Farao gesê “Laat My mense gaan.” Elke keer as Farao geweier het, het God nog ‘n plaag oor die Egiptenare gebring. Die tiende en laaste plaag was die dood van die eersgeborenes. In die uitvoer van die plaag, het ‘n doodsengel deur die land Egipte gegaan, maar verby die Yisra'eliese huise, wat die teken van bloed aan die kosyne gehad het en daarom is dit genoem “om oor te sien” = Pesag. Die volk is toe bevry van slawerny. Maar die volk het eers werklik vry geword toe hulle, 50 dae na die uittog, die Torah van God op die berg Sinai ontvang het. So is die nasie van Yisra'el gebore. Elke Pesag, word ons beveel om die storie te vertel.

* **Ons is almal bevry uit Egipte** – die slawehuis van sonde.

Drie van die sinoptiese evangelies sê dat Yeshua tydens die nag van die Pesag gevang is. Hy word daardeur met die Pesaglam geïdentifiseer, want Hy is geoffer om ons te bevry van die sonde. En soos die bloed van die lam die wat in Egipte was, gered het, so red die bloed van Yeshua hulle wat vertrou in Hom, van die straf van die sonde, **Efe 2:13; Heb 10:19; 1 Yog 1:7. Daar is nie nog 'n offer om te bring nie.**

* **Alles gaan om Yeshua** en Hy is in elke simbool, **1Kor 5:7**.

Sommige van die dae is “yom tov’s”, *volle feesdae* (Spesiale Shabatte). Volgens die Bybel, doen jy nie jou gewone werk op yom tov [letterlik “dag goed”], nie en spandeer jy al jou energie aan die dag. Die ander dae is “hol hamoed,” tussen dae. Hierdie dae is nie so belangrik soos yomim tovim nie [meervoud van yom tov]; meeste mense gaan aan met hulle gewone besigheid tydens hol hamoed dae. Hierdie dae tydens die Fees van Ongesuurde Brode word gehou deur die eet van matzah en wegbly van hametz (suurdeeg) wat ‘n simbool is van sonde. Die eerste en laaste dae van die 7 dae na die Pesag “Dag van voorbereiding” is Shabatte. D.i. die eerste en laaste dag van die Fees van Ongesuurde Brood. Jode verwys na die hele fees as Pesag - **Lev 23**. Die Sondag – eerste dag van die week wat tydens die 7 dae val, is die dag waarop die gerf voor God gewaai word vir die aanvaarding van die oes – **Yeshua se opstanding.**

* B'rekah `Hametz – Eks 12:19

Na donker – die dag voor Pesag is daar ‘n soektog deur die kinders na suurdeeg wat deur die skoonmaakproses gemis is. ** **Pas op dat daar geen vergelyking met die soektog na paaseiers in die heidense fees is nie.** Huise met kinders wat nou na die waarheid oorskakel moet hierop let.

Suurdeeg is die simbool van die sonde waarvan ons ontslae moet raak uit ons lewens uit. Dit is tyd om te konsentreer om alle sonde uit ons lewe te kry en dit is hierop wat ons as huis hierdie week konsentreer.

Voor die soektog word die volgende gebed:

Barug Atah Adonai, Eloheinu Meleg Ha-olam, Asher Kidshanu B'Mitzvotav, Vitzivanu Al Bi'ur Gametz.

Ons vereer U, יהוה, ons God en Heerser van die heelal, wat ons afsonder deur U opdragte en ons beveel het om van suurdeeg ontslae te raak.

* **Beeld** – soektog vind plaas met papiersak – houtlepel en veer.

Na die soektog moet die volgende in ‘n taal wat deur die deelnemers verstaan word gesê word. “Mag alle suurdeeg en produkte met suurdeeg wat in my besit is en ek nie van weet of gesien het nie, gekanselleer word en beskou word as stof van die aarde.”

Die suurdeeg wat gevind is, word verbrand.

* **Pesag is op die eerste dag van volmaan van die eerste maand Aviv (Nisan).**

Berei die Pesagbord voor:

Die ses simboliese items - zeroa, beitzza, karpas, maror, gazeret, garoset – wat op die sederbord kom: Pietersielie – Eier – Die heupbeen – Maror = Radys – Soutwater - Garoset (Resepte by ons te kry) - Ons gebruik nie al die simboliese items nie - die eier en heupbeen is onnodig as Yeshua die totale vervanging is.

Die volgende is nodig vir die tafel van die Pesagseder:

- Feestelike tafeldoek en servette
- Borde, bakkies, glase.
- Klein houers soutwater om iets in te druk
- Genoeg druiwesap sodat elkeen ten minste vier glase kan kry.
- ‘n Bord of doek met drie stukke Matzah.
- Sederbord met simboliese items (nie nodig vir 'n spesiale bord nie)
- Haggadot - mv. van Haggadah = Seder orde en storie, vir elke plek, (hierdie boekie.)

As sop ook bedien word saam met die ete kan dit sommer uit die kombuis bedien word klaar in borde. Die soutwaterbakkies, seder items en die druiwesap moet oor die tafel versprei word sodat almal toegang daartoe het. Op die bord van die persoon wat die Haggadah lei moet eers die bord met drie Matzah geplaas word en die sederbord bo-op.

Die vier bekere verwys na die vier belofes wat God aan Moshe gemaak het –

Eks 6:6-7

“...Ek sal jou **vrymaak (Afsondering)** van die las van die Egiptenare, jou **bevry (Bevryding en oordeel)** van hulle las. Ek sal jou **verlos (Redding)** met ‘n uitgestrekte arm en deur uitermatige swaarkry. En Ek sal jou as **My volk vat (Lofprysing)**..”

Hier is ‘n basiese uitleg van die seder (orde):

- Die dag word afgesonder
 - # Barug Atah Adonai, Eloheinu Meleg Ha-Olam, She-hegeyanu, V’ki-y’manu, V’higi-anu La-z’man Hazeh.
 - # Ons vereer U, יהוה, ons God en Heerser van die heelal, dat U ons aan die lewe gehou het, ons in stand gehou het en ons in staat gestel het om hierdie seisoen te bereik.
- LIGTE - KERSE (Teken van die verwagting van Die Gesalfde Een) - Opsioneel - ons doen dit nie - daar is geen so opdrag in die skrif nie.
- DIE EERSTE BEKER - Ek sal jou **vrymaak** van die las van die Egiptenare
 - # Maak die bekere vol vir die kidush [afsondering].
 - # Barug Atah Adonai, Eloheinu Meleg Ha-Olam, Borei P’ri Hagafen.
 - # Ons vereer U, יהוה, ons God en Heerser van die heelal, Skepper van die vrug van die wingerd.
 - # Drink van die glas / beker.
- URGATZ – WAS VAN DIE HANDE – **Ps 24:3-4** (Op hierdie stadium van die seder het Yeshua die studentevolginge se voete gewas as voorbeeld van diens aan mekaar en versorging van hulle wat reeds gewas is in Sy bloed.) Hierdie is nie 'n fisiese opdrag nie en kan vrywilliglik gedoen word.
- VOORGEREG “KARPAS”
 - # Doop ‘n stukkie pietersielie in soutwater. Verteenwoordig die hissop en ook die trane van swaarkry.
 - # Barug Atah Adonai, Eloheinu Meleg Ha-Olam, Borei P’ri Ha-adamah.
 - # Ons vereer U, יהוה, ons God en Heerser van die heelal, Skepper van die vrug van die aarde.
 - # Eet die stukkie groen.
- DIE AFIKOMEN “YACHATZ” Verdeling van die matzah = Sak van eenheid
 - # Daar is drie stukke matzah op die bord. Dit is gebruiklik om 2 Gallah brode op die tafel te hê op Shabbat en feesdae ter herinnering aan die dubbelporsies manna wat in die wildernis geval het voor Shabbat (**Eks. 16:22**). Aangesien ons die middelste matzah aan die begin van die Seder breek, moet ons met 3 begin sodat daar 2 oorbly vir die ete.
 - Kan nie Gallah wees nie, want dit bevat suurdeeg.

Op hierdie punt van die Seder, breek ons die middelste van die drie matzah. (simboliek verduidelik)

Afikomen: Die grootste deel word weggesteek as die Afikomen. Dit is tradisie om vir die kind wat die Afikomen vind ‘n prys te gee. Dit word gedoen om die kinders betrokke te hou tot die einde. Die Afikomen word later in die seder geëet.

Brood van verdrukking: Die kleiner deel word tussen die ander 2 gelos as die brood van verdrukking. Die breek van die matzah verteenwoordig die brood van verdrukking aangesien mense in verdrukking eerder krummels eet as heel brode. Dit word nou openbaar en aangekondig:

“Hierdie is die brood van verdrukking, die brood van armoede wat ons voorvaders in Egipte moes eet. Laat almal wat honger het kom en eet. Laat almal wat slawe is van hulle begeertes, kom. Terwyl ons dit hier geniet deel ons met almal oral. Nou voel ons almal ons bande – Volgende jaar mag ons almal vry wees. Laat almal wat die betekenis van slawerny wil ondersoek en sy gevolge en almal wat honger om hulle geestelike vryheid te beoefen, saam met ons die Fees van Matzah hou.”

- **MAAK DIE TWEDE BEKER VOL**

Die bekere word gevul, maar nog nie gedrink nie.

- **DIE PESAGSTORIE - Maggid – Eks 12**

“En jy sal jou seun vertel” (Eks 13:8)

Slawerny

Ya’akov het sy familie na Egipte gebring om by Yosef te wees, wat eerste-minister oor Egipte geword het. Na ‘n tyd het die kinders van Yisra’el vermeerder in Egipte. Farao was bang dat hulle te sterk en invloedryk raak. Hy het hulle begin onderdruk en slawe van hulle gemaak om hulle te verswak. Die Yisra’eliete is verplig om stede te bou, monumente op te rig, paaie te bou en in die kleigate te werk om stene te maak. Ten spyte van die onderdrukking het die Yisra’eliete steeds vermeerder. Toe het Farao besluit dat al die seuns van die Yisra’eliete gedood moet word by geboorte.

Moshe

Ya’akov se agterkleinseun, Amram, uit die geslag van Levi, getroud met Yogeved, het ‘n dogter Miryam en ‘n seun Aharon gehad. Yogeved het geboorte gegee aan ‘n derde kind – ‘n seun. Om hom te red van die soldate van Farao het sy hom in ‘n mandjie in die biesies van die Nyl gesit. Toe Farao se dogter in die Nyl kom bad het, het sy hom ontdek. Sy het hom Moshe (uitgehaal) genoem en besluit om hom self groot te maak in die paleis. Sy het Yogeved gehuur om na hom te kyk. Soos Moshe groot geword het, het Yogeved hom vertel van sy Avrahamitiese erfenis.

Plae

Die swaarkry van die Yisra'eliete het vererger. Toe Moshe 80 jaar oud was het hulle die paleis van Farao binnegegaan om 'n boodskap oor te dra: “Die God van Yisra’el het gesê, “Laat My mense gaan sodat hulle My kan aanbid.” Farao het nie in die God van die Yisra’eliete geglo nie en hy het geweier om die Yisra’elietiese slawe te laat gaan. Toe Farao voortgaan om te weier om hulle vry te laat, het Moshe en Aharon hom gewaarsku dat God hom en sy mense sal straf.

‘n Druppel wyn word tradisioneel 3 maal vir elke plaag gestort op die bord terwyl die plaag genoem word – met ‘n dankgebed tot God dat Hy ons gered het van die plaeg deur die bloed van die Lam. (Doen dit as jy wil, maar dit is nie 'n opdrag nie)

1. Die waters van Egipte het in bloed verander.
2. Die hele land is oordek met paddas.
3. Luise het uit die stof gekom om die hele Egipte te oordek.
4. Swerms stekende insekte het oor die land getrek en alles vernietig. Na hierdie plaag het Farao belowe die Yisra’eliete kan gaan as hulle nie te ver gaan nie. Moshe het tot God gebid en die stekende insekte het verdwyn, maar net toe hulle weg is, het Farao van plan verander en geweier dat die Yisra’elietiese slawe vry gaan.
5. ‘n Dodelike pes het meeste van die diere van die Egiptenare doodgemaak.
6. Swere breek uit oor mens en dier in Egipte.
7. Hael en vuur slaan alles dood wat nie onder skuiling is nie.
8. Swerms sprinkane vernietig alles wat nie reeds vernietig is nie.
9. ‘n Kombers van duisternis oordek Egipte – behalwe Gosen waar die Yisra’eliete bly.
10. Ten laaste sterf alle eersgeborenes van die Egiptenare – insluitende Farao s’n.

Op hierdie punt het Farao vir Moshe en Aharon geroep en gesê: “Staan op vanuit my mense, julle en die kinders van Yisra’el en gaan, dien die God soos julle wil en praat ook goed van my.”

Eksodus

Die Yisra’eliete is inderhaas uit Egipte uit. Hulle het in hulle huise bymekaargekom en die Pesaglam en die matzah geëet volgens God se opdrag. Toe, nadat die son opgekom het op die 15 de van die maand Nisan (Aviv), het die Yisra’elietiese nasie opgestaan en saam uit Egipte uitgetrek. Na drie dae het Farao berou dat hy die Yisra’eliete laat gaan het. Hy het sy weermag gemobiliseer en agter die slawe aangegaan. Hy het hulle ingehaal by die Sufsee. Toe praat God met Moshe: “Lig op jou staf – steek jou hand uit oor die see en verdeel dit en die kinders van Yisra’el sal deur die see gaan op droë grond.” Moshe het gedoen soos God beveel het. Toe het die waters van die

see verdeel. Die Yisra'eliete het op droë grond deur die see geloop, totdat almal anderkant was. Die Egiptenare het hulle gevolg, maar die water het oor hulle toegemaak en al Farao se soldate is saam met hom dood.

Geboorte van die volk van Yisra'el.

So het God die kinders van Yisra'el bevry uit die hand van die Egiptenare en die kinders van Yisra'el het Sy groot krag gesien en in Hom vertrou.

Die lam Eks 12:3-13

Op die 10de van die maand is die lam gekies en ondersoek tot die 14de – vergelyk met Yeshua se verhaal.

- DIE VIER VRAE - Ma Nishtana. Gevra deur jongste persoon of kind - Yoganan was jongste van Yeshua se afgevaardigdes.
 - # Hoekom eet ons net matzah?
 - # Hoekom eet ons maror (bitter kruie)?
 - # Hoekom doop ons die karpas in soutwater en die maror in die garoset?
 - # Hoekom lê ons na die linkerkant toe aan by die tafel?

- DRINK DIE TWEDE BEKER- “en jou **bevry** van hulle onderdrukking”
 - # Barug Atah Adonai, Eloheinu Meleg Ha-Olam, Borei P’ri Hagafen.
 - # Ons vereer U, יהוה, ons God en Heerser van die heelal, Skepper van die vrug van die wingerd.
 - # Drink die beker

- DAYENU - LIED - Tradisie met 'n goeie lering wat gebruik kan word
 - # Dayenu is die lied wat die Pesagstorie voltooi. Die lied loof God vir die wonderwerke wat Hy op die volk van Yisra'el laat neerkom het, vanaf die bevryding uit Egipte tot by die bou van die tempel in Yerushalayim.
 - # Dayenu beteken = dit sou genoeg gewees het – alternatiewelik: sing ‘n lied wat Hom loof.

- ANTWOORD DIE VIER VRAE
 - # Omdat ons haastig moes vertrek en nie tyd gehad het om die brood voor te berei nie.
 - # Om ons te herinner aan die bitterheid van slawerny.
 - # Die soutwater is ons tranes, die garoset is die sement waarmee ons Farao se geboue moes bou.
 - # Om te wys ons is vry en nie meer slawe nie.

- MATZAH
 - # Barug Atah Adonai, Eloheinu Meleg Ha-Olam, Hamotzi Legem Min Ha'aretz.
 - # Ons vereer U, יהוה, ons God en Heerser van die heelal, wat brood uit die land laat kom.
 - # Barug Atah Adonai, Eloheinu Meleg Ha-Olam, Asher Kid'shanu B'Mitzvotav V'Tsivanu Al Agilat Matzah.
 - # Ons vereer U, יהוה, ons God en Heerser van die heelal, wat ons afsonder deur U opdrag en ons die voorskrifte gee oor die Matzah.
 - # Eet van die matzah.

- MAROR [BITTER KRUIE]
 - # Neem van die bitter kruie [gewoonlik radyse] met 'n stukkie matzah
 - # Dit is hier in die seder waar Y'hudah van Keriot uitgeloop het.
 - # Barug Atah Adonai, Eloheinu Meleg Ha-Olam, Asher Kid'shanu B'Mitzvotav V'Tsivanu Al Agilat Maror.
 - # Ons vereer U, יהוה, ons God en Heerser van die heelal, wat ons afsonder deur U opdrag en ons die voorskrifte gee oor die eet van bitter kruie.
 - # Eet die bitter kruie.

- HILLEL TOEBROODJIE “KOREG”
 - # Maak en eet 'n matzah toebroodjie met maror and garoset [gegeurde vrugtesous gemaak van appel, kaneel en neut]

- DIE MAALTYD - Shulgan Oreg
 - # Sommige eet 'n eier gedoop in soutwater om die lam te vervang aan die begin van die maal. Die Wedergebore kind van God het egter geen ander teken nodig nie – Die Lam is geslag.
 - # Pasop vir enige geregte met 'n vorm van suurdeeg in.
 - # Bedien en eet die vooraf voorbereide maaltyd.

- DIE ETE WORD BEDIEN

- DANKGEBED NA DIE MAALTYD - Bareg
 - # Ons is gereed om te sing en dankie te sê vir die kos wat ons geëet het, waardeur ons leef. Laat daar kos wees vir almal, oorvloedig en gesond. Mag ons met wysheid die kos kies wat ons deur ons werk en rus in stand hou.
 - # Singend soos ons ingaan: soos die Afgesonderde Een ons inneem in die Beloofde land; ons monde met gelag gevul en ons tonge singend van vreugde, dan sal al die nasies sê: “Die Afgesonderde Een het groot dinge vir hulle gedoen.”

Inderdaad, die Afgesonderde Een het groot dinge vir ons gedoen en ons verheug ons. Hulle wat gehuil het as hulle plant, oes nou met vreugde! Ons kon aangegaan het deur sluiers van trane, ons saad dra in trane; nou kom ons in vreugde, ons kinders in ons arms.

- # Vriende, die tyd om dankie te sê vir wat ons geëet het, het aangebreek.
- # Mag die Bron van alles geloof word deur al die eeue heen!
- # Met julle toestemming, vriende, loof ons die Bron uit wie se hand ons geëet het.
- # Loof die Bron waaruit ons eet; Hy is vir ewig verhewe!
- # Ons vereer U, יהוה, ons God en Heerser van die heelal en van tyd, U voed die ganse skepping in U goedheid, guns van aanvaarding, liefdevolle goedheid en genade. Vanaf die bron kom brood vir alle vlees, as gevolg van Sy onbeperkte liefdevolle goedheid. En in U groot goedheid onttrek U nooit van ons nie en sal ons nooit kos kortkom nie, nou of ooit. Ons vereer U, יהוה, wat kos gee vir almal.
- # En mag U gee dat Yerushalayim herbou word in ons tyd. Loof die Bron van alles, die genadige bouer van Yerushalayim.
- # Mag die Een wat vrede bring in die realms buite ons bereik, gee dat vrede by ons bly, vir die ganse Yisra'el; asook vir die wêreld en op dit sê ons: Dit is waar!!
- # Mag die Bron van alles uithouermoë gee aan Sy kinders, mag die Bron Sy kinders omvou met Shalom.
- # Barug Atah Adonai, Eloheinu Meleg Ha-Olam, Hazan et Hakol . . .
- # Ons vereer U, יהוה, ons God en Heerser van die heelal, vir die kos wat ons geëet het. . .

- VIND DIE AFIKOMEN - Tzafoon – Ek kom

- # Gewoonlik soek die kinders na die Afikomen en ‘n prys word uitgegee.
– **opsioneel.**

- EET DIE AFIKOMEN

Die brood van verdrukking (die ander deel wat gehou is) word nou die brood van verlossing

- # Sit dit weg vir die jaar – as siek is haal uit en breek af.
- # Die afikomen is die brood wat Yeshua gebreek het en verklaar het dat dit Sy liggaam is - dit eet ons nou.
- # Barug Atah Adonai, Eloheinu Meleg Ha-Olam, Asher Kid'shanu B'Mitzvotav V'Tsivanu Al Agilat Matzah.
- # Ons vereer U, יהוה, ons God en Heerser van die heelal, wat ons afsonder deur U opdrag en ons die voorskrifte gee oor die matzah.
- # Elkeen eet ‘n klein deel van die Afikomen – en onthou

- DIE DERDE BEKER: =” Ek sal jou red”

- # Maak die beker vol.
- # Verduidelik die Verbond deur die bloed van Yeshua.
- # Voorbeeld van huwelik
- # Barug Atah Adonai, Eloheinu Meleg Ha-Olam, Borei P’ri Hagafen.
- # Ons vereer U, Adonai, ons God en Heerser van die heelal, Skepper van die vrug van die wingerd.
- # Drink van die beker.
- # Yeshua se stelling – Ek sal nooit weer drink van die beker totdat.... **Luk 22:18**

- HALLEL: ‘N PSALM van LOF - **Ps 114 en Ps 113** is voorbeelde.
- DIE VIERDE BEKER - “En Ek sal jou neem as My volk”
Hierdie woorde is 'n vervulling van die verbond.
Maak die beker vol.
Barug Atah Adonai, Eloheinu Meleg Ha-Olam, Borei P’ri Hagafen.
Ons vereer U, יהוה, ons God en Heerser van die heelal, Skepper van die vrug van die wingerd
Drink van die beker. Soms neem ons nie die 4de beker nie, omdat Yeshua verklaar het Hy sal nie weer van die beker drink, totdat Hy vir ons wag met die beker in Sy Vader se Teenwoordigheid nie.
- NIRTZEH - LIED
Die Pesagseder is klaar volgens tradisie, voorskrifte en wet. Soos ons waardig was om dit hierdie jaar te vier, mag ons dit in hieropvolgende jare vier. O, U wat rein is in die hemele, herstel die vergadering van U kinders. Lei U kinders haastig na U Teenwoordigheid in vreugde. Volgende jaar in die Nuwe Yerushalayim!
Dit is waaroor die Seder is – God se verlossing van Sy kinders en die naderbeweeg aan die finale bevryding in Hom.

**‘Y’varekh’kha Adonai v’yeshmerekha
Ya’er Adonai panav eleikha vigunekha
Yissa Adonai panav eleikha v’yasem l’kha shalom**

**Mag Yahuah goed praat oor jou
En jou onderhou.
Mag Yahuah se gesig oor jou skyn
En jou Sy onverdiende guns gee.
Mag Yahuah Sy gesig na jou toe draai
En aan jou Shalom gee.**

Die Skrywer

Gerrie C Coetzee is in die Vrystaat gebore in 1955 en is getroud met Hanlie, wat as Sendelingsdogter in Malawi opgegroeï het. Onderwyl besig met sy teologiese studies, het hy besef dat daar 'n verskil is tussen teologie, leerstellings en die waarheid in Die Woord van יהוה. Hy het in 'n Chemiese rigting gekwalifiseer en 'n tyd in die industrie gewerk.

Gerrie het sy studies deur korrespondensie by internasionale Bybelskole voortgesit. יהוה het hom egter geroep na sy oorspronklike roeping om alles op te gee en in geloofsafhanklikheid die sendingveld van omgee vir die nasies in te stap – eers met uitreikings na die Verre Ooste, Europa en Afrika, maar later permanent na Taiwan, waar hulle Manderyns-Chinees studeer het aan die Fung-Chia Universiteit en later na Indië – waar hulle onder die Tibetane gewoon en gewerk het en gedeeltes van die Nuwe Verbond in Tibetaans vertaal en 'n dissipelskapboek in Tibetaans / Engels parallel geskryf het. Vader het hulle terug gebring Suid-Afrika toe, na 15+ jaar in die Ooste, met die opdrag om Die Waarheid van Sy Woord ook in Afrikaans te bring. Hy het sy M.A. in 'Comparitive Religions' ontvang vir sy werk oor Eksoteriese en Esoteriese Boeddhisme, die oorspronklike Koptiese Kerk se leer en die Poësie en Prosa in Hebreeus.

Deur Gerrie se leringsbediening het verskeie Huiskerkgemeentes in die wêreld tot stand gekom en is dit steeds sy praktyk.

Hulle bly tans in Pretoria waar hy werk aan "Die pad van Waarheid tot die Lewe" – 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel vanuit die Aramees en huisgroepe in die omgewing bedien. Gerrie se 2 oudste dogters is reeds getroud en hy is ook reeds oupa. Gerrie en Hanlie se oudste seun is tweede jaar student in Argeologie en Antieke Midde-Oosterse Geskiedenis en die jongste dogter doen tuisonderrig.

gerrie@padwlewe.ch
padwlewe@yahoo.com
2011

Ander materiaal deur dieselfde skrywer:

God of the Covenant
Feasts of the Covenant

DVD opnames in Afrikaans en Engels oor:

Die Wet van God
Die Tye van God
Die Naam van God
Aramees as oorspronklike Nuwe Verbond.

gerrie@padwlewe.ch
padwlewe@yahoo.com

Vir vrae, byeenkomste of leringe – kontak ons by die bg. E-pos adres.